# Deus Arx Mea

Nuusbrief van die Malan-Familiebond • Newsletter of the Malan Family Association

✉ 10215, Linton Grange 6015. ☎Tel/Faks (041) 3602640 Jaargang 10 Nr 19 Junie 1999

# 'N MERKWAARDIGE MALAN-FAMILIE

*Regs van die pad uit Wellington na die Bainskloofpas draai die plaaspad net voor Rooihoogte af na die ou familieplaas, Leeuwen Rivier, soos dit vandag bekend staan en ons as kinders dit leer ken het. Hier het Malans reeds oor baie jare geboer, hulle kinders versorg en grootgemaak waarvan sommige se afstammelinge groot bekendheid en roem in later jare op nasionale vlak verwerf het. Dis oor hulle wat ons wil gesels.*

**Daniël Malan**

(b6c4)

*Paarl 22.10.1741 = Paarl 12.11.1741 + Hugenote-kerkhof, Wamakersvallei 10.3.1828

Op die 22ste Oktober 1741 is Danie as die vierde kind van David (b6) in die Paarl op die ouerlike plaas gebore. Op die 12e Februarie 1763 toe hy pas 21 jaar oud geword het, tree hy in die Paarl in die huwelik met die 18-jarige Geertruida Marais (*Paarl 26.3.1745 + Wamakersvallei 14.1.1784).

Skynbaar het Daniël daarna op die ouerlike plaas geboer maar in 1766, toe hy 23 jaar oud was, vertrek die egpaar na Leeuwen Rivier in die Wagenmakers Valleij om daar op hul eie 'n boerdery te bedryf. Dis hier waar al sy en Geertruida se kinders gebore is. By Geertruida het Daniël agt kinders gehad, vyf seuns en drie dogters. Van al die kinders is, vir daardie dae wonderbaarlike genoeg, slegs een kind, 'n seun, in sy jong jare dood en selfs hy het tot die dertiende dag na sy dertiende verjaardag gelewe.

Op 14 Januarie 1784, drie dae na Pieter, haar jongste kind, se geboorte sterf Geertruida. Bykans vier maande later op 9 Mei 1784 trou Daniël op Stellenbosch weer met 'n Hugenote-afstammeling en 'n boorling van die Paarl, naamlik Debora Naudé (*Paarl 19.9.1747 + Hugenote-kerkhof, Wamakersvallei 3.3.1831). Uit hierdie huwelik is twee seuns en 'n dogter gebore. Die dogter is waarskynlik by geboorte oorlede, maar albei seuns oorleef hulle kinderjare en trou later. Altwee het 'n pragtige kroos gehad, maar die jonger een, Francois Stephanus, het vir die grootste gesorg, naamlik 13 waarvan 8 seuns was. Twee van die seuns is kleindood.

**Francois Stephanus Malan**

(b6c4d12)

*Leeuwen River, Wamakersvallei 4.9.1789 = Paarl (NG) 20.9.1789 + Wellington 30.11.1862

Francois of Frans aanskou die eerste lewenslig op die ouerlike plaas as die jongste kind van sy ouers en, omdat die NG gemeente Wellington nog nie bestaan het nie, word hy, soos almal daardie dae uit die Wamakersvallei, in die strooidakkerk in die Paarl presies 16 dae na sy geboorte gedoop.


Soos so dikwels gebeur het, was dit ook hier die jongste seun wat die boerdery op die familieplaas oorgeneem het. Presies wanneer dit geskied het, is onseker, maar daar kan aangeneem word dat dit nog lank voor sy vader se dood op 10 Maart 1828 was want teen daardie tyd was sy vader al 86 jaar oud. Moontlik het dit reeds teen ongeveer 1810 plaasgevind want toe was sy vader 70 en hy ongeveer 21 jaar oud.

Frans trou op 2 Augustus 1812 in die Paarl in dieselfde kerk waar hy gedoop is, met Maria Magdalena Retief (*Paarl 26.12.1790 = Paarl 9.1.1791 + Wamakersvallei 30.11.1824) die dogter van Johannes Hendrik Retief (= Paarl 28.11.1756 + 25.4.1834) en Margaretha Rossouw (= Paarl 6.1.1760 + 1814) van die Paarl. Daar kan dus aangeneem word dat Maria nie op Stellenbosch nie maar in die Paarl gebore en gedoop is. Inderdaad is sy in die Wamakersvallei oorlede en begrawe. Frans se tweede huwelik was op 5 Junie 1825 in die Paarl met Hester Magdalena Retief (*Paarl 22.9.1801 + Wtn 28.6.1872) die dogter van Pieter Retief en Maria Elizabeth Redelinghuys. Uit hierdie twee huwelike is 13 kinders gebore en dis weereens die jongste van die kroos wat ons aandag verg.

**Daniël Gerhardus Malan**

(b6c4d12e13)

*Leeuwen Rivier, Wellington 31.10,1845 = Wellington 7.12.1845 + Paarl 18.3.1928



**Danie Malan Snr**

Daniël of Danie is op die ouerlike plaas as jongste kind van Frans en Magrieta gebore. Van sy broers en susters was hy die tweede wat in die nuwe gemeente te Wellington gedoop is en wel op 7 Desember 1845.

Danie het sy eerste skoolonderrig van Jan Retief van Bainstraat, Wellington, ontvang waarna hy na die privaatskool van A J Buttermann in Malherbestraat gegaan het.

In 1860 woon hy die skool van die Hollander Conradus Marinus Stucki in die Boven Valleij by. Stucki het hom besonder beïndruk en hom inderdaad beïnvloed om hom aan die onderwysing van die jeug te wy.

'n Jaar later woon hy die klasse van Pieter de Villiers in Dal Josafat by en op 3 Mei 1862 begin sy opleiding as onderwyser by sy neef, F J Joubert van Franschhoek. Sy opleiding as onderwyser word in 1863 aan die Gimnasium in die Paarl onder C Cowan en T S A Hofmann voortgesit. Dis hier waar 'n deputasie uit Groenberg Danie teen die einde van 1863 besoek en hom versoek om hom die pos van onderwyser aan die pasgestigte Groenbergskool te laat welgeval. Hy aanvaar hierdie uitnodiging en op 18 Januarie 1864 begin sy loopbaan as onderwyser aan daardie skool.

Danie het hom in alle opsigte in die onderwys verdiep. So woon hy, waarskynlik omdat hy hom nog nie ten volle opgewasse vir sy taak beskou het nie, later dieselfde jaar waarin sy onderwysloopbaan begin het, privaatklasse op Wellington van ene Mynard by. Hierdie klasse het op 5 Mei 1864 'n aanvang geneem. Dis egter onseker hoe lank dit geduur het en of dit tot enigiets gelei het. Op 2 Mei 1864 is hy aanwesig op Wellington met die stigting van die *Teachers' Association*. Of hy daarvan lid geword het, kan slegs vermoed word.

Toe Danie sy amp as onderwyser begin het, was hy 19 jaar oud. Dit het hom egter nie vir sy verantwoordelikhede en pligte laat terugdeins nie want met hart en siel verdiep hy hom in sy werk. Benewens homself voortdurend vir sy taak beter te bekwaam, samel hy fondse in vir die oprigting van 'n skoolgebou en neem hy deel aan sosiale bedrywighede in sy gemeenskap. Nieteenstaande sy jeug, speel hy hierin 'n leidende rol.

Na vier jaar se vrugbare arbeid, lê hy aan die einde van die derde kwartaal die onderwystuig neer om hom voortaan aan die boerdery te wy. Wat hom inderdaad tot hierdie besluit gebring het, word nie vertel nie. Die vermoede is egter dat sy verloofde se vader, Ryk David Malan (b6c3d9e3: David Johannes Malan *Wtn 30.12.1807 = Paarl 13.2.1808 + Wtn 11.5.1894) en Maria (b6c3d6e9): Maria Christina Malan *Tulbagh 25.1.1818 = Tulbagh 7.3.1818 + Wtn 22.7.1877), nie wou toelaat dat sy dogter met 'n arm onderwysertjie trou nie. Danie gee toe kop, bedank die onderwys, trou daarna met Betsy (Elizabeth Johanna Malan *Wtn 20.10.1848 = Wtn (NG) 10.12.1848 + Wtn 21.7.1926) en gaan boer eers op sy skoonvader se plaas, *De Groene Fonteijn*, Wellington, toe op *Schoongezicht* in Dal Josaphat en ten slotte op *Leeuwenjacht*, Agter-Paarl.

Nadat Danie die boerdery prysgegee het, het hy hom in Victoriastraat, Wellington in sy huis *Pelgrimrust* gevestig. En nog het hy hom nie aan onderwysaangeleenthede en die gemeenskap onttrek nie, want toe die Wellingtonse Skoolraad tot stand gekom het, het hy vir baie jare daarop gedien en só baie bydraes tot die verbetering van sy kerk en gemeenskap gelewer.

Gedurende al die jare wat Danie hom aan die boerdery gewy het, het hy nooit sy eerste liefde vergeet nie. Eers in Dal Josafat en later in Agter-Paarl het hy hom voortdurend beywer vir die daarstelling en verbetering van onderwysgeriewe vir die kinders van daardie omgewings.

Hy was 'n belese man wat sy kennis en wysheid vir die welsyn van sy gemeenskap aangewend het. Hy het goeie en toegewyde onderwys gelewer, gesonde dissipline gepaard met 'n besieling vir leerlinge gehandhaaf. Later hy baie van sy oudleerlinge hom met groot piëteit op die hande gedra.

Hy het aan selfverbetering geglo, dit self gehandhaaf en terwyl hy op *Leeuwenjacht* geboer het spoedig 'n debatsvereniging gestig met die doel om deur selfopvoeding die jongmense se verstandelike vermoëns te prikkel. Met selfopgedane kennis is 'n mens in staat om ten alle tye en onder alle omstandighede jou waardig te gedra en by oud en jonk bemind en aangenaam te maak. So het hy geglo en daarom het hy as doel van die debatsvereniging gestel dat dit moes strek om die hand van gemeenskaplike omgang te versterk en voortdurende hegter te maak.

In die ouerlike huis op *Leeuwenjacht* het Danie die eerste beginsels van ware Christelike deug geleer en in sy ouers 'n voortreflike voorbeeld vir sy eie lewe gehad. Daarbenewens het hy en Betsy 'n ernstige strewe na selfkennis en verbetering openbaar, iets wat hulle by al hul kinders ingeprent het. Insgelyks het hulle hul godsdiensgesindheid, wat die grondtoon van hulle lewe was, by hulle kinders ingeskerp. Tog het hulle hul nie van die gemeenskap se gesellige verkeer afgewend nie, maar inderdaad dikwels die leiding geneem waar die geleentheid hom voorgedoen het. Danie was hardwerkend en steeds bereid om die publiek, selfs met groot persoonlike opoffering van tyd en kragte, te dien.

Naas as sy bedrywighede was hy 'n waardige ondersteuner van sy kerk. So was hy diaken en ouderling oor baie jare en het hy dwarsdeur sy lewe sy kerk getrou in alle opsigte gedien. In sy gemeenskap was hy 'n gesiene leier. Hiervan getuig sy lidmaatskap van die Paarlse Afdelingsraad vanaf 1880 tot 1910. Hy het verskeie kere op die Wellingtonse munisipale raad en op die skoolraad gedien.

Volgens getuienis van sy seun, Frans, was hy "in die politiek besadigd, was sy oordeel té gesond vir hom om die rol van die ultra-partyman te kon speel en het hy steeds die gulde middeweg bewandel." Nooit het hy hom laat beweeg om met die uiterste seksies mee te gaan nie. Dié eienskappe het hy veral openbaar in sy jarelange voorsitterskap van die Agter-Paarlse tak van die Afrikaner Bond. Sy verstandige raadgewinge en besadigde opinies is op Bondskongresse, waar hy dikwels sy tak verteenwoordig het, hoog op prys gestel. Daardeur kon hy telkens gevoelens wat hoog geloop het, kalmeer. Sy skoonseun, Lars F Franzsen, kon van hom getuig dat hy 'n eerlike patriot was wat altyd na eenwording en eensgesindheid gestrewe het. Dit alles was sekerlik die gevolg van sy breë staatkundige beskouinge.

Hy was lief vir geselskap en het dwarsdeur sy lewe 'n reislus openbaar. Self het hy elf binnelands onderneem, geen geringe onderneming in daardie jare nie. 'n Voorgenome reis na Europa is gekanselleer vanweë 'n haelstorm wat sy druiweoes vernietig het.

Danie se algemene bekwaamheid, weetgierigheid, vlyt en ondernemingsgees het van hom 'n goeie politieke en gemeenskapsleier en bestuurder gemaak wat met oorleg baie in die samelewing en boerdery vermag het.

Die broers, Frans en Danie, som hul vader en moeder se deugde soos volg op: Hulle was 'n diep gelowige egpaar met liefde vir hulle medemens, liefdadig veral met betrekking tot hulpbehoewendes en vir hulle het die genade van die Here onder andere bestaan in die onuitspreeklike groot voorreg van geboortig te gewees het uit 'n geslag waarvan hul die kosbaarste geestelike en verstandelike talente geërf het, dat hulle in Christelike huisgesinne opgevoed is, dat hulle deur 'n besondere sameloop van omstandighede of bestiering as man en vrou van karakter bymekaar uitgekom het en mekaar in alle opsigte aangevul het. Hulle het dissipline in die huis op 'n liefdevolle wyse gehandhaaf, hulle was veral in die boerdery verligte mense, het baie gelees en vir leesstof in die huis gesorg. Daarby was hulle uiters welsprekend en besonder intelligent. Hulle was warm patriotte en het hulle kinders tot getroue diens aan land en volk opgevoed en inspireer.


Danie en Betsy het 14 kinders gehad waarvan vier seuns en twee dogters klein dood is. Die merkwaardigste is dat van die ses seuns wat grootgeword het, drie in die besonder hul merk in die politieke en kerklike lewe van Suid-Afrika gemaak het en was dit nie vir sy vroeë dood nie, sou nog 'n seun dit ver gebring het want, volgens alle aanduidings, was hy beslis belowend. 'n Mens wonder soms wat van die dogters sou geword het indien hulle dieselfde geleenthede gehad het soos vrouens vandag geniet. Immers weet ons van een wie se een seun, Danie Franzsen, dit baie ver gebring het. Nou dat ons die ouerpaar beter leer ken het en sien uit watter soort huis die kinders gekom het en watter soort opvoeding hulle ontvang het, kan ons na vier van hulle, naamlik Frans, David, Danie en Charlie in groot besonderhede kyk.

☞

INTERNATIONAL MALAN REUNION AND SOUTH AFRICAN MALAN TOUR

REFER TO PAGE 30

**Francois Stephanus Malan**
(b6c4d12e13f2)
*Leeuwen Rivier, Wellington 12.3.1871 + Kaapstad 31.12.1941


***Frans Malan***

Frans of FS, soos Francois Stephanus Malan algemeen bekend gestaan het, was die tweede kind van 'n gesin van 14 kinders. Vroeg reeds het hy met die dood kennis gemaak want 'n maand voor sy derde lewensjaar sterf sy suster wat net na hom gebore is. Kort daarna volg Daniël op 5 maande leeftyd en vanaf 1888 tot 1896 volg nog drie sussies en boeties waarvan die oudste skaars 5 jaar oud geword het. Hierdie ervaring moes FS sterk onder die indruk van die kortstondigheid van die lewe gebring het. Geen wonder dat hy sy sewentig jare so vol geprop het nie.

Hoewel Frans op *De Leeuwen Rivier* gebore is, het sy ouers kort daarna op *Schoongezicht* gaan boer en dis hier waar hy sy eerste skrede gewaag het. Vanaf 1874 boer hulle op *Leeuwnjacht* en dis hier waar FS in 'n liefdevolle en godsdienstige huis grootgeword het. Die res van sy lewe sou deur hierdie agtergrond bestraal word. Daarvan getuig in die besonder sy sin vir regverdigheid, billikheid en eerlikheid wat hy nie slegs as joernalis maar ook as politikus onwrikbaar openbaar het.

FS begin sy skoollewe in die skooltjie wat sy pa op hulle plaas laat oprig het en matrikuleer daarna in 1889 aan die Hoër Jongenskool, Paarl. Hy sit sy onderrig voort aan die Victoria-kollege, Stellenbosch, waar hy in 1892 die B.A. met lof in Wis- en Natuurkunde verwerf. Hy sien onder leiding van dr Andrew Murray daarvan af òm predikant te word en studeer dan in die Regte aan die Universiteit van Cambridge waar hy in 1894 LL.B. verwerf. Op Stellenbosch en in Cambridge tree hy dikwels saam met genl. J C Smuts in debatte op en berei hom gevolglik reeds hier vir die openbare lewe voor waarin hy en die generaal 'n nou paadjie oor baie jare heen sou saamloop. Op 1 Augustus 1895 word hy as advokaat tot die Kaapse Balie toegelaat maar as gevolg van die skaarste aan werk, begeef hy hom na die Transvaal. Pas daar aangekom, word hy die redakteurskap van *Di Patriot* aangebied, 'n pos wat hy gretiglik aanvaar. Sy redaksionele vernuf bring hom onder die aandag van Onse Jan Hofmeyr, waarop hy die redakteurskap van *Ons Land* aangebied word en hy dit oorneem. Hierdie pos beklee hy vanaf 1885 tot 1908.

Die Jameson-inval bring 'n keerpunt in FS se lewe. Nadat Hofmeyr en Cecil J Rhodes se weë as gevolg van hierdie misstap geskei het, skaar FS hom vierkantig aan die kant van Hofmeyr en verdoem Rhodes onverbiddelik. Op die kongres van die Afrkanerbond, Hofmeyr se party, veroorsaak sy verbete houding oor die inval 'n skeuring tussen hom en S J du Toit wat Rhodes in *Di Patriot* bly verdedig.

FS trou 21 September 1897 te Lady Grey met Gerbrecht Johanna Brümmer (*Barkley-Oos 9.3.1871 + Kaapstad 1.10.1926), die dogter van Barend Jacobus Brümmer en Gerbrecht Wilhelmina van Zyl, en na haar oorlye op 10 Oktober 1928 te Kaapstad met haar suster, die weduwee Anna Elizabeth Jacoba Atwell (*Barkley-Oos 16.3.1875 + Eshowe 8.11.1967). Uit sy eerste huwelik is twee seuns en twee dogters gebore.

Terwyl hy nog redakteur van *Ons Land* was, word hy in 1900 tot die Kaapse Wetgewende Vergadering verkies en behou die setel tot met uniewording in 1910. Dit het só gekom: sy politieke sieninge bring hom al hoe meer as leier in die Afrikanerbondgeledere na vore en toe W P Schreiner in 1900 as Kaapse premier en lid vir Malmesbury bedank, word FS onbestrede in hierdie kiesafdeling tot die Volksraad verkies. Nog voordat hy sy plek in die parlement kon inneem, word hy van valse, kwaadwillige en onterende laster aangekla weens 'n artikel wat in sy tydelike afwesigheid in sy koerant verskyn het oor die swak toestande in die Howick-konsentrasie-kamp. In sy grootmoedigheid aanvaar hy volle verantwoordelikheid vir hierdie berig, word skuldig bevind en tot een jaar gevangenisstraf en harde arbeid gevonnis. Die grootste gedeelte van hierdie straf dien hy uit in die ou herehuis Tokai.

Weens krygswet word FS nie ontsetel nie en neem hy in 1902 sy plek in die Kaapse Wetgewende Vergadering in. Intussen raak hy daarvan oortuig dat hy hom as lewenstaak die uitwissing van die bittere geskille tussen Boer en Brit moet aanspreek en na hulle versoening moet strewe. Dit lei hom daartoe om in 1904 in 'n toespraak hierdie vereniging en in die besonder die vereniging van al vier die kolonies onder die Britse vlag as ideaal vir die land te stel. So vervreem hy baie van sy politieke en Afrikanervriende. Grootliks as gevolg van sy stryd om hierdie ideaal te verwesenlik, lei dit uiteindelik in 1910 tot die samesmelting van die vier kolonies in die Unie van Suid-Afrika. Vanaf 1908 tot 1910 dien FS as "minister" van Landbou en Bosbou, Onderwys en van Landbou-onderwys in John X Merriman se kabinet en met uniewording was dit alleen vanweë sy ingebore beskeidenheid en hoflikheid dat hy vir die premierskap ten gunste van Merriman teruggestaan het alhoewel genl. Louis Botha later daartoe verkies is.

As gevolg van sy beywering gedurende die stryd wat tot die Nasionale Konvensie gelei het, vir die behoud en uitbreiding van die stemreg aan anderkleuriges, is met minstens die Kaapse Kleurling- en Swartmans op die algemene kieserslys behou. Trouens, vanweë sy onwrikbare ywer vir die afskaffing van die kleurskeidslyn in die politiek, iets waarin hy selfs deur Smuts teruggehou is, het hy hom die gramskap van die meeste blankes op die hals gehaal en is hy as 'n liberalis uitgemaak.

Met uniewording word FS ingesweer as minister van Onderwys, Landbou-onderwys en Bosbou en dien hy in hierdie hoedanigheid tot in 1921 terwyl hy later ook die portefeuljes van Mynwese en Nywerheid (1912-1924) en Landbou en Bosbou (1919-1921) behartig.

Benewens die gewone parlementêre verantwoordelikhede wat hy gedra het, is telkens heelwat ander take op hom afgeskuif. So neem hy vanaf 1915 tot 1921 waar as minister van Naturellesake en gedurende 1918-1919 as Eersteminister. Vanaf 1920 tot sy dood in 1941 is hy ook 'n lid van die Britse Geheimeraad.

Vir FS was daar geen middelweë nie. As hy hom vir 'n saak beywer het, het hy dit met al die krag van sy oortuiging gedoen en was hy 'n opregte maar verbete en onverbiddelike vegter. So was dit ook met die taalkwessie. In hierdie verband het hy moedertaalonderwys sterk voorgestaan en daarin geslaag om dit aanvanklik deels gehandhaaf te sien.

Hy was as minister in 1916 verantwoordelik vir die skepping van die Universiteit van Kaapstad, die omskepping van die Victoria-kollege in die Universiteit van Stellenbosch en herstigting van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop in die Universiteit van Suid-Afrika as nasionale eksaminerende universiteit met ses samestellende en doserende kolleges. Ook keur hy in dieselfde jaar die oprigting van die Universiteitskollege van Fort Hare vir Swart studente goed.

Die arbeidsonlus van 1913-1914 bring hom in die midde van die stryd om beter bedeling vir arbeiders. Dit lei tot wetgewing oor myntering, nywerheidsversoening en vakleerlingskappe. As pasifis het hy 'n stryd gevoer teen diegene wat 'n inval in Duits-Suidwes-Afrika voorgestaan het. Hy aanvaar 'n kompromis om 'n skeuring te

vermy - inderdaad het hy gedreig om oor hierdie saak uit Botha se kabinet te bedank - naamlik dat slegs vrywilligers na die gebied gestuur sou word. Toe Botha in 1919 sterf, word FS weereens as sterk kandidaat vir die premierskap gestoot, maar genl J C Smuts wen die stryd.

Vroeg in 1920 beywer FS hom vir 'n hereniging van die Suid-Afrikaanse Party van Smuts en die Nasionale Party van Hertzog. Hoewel hy nie hierin slaag nie, dien hy in Smuts se koalisieregering van 1921 tot 1924. Hy raak waarskynlik vanweë sy versoenende houding geleidelik op die politieke agtergrond om in 1924 in die Malmesbury-kiesafdeling verslaan te word.

Nieteenstaande die vroeëre verwydering tussen hom en Hertzog oor die taalkwessie in skole, neem laasgenoemde hom in 1927 op in die Senaat, 'n pos wat hy tot sy dood beklee het. Die laaste twee jaar van sy lewe was hy ook President van die Senaat.

In 1936 verset hy hom teen Hertzog se naturellewetgewing wat die Kaaplandse Swartmans op 'n afsonderlike kieserslys sou plaas waardeur hulle deur Blankes in die parlement verteenwoordig sou word.

FS se belangstelling in kulturele sake dateer reeds vanaf 1895 toe hy hom vir die bevordering van Hollands beywer het. In 1905/1906 tree hy in die bresse vir 'n billike behandeling van Hollands in die staatsdiens, skole en openbare lewe. In 1908 word hy stigterslid van De Zuid Afrikaansche Akademie voor Taal, Lettere en Kunst waarvan hy voorsitter vanaf 1927 tot 1929 was. Ook was hy lank voorsitter van die Afrikaanse Taalbond en in 1923 lid van die eerste Historiese Monumentekommissie en eerste voorsitter vanaf 1935, toe dit 'n nuwe regsbeslag gegee is, tot 1941. Hy was ook lid en lank voorsitter van die Hugenote-vereniging en het baie te doen gehad met die oprigting van die Hugenote-monument. Voor 1938 was hy ook lid van die Voortrekkermonumentekommissie en lank voorsitter van die Raad van die Hugenote-Universiteitskollege en vanaf 1927 tot sy dood lid van die Raad van die Universiteit van Kaapstad. Hy dien die Groote Kerk, Kaapstad as ouderling vanaf 1926 tot 1929, 1931 tot 1934, 1936 tot 1939 en gedurende sy laaste lewensjaar. Hy was verantwoordelik vir die toevoeging van die gewetensklousule tot die universiteitswet in 1916 en woon verskeie sinodesittings by insonderheid die spesiale sitting van 1930 oor die Du Plessis-kerksaak waar hy kant gekies het vir die meer liberale standpunt van Du Plessis.

Behalwe sy joernalistieke werk in *Di Patriot* en *Ons Land* waar hy 'n tyd lank verantwoordelik was vir die inleidingsartikels, het verskeie ander gesaghebbende werke uit sy pen verskyn. In 1925 publiseer hy 'n biografie oor Marie Koopmans de Wet, in 1912 sy toesprake oor die universiteitskwessie en in 1917 dié oor *Suid-Afrika en die Britse Ryk*. In 1928 publiseer hy *Die Geheim van 'n Ideale Huwelik*, 'n biografie oor sy ouers gebaseer op die nou skynbaar verlore dagboek van sy vader en in 1933 *Ons Kerk en Prof. Du Plessis* wat sy siening oor die kerksaak bevat. Hy lewer ook 'n Engelse oorsig oor staatkundige sake in *South Africa after the Union, 1910-1921* wat in die *Cambridge History of the British Empire* deel 8 (1936) verskyn. Hy lewer ook 'n interessante reeks oor sy werk as joernalis in *Die Huisgenoot* in 1937 wat hy 'n *Oud-joernalis kyk terug* noem. Op die gebied van die ekonomie skryf hy in 1938 'n *Ekonomiese Oorsig van Suid-Afrika*.

FS het gedurende sy lewe 'n hele aantal belangrike toekennings ontvang. In 1908 ontvang hy uit Holland die belangrike lidmaatskap van *Maatschappij der Nerderlansche Letterkunde, Leiden* vir sy diens aan Hollands in Suid-Afrika, in 1918 word hy met 'n eredoktoraat in Regte deur die Universiteit van Suid-Afrika en in 1931 met 'n eredoktoraat in Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch bekroon.

FS sterf in die tuig soos hy dit verlang het en gedurende die laaste uur van die jaar 1941 in Kaapstad. Hy word 'n staatsbegrafnis gegee en onder blyke van groot belangstelling en eerbewys in die Woltemadebegraafplaas ter aarde bestel.

**David Johannes Malan**
(b6c4d12e13f4)
**Leeuwenjacht*, Agter-Paarl 12.3.1875 = Wtn 17.4.1875 + Swellendam 30.12.1905



*David Malan*

David groei op sy geboorteplaas op en begin sy skoolopleiding in die plaasskool op sy pa se plaas. Daarna sit hy dit voort in die skool van C W Stucki in die Blaauw Valleij, Wellington. In Junie 1892 skryf hy die Middelklasonderwyseksamen aan die Normaalskool van die NG Kerk, Kaapstad en gee daarna onderwys in 'n plaasskool te Rouxville in die Vrystaat. Deur siekte word hy in 1892 verhinder om die admissie-eksamen op Stellenbosch af te lê en gee, daarna onderwys op Adelaide, maar keer in 1895 terug na die Kweekskool op Stellenbosch waar hy op 13 Desember 1899 gelegitimeer word. Voordat hy 'n beroep na Riversdal as tweede leraar met werkkring Albertinia aanvaar, neem hy vir 'n kort rukkie in Seepunt waar. Op 21 Januarie 1900 tree hy te Knysna in die huwelik met [volgens die Malan-register van H M Malan was dit 21.1.1900 maar sommige bronne gee 29.1.1900] Martha Catharina (Katie) van Huyssteen [*8.12.1874 Knysna + 17.7.1946 Stell], die dogter van Hendrik van Huyssteen en Elsje Carolina Petronella Wentzel]. Uit hierdie huwelik is drie seuns en 'n dogter gebore. Toe die NG Gemeente van Albertinia in 1904 van Riversdal afstig, word hy eerste leraar daar, maar aanvaar kort daarna 'n beroep na Swellendam en word op 4 Maart 1905 daar bevestig. Na 'n kort maar vrugbare dienstyd, sterf hy hier in sy een-en-dertigste lewensjaar aan maagkoors en word langs die kerk begrawe.

Volgens getuienis van sy tydgenote was hy 'n hoogsbegaafde en 'n diepgeestelike mens wat aan die krag van gebed geglo het en die onderwyssaak op die hart gedra het. Baie is van hom verwag maar in sy kort lewensbestaan kon hy nie aan al die hoë verwagtings voldoen nie.

Na sy dood het Andrew Dreyer dit belangrik genoeg geag om 'n bundel van die preke van David saam te stel onder die titel *Nagelaten Leerreden van ds. David Johannes Malan* wat in 1908 in Kaapstad gepubliseer is en waarin ook 'n onvoltooide outobiografie opgeneem is. Baie jare lank is hierdie bundel druk vanweë sy inspirerende boodskappe gebruik.

☞

**10DE JAAR!**

**10TH YEAR!**

### Daniël Gerhardus Malan
(b6c4d12e13f7)
**Leeuwenjacht*, Paarl 23.3.1880 + Stellenbosch 3.3.1937



*Danie Malan (jnr)*

Soos die meeste van sy broers en susters is hy op die ouerlike plaas gebore waar hy sy eerste skoolonderrig onder Jacob Dreyer ontvang het. Daarna gaan hy na die Gimnasium op Stellenbosch waar hy matrikuleer. Vervolgens word hy ingeskrewe student aan die Victoria-kollege waar hy B.A. en M.A. beide met lof behaal. In 1901 gaan hy na die teologiese kweekskool op Stellenbosch en lê die kandidaat-eksamen suksesvol af. Hy vertrek in 1905 na Princeton, VSA en verwerf in 1905 die B.D-graad van daardie universiteit.

Terug in Suid-Afrika word hy op 15 Augustus 1906 gelegitimeer en aanvaar hy 'n beroep as opvolger van dr Andrew Murray na die Wellingtonse NG gemeente. Hier word hy op 28 Oktober 1906 met handoplegging bevestig.

Op die 4de Desember 1906 tree hy te Kaapstad in die eg met Esther Anna Pepler (*Bethulie 1880 + Paarl 18.3.1963). Sy was die dogter van eerw. A J Pepler. Uit die huwelik is een seun en twee dogters gebore waarvan die oudste dogter jonk oorlede is.

Op Wellington werk hy twaalf jaar lank en aanvaar in 1918 die beroep na die Groote Kerk, Kaapstad, waar hy slegs drie jaar vertoef. In 1921 word hy in die Paarl op 16 Augustus 1921 deur A A Moorrees bevestig. In kerklike kringe maak hy spoedig opgang en word vir die tydperk 1928 tot 1930 assessor van die Kaapse NG Kerk se sinode. In 1930 aanvaar hy die benoeming as hoogleraar aan die Teologiese Skool met opdrag Nuwe Testamentiese vakke. Hy begin hier op 18 Maart 1931 te werk.

Hy dien sy kerk langs allerlei weë. Lank was hy voorsitter van die Algemene Sendingkommissie en in hierdie hoedanigheid onderneem hy 'n sending na midde-Afrika namens hierdie kommissie; hy dien die Mannesendingbond as voorsitter; en as verteenwoordiger van die kuratorium van die Stellenbosche Kweekskool speel hy soos sy broer, Frans, 'n leidende rol in die Du Plessis-saak.

Ook het hy 'n lewende belangstelling in onderwysaangeleenthede getoon. Dientengevolge was hy ook weer soos Frans, lank voorsitter van die raad van Hugenote-Universiteitskollege en as visekanselier vanaf 1938 tot 1941 lid van die raad van die Universiteit van Suid-Afrika. Soos Frans toon hy besondere belangstelling in die Afrikaanse Taalbond en tree dikwels as eksaminator vir Taalbondeksamens op.

Hy was een van die stigters van *Die Gereformeerde Vaandel* en tot sy dood hoofredakteur daarvan. Uit sy hand verskyn in 1919 *Lewensidealen; korte preken voor jongelieden*, in 1928 dien hy as 'n medewerker aan *Die Geheim van 'n Ideale Huwelik* en in 1936 verskyn *Die Bergrede* uit sy hand.

Al die eienskappe wat aan sy ouers en aan sy broers toegeskryf word, het hy menigvuldiglik besit. In die besonder word daar van sy verbasende geheue sowel as van sy opreg-vrome lewenswandel melding gemaak.

### Charl Wynand Marais Malan
(b6c4d12e13f9)
**Leeuwenjacht*, Agter-Paarl 9.8.1883 + Kaapstad (begrawe: Wellington) 6.2.1933



*Charlie Malan*

Soos David ontvang Charlie sy eerste skoolopleiding in die skool op sy vader se plaas en matrikuleer op Stellenbosch. Daarna studeer hy aan die Victoria-kollege in die Regte. Na 'n jaar word hy 'n ingeskrewe klerk by 'n prokureur in Kaapstad, waar hy sy regseksamens met sukses aflê. Hy vestig hom in 1906 op Humansdorp waar hy 'n bloeiende praktyk opbou. Die ouerlike huis se invloed rus ook sterk op hom en daarom speel hy 'n aktiewe rol in die plaaslike kulturele en kerklike lewe. Hy dien as sondag-skool-onderwyser, is 'n aktiewe lid van die plaaslike tak van die Afrikanerbond en voorsitter van die Christelike Studentevereniging.

Soos sy vader en ouer broer, Frans, stel hy besonder belang in politieke bedrywighede, maar anders as Frans met sy versoenende houding, kies hy kant saam met Hertzog toe dié deur Botha in 1912 uit sy kabinet gelaat word en ondersteun hom vir die res van sy lewe. Toe die Nasionale Party in 1915 tydens 'n konferensie op De Aar gestig word, is hy daaraan aandadig en word hy 'n stigterslid van hierdie party. In Humansdorp is hy vir 'n tydlank voorsitter van die afdelingsbestuur van die NP. In 1915 word hy verkies tot parlementêre verteenwoordiger van die NP vir Humansdorp en bly dit tot sy dood.

In die Volksraad was hy bekend vir sy eerlikheid, welsprekendheid, hardwerkendheid en volkome tweetaligheid. Hy beywer hom onverpoosd vir die regte van Afrikaners en Afrikaans sonder om aanstoot aan andersdenkendes of andertaliges te gee. In 1919 volg hy W A Hofmeyr op as organiserende sekretaris van die Kaaplandse NP en stel so al sy kragte, vernuf en tyd deur harde werk tot die beskikking van die NP.

In die politiek het hy groot opgang gemaak en word minister van Spoorweë en Hawens in die Hertzog-kabinet van 1924. Hy beywer hom in hierdie hoedanigheid vir die beskerming van die arbeider insonderheid die blanke arbeider as ook die armblanke in die landbou veral gedurende die jare van ekonomiese slapte en verwerf so die grootste agting van alle spoorwegwerkers en buitestaanders.

Hy was teen die sending van Nie-blanke troepe na die front in 1914 en strewe soos Frans vir die samewerking tussen Boer en Brit, maar met die behoud van eie identiteit. Soos Frans het hy sy land by geleentheid in die buiteland verteenwoordig waaronder die Lissabon-konferensie oor spoorwegsamewerking met Mosambiek (1927-1928). By twee geleenthede het hy as minister van Finansies waargeneem.

In 1933 met die moontlikheid van 'n koalisie tussen Smuts en Hertzog kies hy saam met D F Malan kant daarteen maar sy skielike dood verhinder hom om sy standpunt deur te voer.

Benewens sy politieke bedrywighede, het hy 'n lewendige belangstelling in die sakewêreld getoon. So was hy medestigter van SANLAM en SANTAM, direkteur van die Nasionale Pers Bpk. asook in 1927 lid van die Instituut vir Administrasie en Handel van Suid-Afrika.

In 1910 (volgens H M Malan se *Malan-register* was dit 1911) trou hy met Christina Johanna Rautenbach (*Humansdorp 16.5.1885 + Humansdorp 20.3.1942). Sy het self 'n politieke belangstelling vertoon want in 1893 tot 1898 verteenwoordig sy Uitenhage in die Kaapse Wetgewende Vergadering. Uit die huwelik is daar ses kinders gebore. ***[RED]: In 1993 het die ses kinders, Danie, George, Ria, Bets, Charl en Christine dan ook 'n private uitgawe getiteld 'WARM HARTE' gepubliseer wat opgedra is aan die nageslag van hul geliefde ouers, Charlie en Christine Malan. Eksemplare van hierdie prag werkie is nog beskikbaar by mnr G F Malan, Uysstraat 19, Jeffreysbaai, 6330.***

Hy sterf aan 'n maagsweer en word met volle eerbewys 'n staatsbegrafnis aangebied en in Wellington ter aarde bestel.

Tydgenote kan nie voldoende sy minsame en innemende persoonlikheid besing nie. Eienskappe wat so eie was aan sy ouers, Frans en David soos 'n innige godsdienssin, nederigheid, eerlikheid, hardwerkendheid met 'n besondere administratiewe aanleg en vurige patriotisme word luidkeels in hom weerspieël. As spreker en openbare figuur was hy uiters gewild.

**Slot opmerking deur opsteller:** Inderdaad is die geskiedenis van hierdie Malan-familie, wat slegs in breë trekke hier aangebied kon word, ongeëwenaard in ons land. Hulle voorbeeld strek ons tot eer en is in alle opsigte navolgingswaardig.

**Bronne geraadpleeg**


Cloete, E J *Die lewe van senator F S Malan (president van die senaat).* Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1946

De Villiers, D W *Daniël Gerhardus Malan* in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel III

De Villiers, D W *David Johannes Malan* in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel III

Malan, F S *Die Geheim van 'n ideale Huwelik; of, korte lewenskets van D G en E J Malan.* Kaapstad: Van der Sandt de Villiers & Kie, 1928

Preller, J F *Francois Stephanus Malan* in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel I; *kyk ook Dictionary of National Biography.* Oxford University Press, 1959

Van der Schyff, P F *Charl Wynand Marais Malan* in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel II


***[RED]: Baie dankie aan prof Fanie Malan, Pretoria, vir hierdie prag bydrae.***

# SPORE

*[RED]: In die Junie 1998 uitgawe van Deus Arx Mea, p 11, is navraag gedoen oor wie ds Os Malan was?*

*Redaksie is nie net verheug nie maar bevoorreg om terugvoer op hierdie navraag aan ons lesers te kan gee: 'n pragtige getuienis oor 'n merkwaardige Malan wat besondere diep spore getrap en nagelaat het in S A. 'n Persoon met 'n edele inbors wie se spore nougeset en met groot sukses deur sy kinders nagevolg is. Geen wonder dus dat prof. Fanie Malan, Pretoria, wat besig is met die opstel van 'n Biografiese Woordeboek van Malans as volg i.d.v. geskryf het nie: "Die storie oor 'Os' is pragtig. Ek gaan beslis hiervan gebruik!"*

*Ons sê baie dankie aan mnr C W Malan van Buffelspoort vir hierdie lofwaardige bydrae oor ds Os Malan:*

Hy was ds W C (Wynand Charl) Malan, oudste seun (25 Februarie 1885 - 14 Oktober 1984, 99 jaar, sewe maande) van Kommandant A H (Abraham Hugo) Malan; getroud met dogter van Kommandant-Generaal Piet (Petrus Jacobus) Joubert. Hy "verwerf" die bynaam Os in sy studentejare op die voetbalveld op Stellenbosch: so sterk soos 'n os in die skrum.

En sterk was hy! Tydens sy bediening as Ned Geref predikant van sy eerste gemeente, Umtali (tans Motare), in Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe), was hy by geleentheid op die voorstoep van die pastorie besig met 'n stuk houtwerk, toe twee manne daar aankom en parmantig aandring op sekere kerklidmaatskapsdokumente, waarvoor hy geen besonderhede gehad het om so iets te kon



***Ds W C (Os) Malan (a1b6c3d6e7fGg1) en sy eggenote, Miemie (geb. Cillié)***

uitreik nie. Ten spyte van sy geduldige en herhaaldelike verduideliking, hou hulle met hulle dreigende houding aan. Hy waarsku hulle naderhand om nou maar liewer die pastorieterrein te verlaat en hy hervat sy stuk houtwerk. Waar hy daar gebukkend staan, gaan die een man hom van agter af te lyf. Dis toe dat die predikant opstaan, die man onder sy arm invou, die ander een wat kom hand bysit het, onder die ander arm in en hy stap met hulle sleep-sleep aan voorhekkie toe. Daar werk hy sy heup eers onder die een in, gooi hom bo-oor die hekkie buitentoe en gooi toe ook die ander een bo-oor die hekkie bo-op die eerste een. Van hulle dreigemente oor aanrandingsake het natuurlik niks gekom nie.

Dit word vertel dat toe die Malans in Swaziland woonagtig was, omstreeks 1931, '32, hy by meer as een geleentheid in die jagveld man-alleen, 'n rooibokram, "onderbaadjie gesny", oor sy skouer "aangetrek" motor toe gedra, daar 'n vuurtjie aangeslaan, en die ander jagters koffie aangebied teen die tyd dat hulle eendag (!) by die motors aankom.

Gedurende die Engelse-Boere-oorlog is hy as jong seun een aand na klokreël in Pretoria op straat gevang. Hy was op pad om vertroulike dokumente persoonlik te gaan aflewer. Die dokumente het hy in twee ewegroot pakkies verdeel en hulle by sy kouse ingesteek wat met die destyds gebruiklike rybroek-agtige halfmas langbroek se pype verder bedek is. Die jong seun wat klaarblyklik te oud was om sonder 'n klokreëlpas so laat op straat te wees, word na 'n Kakie-offisier se kantoor geneem. Hy staan kitsregop voor die lessenaar waaragter die offisier sit. Na allerlei ondervraging en amptelike handelinge, sê die offisier die Tommie aan om die seun te visenteer. Eers bevoel hy die seun se baadjie, en sak toe op sy knieë om ook die broek te kan bevoel. Nou kan die offisier nie die Tommie sien nie. Die Tommie se hande skuif langs die broekspype af en die hande steek vas toe dit die pakkie raakvoel. Hy kyk op na die seun se gesig, maar die mannetjie staan doodstil en trek nie 'n spier nie, en bly die offisier in die oë kyk. Die hande sak verder af, en bevoel ook die ander been.

"Nothing, sir."

"Are you sure?"

"Yes, sir."

"Well, search him again, and do it thoroughly."

Die Tommie maak toe 'n heel grote vertoon van die deeglikheid waarmee hy die taak uitvoer. Die baadjie se lapelle word gefrommel, die mouvoerings, die sakke, die broekspype. En die Tommie sê weer dat hy niks kry nie.

"Go lock him up. We'll deal with him in the morning."

Daardie nag in die sel, torring en werskaf hy met sy tande sy stewels se binnesole los, hy steek die dokumente onder die binnesole in die stewels in, trek hulle aan en bly die hele nag in die sel op-en-afloop om die binnesole weer normale vorm te laat aanneem. Daardie dokumente het die Ingelse nooit in die hande gekry nie.

Dit was reeds na die oorlog, toe 'n vreemde man die jong seun in Pretoria op straat voorkeer. "Do you remember me, son?"

"No, sir. I'm afraid I do not know you."

Dis toe al die tyd daardie Tommie wat die seun in die offisier se kantoor gevisenteer het. "Do you know what saved you when I realised that you had something hidden inside your socks? I had a son your age back hom in England and I realised how proud I would be if my son could react with the same amount of unflinching bravery under the same conditions as you did then. I could not give you away."

Hy is getroud met Miemie Cillié (Maria Magdalena), vierde dogter van "Oom Piet Parlement" en Maria Magdalena (geb. Du Toit) van die plaas Leeuwrivier, aan die voet van Groenberg, Wellington.

Umtali was sy eerste gemeente. Daar moes hy van sy lidmate, Afrikaners, gaan uitsnuffel en leer om dankbaar en trots te wees op hulle Afrikanerskap. Te voet die dorp deur stap, aanklop, verneem wie woon daar, en as die naam Afrikaans klink, verder opvolg. By een huis, byvoorbeeld, word gesê dis Dewhit (Engels uitgespreek) wat daar woon.

"Dewhit? Dewhit? Maar is dit nie De Wet nie?" Verskrik kom die antwoord:

"Ja," in 'n benoude fluisterstem, "maar kom in, ons kan nie so sê nie, dan verloor my man sy werk."

Die volgende gemeente was Cedarville, in Griekwaland-Oos, en daarna was dit Swaziland met die pastorie en kerk op Goedgegun (nou Mhlangano).

Hy haal die Engelse Administrasie oor om toe te laat dat die skool op Goedgegun onderwys aanbied deur medium van Afrikaans.

Nou moet ons Boeremense hulle kinders Goedgegun toe stuur vir skoolgaan. Maar Goedgegun is 'n ou gehuggie van 'n stuk of agt of tien wonings. Dis die magistraat, die posmeester, die bankmeester, die skoolmeester, die winkelier, die polisiekwartiere, die waterfiskaal, die pastorie, drie, vier privaathuise. Daar is nie tuisgaanplek vir die kinders nie.

En die depressie het die land ingehaal: Die boere het nie geld nie. Daar is volop kos beskikbaar: vars groente uit die huistuine uit, daar is hoenders op die werf en eiers, daar is vee in die veld en vleis en melk en botter in oorvloed, daar is mielies, koring, grondboontjies, graansorghum (kafferkoring) op die lande: Niemand hoef honger te ly nie. MAAR daar is geen mark vir al die produkte nie: Swaziland is 'n Britse Protektoraat en kan nie na die Unie van Suid-Afrika toe uitvoer nie. In Swaziland is daar dus onder die boere omtrent geen kontantvloei nie.

In daardie haglike geldtoestande besluit die Kerkraad op sy voorstel om die pastorie om te bou en te omskep in 'n skoolkoshuis. Een boer bak stene op sy plaas, 'n ander een stuur sy messelaar en handlangers, nog een voorsien populier vir die nodige timmerhout, doen die skrynwerk en timmerasie, 'n ander stel sy wa en span osse met arbeiders-en-drywer-en-al beskikbaar. En daar staan Goedgegun se skoolkoshuis! Die Administrasie betaal wel 'n fooitjie per kosganger, maar dis hoegenaamd nie voldoende vir behoorlike versorging nie. Die ouers kan nie koshuisgelde bekostig nie: daar is nie kontant nie. Maar daar is nooit 'n tekort aan kos in die koshuis nie: In die koel kelder onder die kombuisvloer is daar altyd mieliemeel en broodmeel, vleis, groente, vrugte, botter, uitgebraaide varkvet, kaiings; die

spensrakke staan altyd vol tuisgemaakte konfyt, daar is altyd twee, drie koeie in melk in die kraal. Die Administrasie se ou geldjie koop suiker en sout, gort en lensies, goue stroop en katvet. (Die botteltjie het mos 'n katkop op die etiket.)

Die gemeente het dit reggekry om hom van 'n motor te voorsien, maar was naderhand drie jaar(!) agterstallig met sy salaris. Ten einde die gemeente te help herstel, het hy eindelik deur die voorgeskrewe kanale hom losgemaak van die gemeente (hartseer afskeidstonele!), die gemeente die skuld kwytgeskeld en deur die Sinode gereël dat die gemeente nie dadelik weer 'n leraar hoef te beroep nie. Hoewel hy daarna beroepe ontvang het, het hy nie weer 'n beroep aangeneem nie, maar 'n "los predikant" geword wat sonder vaste inkomste, in die geloof (DEUS ARX MEA) op uitnodiging dwarsoor die land spesiale dienste gehou het met groot seën en heerlike ewigheidsvrug op die arbeid.

En so goed versorg die Heer die Malans daar in Pretoria dat hy altyddeur minder gegoede, begaafde seuns van elders kosteloos by die Malans in die huis opgeneem het. Waar hy en Miemie het vier seuns gehad het en dus maar 'n gesin van ses stuks was, was hulle in werklikheid selde minder as 'n twintig stuks in die huis wat by twee tafels in die eetkamer aangesit het!

Uit ds Os se pen het 'n aantal geestelike publikasies die lig gesien:

**Met Watter Doop?**
**Duisend Jaar! Hoe Lank?**
**Genade Gebeurtenisse**
**Die Getuienis Ontbloot Jehova Getuies**
**Die Reguit Pad Enduit Veilig**
**Die Feestafel en die Bruilof**

Ds Os en Miemie het ses seuns gehad, waarvan tweetjies heel klein dood is. Die ander:

* Awie (Abraham Hugo), geb 18 Maart 1918 (a1b6c3d6e7fGg1h1); matrikuleer Afrikaanse Hoër Seunsskool, Pretoria, (Hoofprefek); Teologiese Universiteit Pretoria; Trou met Fordina Vogel, dogter van eerw. A J H F Vogel; twee dogters: Malaika, Maja; drie seuns: Charl, Henri, Hugo (oorl); Ned Geref predikant Meru (destyds Tanganyika), Ladysmith (Natal), Die Strand, Saldanha (militêr), Vrede, Vanderbijlpark, Vanderbijlpark-Suid, Krugersdorp-Noord, Kameeldrif (Pretoria), Tuinrand (Pretoria), Durban; gedemitteer, woon in Gordonsbaai.

* Cillié (Pieter Cillié) ("Slang"), geb 20 Maart 1919 (a1b6c3d6e7fGg1h2); matrikuleer Afrikaanse Hoër Seunsskool, Pretoria; Teologie Pretoria en Stellenbosch; Trou met Joey Odendaal; twee seuns: Jacques, Albertus (oorl); dogter Sarie; Ned Geref predikant: Bezuidenhoutsvallei, Hermanus, Brixton, Memel, Barkly-Oos, Vanderbijlpark-Wes, Noordwesrand, gedemitteer, Margate (hulp), Waterberg-Noord (waarnemend); woon in Parksig Aftree-oord in Lyttleton.

* Wynie (Charl Wynand), geb 30 Jan 1924 (a1b6c3d6e7fGg1h5); matrikuleer Afrikaanse Hoër Seunsskool, Pretoria; BA.HOD Pretoria; trou met Lien (Magdalena Susanna) Liebenberg; twee dogters: Marina, Mariette (oorl); vier seuns: Wynie (oorl), Bennie, Wynie, Pierre-Jacques; Onderwyser: Hoërskool Ladysmith, Natal (Zulu), (speel skrumskakel provinsiale proewe); Hoër Volkskool, Heidelberg, Tvl (Noord-Sotho); Bantoe-onderwys-navorsing; Stigtende prinsipaal twee Sendingskole vir blindes en dowes: Bosele (in Sekhukhuneland), Vuleka (in KwaZulu); Assistent Bantoesakekommissaris; Volkekunde Navorser; gepensioeneer; bestuur tans Casimaya, Christelike Rusoord, naby Marikana en Mooinooi.

* Leòn (Leòn Cillié), 2 Maart 1927 (a1b6c3d6e7fGg1h6); Matrikuleer Afrikaanse Hoër Seunsskool, Pretoria, (Hoofprefek) twee onderskeidings; Teologie Pretoria (Studenteraad-voorsitter); verdere studie University Chicago (Sielkunde); Trou met Inalé Scheffer: 4 seuns: Leon-Charl, Danie, Charl Wynand, Johan: Hoofbestuurder Wells Organisation in Suid-Afrika; Besturende Direkteur Adviesburo vir Kerkfondse; Personeelbestuurder Rembrandtgroep; Eerste Uitvoerende Direkteur, pasgestigte Hotelraad; Toerisme-Konsultant (stigting vakansie-oorde, advies dranklisensie-aangeleenthede); woonagtig in Clarens.

# VOORGROENBERG-BEGRAAFPLAAS

*[RED]: Na aanleiding van die berig "Die Openbaring van Kerkhowe", D.A.M. 18, pp 9-16 van Desember 1998, het ons medewerker, Francois Malan, op Robertson hierdie interessante oorsig ingestuur.*

*Hy berig dat daar heelwat Malans of Malan-verwante hier begrawe is, maar skat dat slegs sowat 20% (of minder) nie enige Malan verbintenisse het nie.*

*Volgens Francois is daar sowat twaalf rye grafte, sommige half voltooi sonder grafstene. Hy vermoed dat die begraafplaas minstens 100 jaar oud mag wees.*

*Die Voorgroenberg-begraafplaas is met lowergroen bome omring en gee 'n atmosfeer van rustigheid aan die omgewing. Staan jy met jou rug na Groenberg, kry jy 'n pragtige uitsig op die Bergrivier-vallei (die tuin van Wellington).*

*Omdat die begraafplaas in die mik van die Hermon en Agtergroenberg-paaie geleë is, vorm dit 'n driehoek. Francois meen dat daar nog baie ruimte in die begraafplaas is vir die nageslagte.*

*Francois het onderneem om te bepaal wie eerste in hierdie mooi rusplek begrawe is. Hy sê dat nie-Malans steeds van die begraafplaas gebruik maak, maar wat die Malans self betref, is dit hoof-saaklik vier families van Groenberg, nl:*

- *Nageslag van Francois Malan 1820. Boer Skoolplaas - Bl. 813*
- *Nageslag van Jacob Daniël Malan 1845. Boer Vondeling. Bl. 609*
- *Nageslag van Daniël Jacobus Malan 1857. Boer CordiersRust. Bl 615.*
- *Nageslag van Francois Johannes Daniël Malan 1827. Boer Groenvlei Bl. 627.*

*Simbole: * gebore*
*x getroud*
*bl. verwys vol. 2 van Die Malans van Suid-Afrika : Geskiedenis en Geslagsregister*

EERSTE RY GRAFTE: MARIA SUSANNA MALAN b6c3d9eAf5-bl632*1855 GROENVLEI X D.J. le Roux. Boer DRIEFONTEIN, Malanstasie.

MAGDALENA JOHANNA MALAN b6c3d9e5f3g3-bl602*1864 GROENVLEI X Guillaume Francois Marais. Boer OLIPHANTSKOP Voor-Groenberg.

DANIEL MALAN (nie in boek)*4.8.1906 X Esme Maree (nie in boek)*8.1.1918-22.1.1993.

2DE RY. HESTER MALAN b6c3d9eAf6g6-bl633*1907 X O.J.J. Oosthuizen. Beroep?

MARGARETHA MALAN b6c3d9eAf6g5-bl633*1894 X P.R. Marais. Boer UITKYK Groenberg.

FRANCOIS JOHANNES MALAN b6c3d9eAf6-bl632*1857 GROENVLEI X M.J. Marais. Boer GROENVLEI, Groenberg.

FRANCOIS MALAN b6c3d9eAf6g7-bl633 *1897 GROENVLEI X M.L. MALAN b6c3d9e3f3g4h5-bl584. Boer GROENVLEI Groenberg.

JACOBUS FRANCOIS MALAN b6c3d9eAf6g8-bl633*1899 GROENVLEI X E.C.M. Cillie. Boer OAKDENE, Groenberg.

**DERDE RY GRAFTE:** MARIANNE VIOLETTE MALAN b6c3d9eAf6g8h2i1-bl633 X Spreeth. (Kleindogter van Oom Koos Oakdene Malan geb. 1899)

DANIEL GERHARDUS MALAN b6c3d9e5f3g8-bl605*1876 MALANIEL X M.M.F. Vorster. Boer MALANIEL Groenberg.

PIETER LOUIS MALAN b6c3d9e5f3g8h2i2-bl605*1952 MALANIEL. Oorl 1973 Ongetrd.

GABRIEL DANIEL MALAN b6c3d9e5f3g8hh2-bl605*1905 MALANIEL X J.A. le Roux. Boer MALANIEL, Groenberg.

FRANCOIS PAULUS (Malan? Nie in boek)* 31.5.1869 X Rachel Maria le Roux *18.11.1878.

**VIERDE RY GRAFTE:** RACHEL ELIZABETH MALAN b6c4dCe5f3g6-bl815*1886 SKOOLPLAAS Agtergroenberg. Ongetroud Masjonaland-sendeling, 30 jaar.

SUSANNA MALAN b6c4dCe5f3gA-bl815 *1893 SKOOLPLAAS Agtergroenberg X H.J.S. Nel. Boer DE FORTUIN, Blouvlei, Wellington.

DANIEL MALAN b6c4dce5f3gD-bl815 *1898 SKOOLPLAAS X M.M. le Roux. Boer SKOOLPLAAS Agtergroenberg.

FRANCOIS STEPHANUS MALAN b6c4dCe5f3g4-bl814*1882 SKOOLPLAAS X M.F. Louw. Inspekteur van Transvaal skole/Sekretaris van Onderwys.

FRANCOIS STEPHANUS MALAN b6c4dCe5f3-bl813*SKOOLPLAAS X R.E. Rossouw. Boer SKOOLPLAAS Agtergroenberg.

Abraham Stephanus Grobbelaar *24.1.1910 Kalmoesdam. Seun van HESTER MARIA ALETTA MALAN b6c4d1eAf1g7h1-bl726 X A.S. Grobbelaar. Boer KALMOESDAM.

**VYFDE RY GRAFTE:** FREDA MELIUS MALAN b6c3d9e6fAgE-bl618*1902 CORDIESRUST, Groenberg. Ongetroud.

JACOB DANIËL MALAN b6c3d9e6f4-bl609*1845 VONDELING X ERMINA DOROTHEA MALAN b6c4dAe4f1-bl806*1853 VONDELING (ouers het saamgeboer).
MARGARETHA JOHANNA MALAN b6c3d9e6f8-bl615*1912 VONDELING Ongetroud.

ABBIE FERGUSON MALAN b6c3d9e6f4gE-bl614*1898 VONDELING X W.J. Theron.

ERMINA DOROTHEA MALAN b6c3d9e6f4g4-bl609*1877 VONDELING Ongetroud.

MATHYS JACOB MALAN b6c3d9e6f4g9h1-bl613*1923 Vondeling X E.C.J. van Deventer. Boer VONDELING Groenberg.

JACOB ROUX MALAN b6c3d9e6f4g9-bl613 *1888 VONDELING X W.C.J. van Tonder. Boer VONDELING Groenberg.

**SESDE RY GRAFTE:** ANDRIES JOHANNES MALAN b6c3d9e6fAg8-bl1617*1893 CORDIESRUST X M.M. van Tonder. Boer OLIPHANTSKOP, Groenberg.

MATHYS CORNELIS VAN TONDER MALAN b6c3d9e6fAg8h2-bl617*1924 OLIPHANTSKOP. Oorl 1924 as baba.

PETRUS CONRADIE MALAN b6c3d9e6fAgA-bl617*1895 CORDIESRUST X M.C. Jonker. Boer CORDIESRUST, GROENBERG.

PIERRE MALAN b6c3d9e6fAgAh3i2-bl617*1955 VONDELING. Twee maande oud.

MARIA HELENA MALAN b6c3d9e6fAgAh1-bl617*1923 CORDIESRUST. Paar mde oud.

**SEWENDE RY GRAFTE:** MARAIS MALAN b6c3d9e6fAgAh3i4j2-bl618*1989 OLIPHANTSKOP. Paar maande oud.

**AGSTE RY GRAFTE:** RACHEL CATHARINA MALAN b6c4d3f6g1-bl740*1855 AGTERKLEIN-DOGTER van DAVID JACOBUS MALAN *1769 Boer ROOSENHOEK, Agtergroenberg.

**NEGENDE EN TIENDE RY GRAFTE:** GEEN MALANS. Wel MALAN VERWANT. LATER HIEROOR.

**ELFDE RY GRAFTE:** PIETER KRIEL MALAN b6c3d9eAf4g3h1i2-bl628*1934 VOËLGESANG X M.M. Burger (nog in lewe). Boer VOËLGESANG.

BEE MALAN (nee Muller) X F.J. MALAN (nog in lewe) b6c3d9eAf4g3h7-bl628*1922 MIDDELPOS, Wellington. Sakeman, Robertson.

*****

# DIE CAINERS

Deur Eullie (Malan) van Heerden
Kaapstad

In die straat wat agter die stasie verbyloop, het die Cainers hulle winkel gehad. Dit was 'n groot stewige gebou, 'n ruim winkel met breë stoep en twee groot vertoonvensters. Dit was bepaald gebou die dae toe die dorp nog maar net Smaldeelstasie was, want dit is kort agter die stasie en totaal buite die sakedeel van Theunissen. Vandat ek maar kon onthou, is daar van ou Cainer se winkel gepraat. In hulle jonger jare het hulle seker 'n florerende handel gehad omdat hulle toe waarskynlik nog die enigste handelaar in die kontrei was.

Ek was omtrent drie jaar oud toe ek vir die eerste keer met dié winkel kennis gemaak het; die groot vertrek, die hoë toonbank, rakke vol allerhande goed en die oorheersende reuk van leer. Pappie het my bo-op die toonbank getel en Mammie het vir my nuwe skoentjies aangepas.

Toe ons die Cainers leer ken het, was hulle albei sulke kort, dik vaatjies wat glad nie van water en seep gehou het nie. Of hulle kinders gehad het, weet ek nie; ons het nie sulke kinders in ons skool gehad nie. Namate die dorp ontwikkel het en meer winkels oopgemaak het, het dié ou paar se handelswinste op gevaarlike afgronde gehuiwer, want hulle was te vér uit die sakesentrum.

Soms het ons ou missies Cainer in die dorp gesien. Haar yl vaal-swart olierige hare was glad oor haar kop gelek en in 'n potsierlike bondeltjie gedraai. Sy was omtrent nekloos; haar ore, so kaal en verlore langs haar kop, het amper oorbodig gelyk. Dit het haar poffergesig, smal voorkop en klein ogies so opsigtelik gemaak. Dit het kompleet gelyk of sy al hoe korter en ronder word hoe langer mens na haar kyk. Sy het blou sis klere gedra, die vuil voorskoot het saamgekom dorp toe. Met twee plat skeefgetrapte skoene wat nog nooit met 'n borsel of waks kennis gemaak het nie, het sy die straat afgeslof. In haar een hand het sy 'n ewe verslonsde toeryghandsakkie gedra. 'n Beursie het sy seker nie geken of vertrou nie, want in die kafee het ons gesien dat sy 'n sakdoek van onsekere

herkoms uit die sakkie haal en die knoop wat die geldstuk in die hoek vasgehou het, met die tande losmaak.

Hulle was seker nie so danig oud nie, maar hulle afgeleefde voorkoms het hulle ou miessies en ou Cainer gemaak. Weens hulle onnetheid het mense spontaan van hulle weggeskram soos 'n hond wat sy bene styf skop en sy bolip optrek.

Dikwels wanneer ons in daardie straat by hulle verbygeloop het, het ons ou miessies Cainer met haar blou sisvoorskoot aan, op 'n regop stoel in die leë vertoonvenster met die vuil ruit sien sit, hande op haar skoot gevou en die deurtjie agter haar dig toe. Sy het maar net gesit en staar asof sy niks sien nie. Wat het tog alles in haar gemoed omgegaan? Die ander venster was ook dolleeg behalwe vir die stof en spinnerakke van vele jare. Ons was maar skrikkerig vir haar, het altyd gesorg dat ons op die oorkantse sypaadjie loop. Die twee het glo maar soos kwaai kat en hond gelewe. Het dít haar lewe net 'n leë, vuil vertoonvenster gemaak? Dit het gelyk of die ou sisvoorskoot aan haar vasgegroei het. Was sy ook eens 'n lewenslustige jong dogter? Nou sit sy met leë hande en laat alles net so by haar verbygaan. Wie kon haar gemoed ontsluit? Dit was net so dig soos die deurtjie agter haar.

Ds Stander was ywerig in huisbesoek; hy het die sustergemeente se siekes en noodlydendes ook besoek omdat hulle nie 'n gevestigde leraar gehad het nie. Selfs die Jode in ons gemeenskap het hy as sy verantwoordelikheid getrou besoek, die Cainers was nie uitgesluit nie.

Eendag het 'n berig ons dorp se fondamente geskud. Presies hoe dit gebeur het, weet ek nie meer nie, maar ou miessies Cainer is in haar kamer aangetref, haar keel afgesny -- die Cropp skeermes nog by haar. 'Selfmoord' het die berig gelui, maar ek weet nie wat die geregtelike bevinding was nie. Dominee het weer na die tragedie vir oubaas Cainer gaan opsoek en vir ons ouers vertel: "Hy sê hy mis sy ou vrou al het hulle al die jare so sleg gelewe, 'ek mis haar geskree en geskel op my.'"

*[RED]: Eullie het oor die afgelope paar jaar gereelde bydraes tot Deus Arx Mea gemaak. Hierdie is nog 'n bewys van haar skryftalent wat sy oor baie jare beoefen het. Baie dankie Eullie vir jou onbaatsugtige en liefdesdiens aan die Bond en spesifiek Deus Arx Mea. Eullie is huidig ongesteld en ondervind heelwat ongemak. Gelukkig word sy pragtig bygestaan deur haar minlike dogter, Salomé. Sterkte word hulle toegebid!*

# DIE DRIE HALWE SUSTERS VAN DR D F MALAN: ESSIE, ANNIE EN STINNIE

Mnr Daniël Francois Malan (b6c4dCe3f2), wat op die plaas Allesverloren by Riebeek-Wes geboer het, het ses kinders by sy eerste vrou, Anna Magdalena du Toit, gehad. Hulle was (van die oudste na die jongste): Francina Susanna (Cinie, later mev (ds) A A Louw), Daniël Francois (Danie - latere Eerste Minister), Maria Magdalena (Mimie, later mev Abraham le Roux), Stephanus Francois (Fanie, latere Kaaplandse L U K en senator), Pieter Andries (Pieter, wat op tienjarige ouderdom by die plaas teen Riebeek-Wes se Kasteelberg verongeluk het), en Jacobus du Toit (Koos Malan, wat geneesheer geword het).

Sy vrou (Anna Magdalena du Toit) is op 12 Junie 1893 oorlede. Op 8 Maart 1894 het hy weer getrou, met Esther Gertruida Fourie (uit Beaufort-Wes). Hy was toe 50 en sy 29 jaar oud. Uit hierdie tweede huwelik is drie dogters en 'n seun (wat baie vroeg oorlede is) gebore. Die dogters was: Esther Gertruida (Essie), Anna Magdalena (Annie) en Catharina Christina (Stinie) gebore. Essie is op 20 November 1893 gebore, Annie op 23 Januarie 1898, en Stinie op 23 of 24 Junie 1905, almal op Riebeek-Wes. Die kleuter-broertjie, Jonathan Fourie Malan (met die noemnaam "Fourietjie" en ook "Oubasie"), is op 12 September 1897 gebore. Hy is in 1901 op vierjarige ouderdom oorlede. Dr Malan het hierdie nuus ontvang toe hy 'n student in Utrecht, Nederland, was.



*Mev Esther Malan, tweede vrou van mnr Daniël Francois Malan van Allesverloren, Riebeek-Wes (Stiefmoeder van dr D F Malan), met hulle drie dogters: Essie (links bo), Annie (langs haar) en Stinnie (voor).*

1. Ester Gertruida (Essie), oudste van die drie halfsusters, was veral in Kaapstad bekend. Sy was een van die stigters van die Jan van Riebeeck skool in die stad. Sy is in 1936 in Seepunt, Kaapstad, met mnr B F (Bernardus Francis) Barnard, wewenaar, getroud. Hy was in sy loopbaan skoolhoof en later inspekteur van skole. Hy is gebore op 25 Augustus 1893, oorlede 11 Februarie 1955. (Sy tweede naam is Francis, nie Francois nie).

Mev Barnard (Essie) het 'n goeie skrywerstalent gehad en het jare lank die kinderdeel in Die Kerkbode behartig. Sy het in 1949 haar suster, mev A M Viljoen, daarmee begin help. Sedert 1954 het sy die kinderdeel egter alleen versorg. Sy het hierdie werk tot 1959 met groot liefde en toewyding gedoen en 'n groot vriendekring opgebou. Sy het haar veral beywer vir die Weeshuis-kersfonds. Sy het ook haar man gehelp met die opstel van rekenkundige boeke.

In die Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad het sy altyd 'n leidende aandeel geneem. Sy was ook lid van die Sensuurraad. Sy het 'n dogter en seun uit mnr Barnard se eerste huwelik grootgemaak asof hulle haar eie kinders was. (Hulle praat met groot lof van haar). Sy het self nie kinders gehad nie. Sy was 'n stil, beskeie mens, altyd met 'n innemende glimlaggie, en nie haastig nie.

Mev Barnard het die woorde van die Malan-lied gedig vir die Malan-saamtrek in 1951 op Franschhoek. (In die nuusbrief Deus Arx Mea is reeds ook kortliks oor haar geskryf).

Mev Barnard, wat die laaste jare van haar lewe in die Tuine, Kaapstad, net bokant die Hoërskool Jan van Riebeeck gewoon het, is op 15 Junie 1962 (op Welkom by haar skoonseun en dogter) oorlede, en in die begraafplaas langs die Hugenote Monument op Franschhoek begrawe.

2. Anna Magdalena (Annie), was in haar jonger jare 'n lektrise in opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad. Sy het in 1929 met mnr J M H (Johannes Markus Hermanus) Viljoen, in Kaapstad getrou. Hulle het saam 'n groot rol in kulturele kringe en op sosiale gebied gespeel. Mnr Viljoen het diep spore in die joernalistiek getrap. Hy was vanaf 1931 tot sy dood in 1949 redakteur van Die Huisgenoot. Hy het reuse bydraes gelewer tot die hoë vlug wat die moderne Afrikaanse dagblad en tydskrif-joernalistiek bereik het. Deur mnr Viljoen se toedoen is die Afrikaanse Eisteddfod onder beskerming van sy blad geplaas, wat Die Huisgenoot-skild uitgeloof het. Sodoende het dit tot 'n selfstandige vereniging uitgegroei, waarvan mnr Viljoen ook 'n tyd lank beskermheer was. Mev Anna Viljoen was jare lank voorsitster van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging (K.A.T.) en mnr Viljoen beskermheer. Hulle het gereeld Afrikaanse skrywer en -digters en bekendes op ander gebiede by hul huis in Oranjezicht onthaal. Mev Viljoen het die kinderdeel in Die Kerkbode behartig, en vanaf 1949 het haar suster, mev Essie Barnard, haar daarmee begin help. Sy was hoflik, opreg, en het 'n positiewe invloed gehad op talle studente en ander jong mense wat hulle vir die lewe voorberei het. Haar opgewektheid was 'n besondere kenmerk van haar lewe, en sy was altyd gereed om die mooi dinge in die lewe te waardeer. Sy was 'n reguit mens. As iets vir haar nie reg of regverdig was nie, het sy nie geskroom om dit vir die betrokkenes te sê nie.

Sy het oorgeloop van geesdrif en het graag gereis. Hulle was lief vir diere. Sy was byna net so 'n ywerige hengelaar as haar man. (In die somer was hulle dikwels by die Kaap daarmee doenig). En wintervakansies het sy saam met hom gekampeer op sy jagtogte in die Bosveld. Hulle was kinderloos.

Na mnr Viljoen se dood het sy met mnr David Preller getrou. (Hy is nie Dawid nie, maar David). Hy was sekretaris van die Goewerneur-generaal, dr E G Jansen. Mnr en mev Preller het van 1963 tot 1968 in Londen gewoon, waar hy aan die protokolraad van die Suid-Afrikaanse ambassade verbonde was. Sy was 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Vroueklub in Londen. Hulle het 'n bedrywige sosiale lewe gehad. Ook toe hul terug was in hul huis in Oranjezicht, Kaapstad, het hulle graag onthaal en gereeld opera, ballet-, toneelopvoerings en musiekuitvoerings bygewoon.

Sy wou altyd gehad het dat meer familienavorsing oor die Malans gedoen moes word. Sy is op 28 Julie 1976 op 75-jarige ouderdom in Kaapstad oorlede. (Mnr Preller woon nog in hul huis Waldo, Hugenote-laan, Oranjezicht, waar mev Annie Preller en haar eerste man, mnr Markus Viljoen, ook gewoon het).

3. Die jongste van die drie halfsusters, Catharina Christina, wat altyd "Stinie" genoem is, is (volgens 'n onlangse mededeling van haar seun, prof Johan Coetzee van Welgemoed, Bellville) op 23 Junie 1905 gebore. Stinie was met dr A J (Petrus) Coetzee getroud. Sy was 'n sprankelende, geesdriftige mens. Hulle het lank in die koperstreek van die destydse Noord-Rhodesië gewoon. Dr Coetzee was mediese dokter op Kitwe. Hulle het op 'n plasie in Devon Valley, Stellenbosch, afgetree en Stinie (mev Coetzee) is in 1965 daar (aan kanker) oorlede. Hulle het twee kinders: Johan en Estelle. (Johan, 'n mediese dokter, was narkotiseur by die Tygerberg-Hospitaal en is nou professor. Die bejaarde dr Petrus Coetzee (wat weer getroud is), woon tans op Oudtshoorn).

Esther Malan, die drie susters se moeder, het tydens familiebyeenkomste nooit toegelaat dat 'n foto geneem word alvorens die groot geraamde portret van die eerste moeder nie eers gehaal en netjies in die groep geplaas is nie. (Prof dr Bun Booyens meld dit in sy boek "Die Lewe van D F Malan. Die eerste Veertig Jaar", en daar verskyn ook so 'n foto in sy boek.)

Dr Malan se vader is op 22 September 1908 in die ouderdom van 64 jaar oorlede. Essie was toe 14, Annie 8 en Stinie 'n bietjie meer as 3 jaar oud. Dr Malan was 'n ongetroude predikant op Montagu, en dit was vir hom uitkoms toe sy stiefmoeder ingestem het om die volgende jaar met haar drie dogters in die pastorie te kom inwoon. Mev Preller het aangename indrukke en herinneringe van hul verblyf op Montagu gehad. Sy stiefmoeder, wat die huishouding op haar geneem het, was 'n stille krag in haar stiefseun se lewe en het baie in die gemeente beteken. Sy en haar dogters is ook in 1913 na Graaff-Reinet, sy volgende gemeente. Ook die hond, Comet, wat dr Malan in 1910 op Montagu, die jaar van die (destyds skouspelagtige) verskyning van Halley se komeet present gekry het, is saam. Hy is ook saam na Kaapstad, toe dr Malan (in 1915) die eerste redakteur van die koerant De Burger geword het. Comet het hom gereeld saans na Keeromstraat vergesel wanneer hy persoonlik sy hoofartikel by die koerantkantoor gaan aflewer het. Daar is 'n paar staaltjies oor hierdie slim hond, maar dit moet 'n mens in prof Booyens se boek oor dr Malan lees. NOTA: De Burger se naam was in die beginjare nog Nederlands.

***[RED]: Met dank aan Hannes Malan, Stellenbosch, vir hierdie interessante bydrae.***

## NUWE STREEK-VERTEENWOORDIGER

DIE VERHUISING VAN DR DANIE MALAN (BESTUURSLID EN STREEKVERTEENWOORDIGER VAN BLOEMFONTEIN NA PORT ELIZABETH IN JULIE VANJAAR, HET 'N VAKATURE TEWEEGGEBRING IN DIE VRYSTAAT EN NOORD-KAAP STREKE.


DERHALWE HET BESTUUR BESLUIT OM MNR DAWID EDUARD (DAWIE) MALAN VAN BLOEMFONTEIN IN DIE POS AAN TE STEL. HY WORD DUS OUTOMATIES LID VAN BESTUUR.

NAMENS ONS ALMAL, BAIE GELUK DAWIE, ONS VERTROU DAT JY DIE GOEIE WERK SAL VOORTSIT SOOS IN DIE VERLEDE.

ONS MAAK OOK VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK OM DR DANIE MALAN TE BEDANK VIR SY ONBAATSUGTIGE DIENS OOR DIE AFGELOPE NEGE JAAR.

[RED]

# MALAN FAMILIEWAPENS



Albertus Malan (b6c3d6e2fF)
Geb. 20.5.1856, Eikeboom, Wellington
X Elsje Malan van Salomonsvlei

Na aanleiding van die berig oor die Malan-familiewapen in Deus Arx Mea 18 van Desember 1998, p7, stuur ek hiermee drie voorbeelde van Malan-familiewapens. Elkeen verskil van mekaar en ek wonder hoeveel soorte daar in omloop is?

Nommers 1 en 2 het ek van Albertus Malan (oud-burgemeester van Wellington) se dogter, Ellatjie Malan gekry *(RED: Sy is die bekende tant Ellatjie Malan van Wellington oor wie Deus Arx Mea dikwels rapporteer het. Sy was 102 jaar en etlike maande oud met haar afsterwe op 17 Julie 1995).* Albertus Malan het beide hierdie wapens in sy korrespondensie gebruik. Ek het ook die foto van oom Albertus van haar ontvang.

Familiewapen nr 3 het ek van ds Berning Malan ontvang toe hy nog op Bredasdorp in die bediening was. Dit was van hout en rubber vervaardig. Hy't dit ook in sy korrespondensie gebruik.

Francois Malan, Robertson

***[RED]: Baie dankie Francois, vir hierdie insiggewende berig. Familiewapen nr 2 is identies met die een waaroor daar in Deus Arx Mea 18 van 1998 berig is. Bondslede kan gerus van hulle laat hoor in dié verband!***




***Nr 1***




***Nr 2***




***Nr 3***



# DIE MALANS VAN SUID-AFRIKA




***Drie Musketiers cum Outeurs:***
***Danie Malan (Pretoria); Danie Malan (Stellenbosch) en Hercules Malan (Pietersburg) tydens die Malan-saamtrek op Vredenheim, 24 Oktober 1998 (Die Burger, Saterdag, 28 November 1998)***

Dis reeds geskiedenis dat die tweede uitgawe van Die Malans van Suid-Afrika - Geskiedenis en Genealogie gepubliseer, en dat u die trotse besitter van 'n eksemplaar hiervan is. Wat egter "toekoms-geskiedenis" gaan bly, is die feit dat die drie Malans op foto hiernaas, hierdie reusetaak oor 'n periode van 10 jaar voltooi het: Voorwaar Hercules-arbeid en 'n groot prestasie - die Bond is baie trots op hulle! Hierdie puik werk sal sekerlik aan elke besitter daarvan se verwagtinge voldoen en nog baie vir elkeen in die verre toekoms beteken.

Daar is nog eksemplare van die boek beskikbaar teen R375 vir die stel van 2 boeke. Die outeurs het reeds 'n goedkoper weergawe bekendgestel (vergelyk berig "Boek : Die Malan-familie in Suid-Afrika, p 22). Laasgenoemde sal die volledige geskiedenis en geslagsregister bevat, maar nie die Engelse en Franse teks nie en ook nie sulke uitgebreide indekse hê nie. Enige verbeterings en aanvullings kan aan dr H M Malan gestuur word. Bestellings kan ook by hom geplaas word : Posbus 11766, Bendor Park, 0699.
[RED]

# BIOGRAFIESE WOORDEBOEK VAN SUID-AFRIKAANSE MALANS (BSAM)



Hierdie projek het reeds onder leiding van prof. S I Malan, Pretoria, begin en behels die insameling van biografiese gegewens van so veel Malans as moontlik. Hierdie persone hoef nie bekendes in die samelewing te gewees het nie, maar daar moet net genoeg oor hulle bekend wees om 'n sinvolle biografie te kan opstel. Vorms is reeds aan alle bondslede gepos en verdere verspreiding aan Malans en Malan-afstammelinge, word deur redaksie onderneem. U kan gerus met prof. S I Malan, Posbus 13557, Clubview, 0214, telefoon (012) 660-3293 in dié verband skakel.

Persone oor wie lewensbesonderhede vir die BSAM ontvang is, is soos volg. Diegene wat die besonderhede en dikwels foto's ingestuur het, word hartlik vir hulle moeite bedank:

Abraham Johannes Petrus (*1.7.1900 Adelaide)
Andries Francois (*21.10.1907 Hoopstad + 13.3.1991 Petrusburg)
Anna Catharina (*13.1.1913 Odendaalsrus)
Avril Iré de Nerindol (*31.5.1898 Adelaide + 23.7.1975 Glenmore)
Avril Stefan (*9.4.1937 Pretoria)
Carolina Francojse (&26.6.1957 Ladybrand)
Cornelia Johanna Catharina (*15.6.1903 Adelaide + 1985)
Daniel Johannes (*25.1.1920 Kimberley)
Daniel Johannes (*26.9.1867 Wellington + 2.8.1934 Wellington)
Daniel Johannes (*28.3.1910 Hoopstad + 9.12.1980 Bethlehem)
Dawie Lourens (*23.4.1979 Usakos)
Elizabeth Fredricka (*13.12.1900 Hanover)
Erlanka (*29.4.1982 Windhoek)
Eleonora Hugo (Eullie)(*22.9.1915 Wolmaransstad) [nou Van Heerden]
Francois (*3.10.1897 Wellington + 8.4.1969 Wellington)
Frederick John Berning (*30.4.1897 Adelaide + 9.12.1963 Bellville)
George Frederick (&15.1.1913 Humansdorp)
Gert Stephanus Gouws (*19.11.1873 Prins Albert + 29.3.1969 Hanover)
Gertruida Anna (*15.3.1904 Paarl) *[Wat 'n voorbeeld vir ons jonger geslag!!]*
Hendrik Grobbelaar (*4.4.1926 Keimoes)
Hercules Phillippus (*15.6.1928 Delareyville)
Jacques de Villiers (*8.10.1977) Johan Christiaan van Rensburg (*6.12.1946 Maltahöhe)
Jacques Francois (*17.2.1960 Colesberg)
Jëan Nicolaas (*20.3.1958) Magdalena Leonora (*2.3.1901 Adelaide + 16.5.1986 Paarl)
Magnus André de Merindol (*30.1.1930 Pretoria)
Magnus David George (*10.11.1895 Adelaide + 31.10.1918 Windhoek)
Maria Magdalena (*28.10.1905 Hoopstad + Louis Trichardt)
Pieter Jacob de Villiers (*4.6.1975 Windhoek)
Pieter Jacob de Villiers (*5.1.1915 Springbok)
Pieter Jacob de Villiers (*20.8.1944 Mariental)
Sulet (*22.8.1984 Douglas)

'n Beroep word op u almal gedoen om hierdie lofwaardige projek heelhartig te ondersteun. 'n Opregte dankwoord ook aan prof. Malan vir sy onbaatsugtige pligpleging om BSAM moontlik te maak.

Voorsitter

(Vervolg op p 30)

# WIE KAN HELP?

*[RED]: Dr Francois S Malan (b6c4dCe5f4g1h2i1), 33ste Laan 902, Villieria 0186, Pretoria, skrywe as volg na aanleiding van berig "UIT DIE WAKIS", DEUS ARX MEA Jaargang 9 nr 18 Desember 1998. Stuur asseblief enige inligting waaroor u mag beskik aan Die Malan-familiebond.*

"Ek wil vir u baie dankie sê vir die baie interessante nuusbrief wat u in Desember verlede jaar uitgestuur het. Ek wil veral vir Prof Fanie Malan dankie sê vir sy bydrae oor die Malans wat begrawe lê in die verskillende begraafplase in en om Wellington. Ek was veral aangenaam verras met die foto van die FS'e by die gedenksteen op die graf van die eerste FS. Tweede van links op die foto verskyn my oupa wat op daardie stadium predikant was op Tulbach of Wynberg (b6c4dCe5f4g1). Ek het hom ongelukkig nooit geken nie omdat hy oorlede is toe ek nog net drie jaar oud was. Ek was nie bewus van die bestaan van hierdie foto nie, daarom die verrassing!

Ek het Prof Fanie se inligting deeglik deurgewerk omdat ek baie graag wil weet waar my oupagrootjie begrawe is. Hy was Guillaume Francois (b6c4dCe5f4) en is gedurende 1929 op Robbeneiland oorlede, vermoedelik weens melaatsheid. Ek kon nog nie vasstel waar hy begrawe is nie en Prof Fanie se inligting het ook niks opgelewer nie. Is daar enige inligting beskikbaar oor die Malan's wat op Robbeneiland begrawe is?"

Met vriendelike groete,
Francois

# UIT DIE VERLEDE

45 Jaar gelede het Die Huisgenoot 'n voorbladfoto geplaas van dr D F Malan as huldeblyk aan 'n man wat 'n lang openbare loopbaan met goeie wense van sowel voorstander as teenstander, beëindig het. Kom ons kyk na die interessante gegewens:

Dr Malan was die eerste premier van Suid-Afrika wat vrywillig uitgetree het. Hy is die eerste wat na sy tagtigste verjaardag nog Eerste Minister was.

Sy Kabinet is die eerste wat uitsluitend uit Afrikaanssprekendes bestaan het. By aanvaarding van die premierskap het hy dit betreur dat dit nie vir hom moontlik is om Engelssprekendes op te neem nie. Hy het egter gesê dat sy Kabinet die eerste tweetalige van Suid-Afrika is.

Hy was ook die eerste premier van die Unie wat nie 'n generaal was en nie uit die twee gewese republieke voortgekom het nie.

*[RED]: Die Huisgenoot, 24 Desember 1954.*

# LONG TOM VERTEL

Oktober vanjaar sal dit presies 100 jaar gelede wees dat Boer en Brit mekaar die stryd aangesê het op Suid-Afrikaanse bodem.

Die Malans se deelname aan die 2de Vryheidsoorlog (1899 - 1902) behoort elkeen van ons na aan die hart te lê. Die Bestuur van die Familiebond het dan ook besluit om teen die agtergrond van die landwye herdenkingsvieringe, hulde aan diesulkes te bring. Long Tom vertel vir ons hiervan!

Om Long Tom se vertelling moontlik te maak, het prof. Fanie Malan van Pretoria, soos altyd onderneem om navorsing en verslag te doen en hom weereens uitstekend van sy taak gekwyt. Weliswaar is daar nog heelwat ontbrekende inligting, en lede word gevra om asseblief met prof. Malan in verbinding te tree indien hulle kan help. Sy adres verskyn onder die toepaslike navraag in hierdie berig.

In opvolging van hierdie besondere bydrae, word beoog om teen Desember 1999 volledig verslag te doen oor die Malans se betrokkenheid, hetsy in boekvorm of as 'n spesiale uitgawe van Deus Arx Mea. Dit opsigself sal 'n uiters waardevolle stukkie Africana vir elke Malan of Malan-afstammeling wees.

Tydens die 10-jarige herdenking van die Familiebond in Oktober 1999, sal 'n spesiale rede oor die Malans se deelname aan die Anglo-Boereoorlog gelewer word.

Redaksie spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor prof. Fanie Malan, Pretoria, en ds. Hercules Malan, Strand, vir hulle onbaatsugtige bydraes. Maklikheidshalwe word ds Malan se drie berigte numeries as Deel I en prof. Malan s'n alfabeties as Deel II geplaas.



**'N BOERE LONG TOM OPPAD ......!**

DEEL I

Ds. Malan sê:

"Soos jy sal sien, is al die gevalle nou nie van so 'n aard dat mens daarop trots is nie, maar ek dink mens kan dit plaas sodat Malans nie dalk 'n skewe of eensydige beeld van hulleself kry nie. Bydraes is uit die volgende publikasies geneem."

**<u>Laslapherinneringe van die driejarige oorlog</u> - deur Gezina du Plessis (agterkleindogter van Pres. Paul Kruger)**

1. "Ek onthou voor my vader weg is op kommando, het hy in die beeskraal 'n gat laat grawe. Daarin het hy my ma se pragtige porselein breekgoed gebêre en goed toegegooi. Na die oorlog was dit egter weg. Iemand het dit uitgehaal en daar het stukke daarvan rond gelê. Ons het gedink dit was die werk van die swartes, maar het uitgevind dat dit oom Jasper Malan* was wat dit uitgehaal het. Hy was 'n "Scout" en hensopper van die Engelse. Ja, dit is 'n skande, maar daar was diesulkes. Boere wat vir die Engelse Tommies gaan wys het waar die Boere hulle waardevolle goed weggesteek het."

(vertel deur mev Roux - nee Ellis gebore 1892 te Rieckertsdam, Marico.) *[RED]: *Jasper Malan - a1b6c4d1e2f1g2h2.*

**Oorlogsherinneringe van Genl. Chris H Muller**

2. Daar was geen besluit om die kamp te storm nie, alleen om soveel van die vyand en hulle perde en trekdiere as moontlik dood te skiet. As ons besluit het om te storm, sou al die burgers van een kant af moes gekom het, want as 'n mens 'n kamp in die donker van verskillende rigtings storm, bestaan daar tog alle moontlikheid dat jy jou eie mense sal doodskiet.

Toe ons egter begin skiet, storm die Middelburg-kommando onder komdt. Trichardt. Ons het niks hiervan geweet nie en hou maar aan met skiet, later het ons teruggetrek en die volgende dag eers van die ongeluk gehoor. Daar het van die Middelburg-kommando nege mense geval, nl. J J Krige, H J J van Vuuren, D J Coetzee, L J van der Merwe, A J du Preez, W van Zijl, M Coetzee en S F Malan*. Die burgers wat hier geval het, was van die dapperste en edelste jong Afrikaners. Veldkt. Japie Krige van Mapog se land was een van ons dapperste, gehoorsaamste en mees geliefde offisiere, en sy dood was 'n groot verlies vir ons kommando. Van die Engelse het daar ook 'n hele paar man geval, hulle mense is aan die westekant en ons mense aan die oostekant van die pad begrawe, dit was die nag van die 19de Desember 1901. *[RED]: *Wie kan hom identifiseer?*

**Kommandant Danie Theron-deur J H Breytenbach M.A. D.Phil**

3. Nadat hy hom op die oggend van die 22ste deur verkenning in eie persoon daarvan oortuig het dat die walaer, wat die nag deur die Renosterrivier gegaan het, ten minste daardie dag veilig verder sou voort reis, het Danie met sy manskappe daardie middag swygend in die rigting van Heuningspruitstasie vertrek om die Engelse spoorweg-verkeer 'n bietjie te gaan ontwrig.

Kort na sononder bereik hulle die spoorbaan, juis toe daar 'n trein van Kroonstad af aangery kom. In die skemer gewaar die treinbemanning hulle gelukkig nie, en dit gee hulle dus voldoende geleentheid om hulle behoorlik langs die spoorweg te ontplooi en ook 'n aantal ysters op die baan te plaas, met die doel om enige aankomende trein tot stilstand te bring. Toe 'n tweede trein uiteindelik opdaag en die masjinis besef dat daar 'n versperring op die spoor is, het hy sy spoed

verminder, 'n kans waarvan een van die lede van die korps, Wynand Malan*, dadelik gebruik gemaak het. Hy het nl. teen een van die treine opgeklouter en die buis van die lugrem losgemaak.

Met 'n geknars van remme wat vasslaan, kom die trein al rukkende tot stilstand, terwyl die masjinis uitklim om te kyk wat gaande is. Onderwyl hy met 'n lantern langs die spoor afstap, brand een van die burgers met sy Mauser op hom los en ontketen daarmee 'n woeste geskiet op die trein.

Die geveg was van korte duur. "We surrender, we surrender!" het dit weldra van al die kante weergalm, en 'n paar oomblikke later was die hele bemanning, waaronder etlike gewondes, krygsgevangenes in die hande van die Boere. Nou verlustig die kêrels hulle daarin om die groot hoeveelheid "army rations" te buit. Daarna word die trein met die grootste gedeelte van sy vrag - wat nie meegevoer kan word nie - aan die brand gesteek.

*[RED]: *Hierdie Wynand Malan was 'n vertroueling van Danie Theron want hy het hom soms met boodskappe gestuur. Hy mag identies wees met die latere veggeneraal Wynand Charl Malan (a1b6c3d6e7f8g1) - 16.8.1872 - 9.2.1953.*

DEEL II

Prof. Fanie Malan

## A Wat 'n lyding van 'n Penkop!

BURGERT GODLIED [a1b6c5d7e7f3g5: *3.5.1885 Rustenburg †7.11.1901 *Cyferfontein ∆ Doornpoort*, Koster] was die seun van Jacobus Marthinus (1831-1901) en Engela Elizabeth Botha (1832-1899). Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog sluit hy as 14-jarige saam met sy vader by die Boeremagte aan en dien in die Rustenburgse kommando. Tydens die geveg by *Kleinfontein*, Koster(?) word hy gewond en na *Cyferfontein* geneem waar hy eers vyf maande later aan sy wonde beswyk het. Hy word te *Doornpoort*, Koster begrawe. Later is sy grafsteen verwyder en by die Burghermonument te Zeerust heropgerig. Sy vader sneuwel vyf maande voor die seun se dood op *Doornpoort* waar ook hy begrawe is. **Bronne:** HMM, p.899; NMR 17.2.1999, p.1.

## Kinderwaagmoed

Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek, sluit Petrus (**PETRUS JOUBERT** [a1b6c3d6e7f16g2: *22.11.1886 Wakkerstroom †9.7.1977 Pta s/v Abraham Hugo (1860-1910)] as 13-jarige by die Boeremagte aan. Petrus is nooit gevang of gewond nie, maar nadat sy vader op 30.5.1901 gevange geneem is, het generaal C F Beyers - volgens 'n brief van Petrus gedateer 3.12.1949 - vir hom gesê dat "aangesien al [sy] ooms en neefs en [sy] pa nou gevang of dood of weg was [hy] maar huistoe kan gaan." Petrus skryf verder: "Dit was maklik want ek het die pas gehad, wat ek met 'n geleendheid [*sic.*] gekrij het wat [waarmee!] ek en nog 2 op spioen werk Pretoria ingekom het. Met die pas het ek Jan Cilliers [*sic.*] die Digter, vir Piet du Toit en Gert Rossoux [*sic.*] uit Pretoria geneem."

Petrus was 15 jaar oud toe hy huis toe gestuur is. Na die oorlog het hy hom as onderwyser bekwaam en later skoolhoof op Blyvooruitzicht geword. Hy trou op 23.5.1910 te Beaufort-Wes met Martha Magdalena Jacobsz (*26.9.1887 Beaufort-Wes †28.7.1972 Pta). Uit die huwelik is 'n seun en vier dogters gebore. **Bronne:** HMM, p.562; SAW(Dok), lêerhouer H.18c

## 'n Penkop gaan huis toe!

Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek was JACOBUS STEPHANUS [a1b6c4d1e2f1g11h3: *4.11.1886 Rbg †18.10.1962 Rbg s/v Jacobus Stephanus (1862-1951)] 13 jaar oud en wag hy weens sy jeug vir die begin van 1901 toe hy reeds 15 jaar oud was voordat hy by die Boeremagte aansluit. Hy vorm deel van die Rustenburgse kommando en dien onder kommandant Theunis Christoffel Stoffberg (1861-1937)[en M J Ross?]. Hy neem aan 'n geveg te Warmbad deel sowel as 'n aantal kleiner skermutselings. Ses maande voor vredesluiting word hy as 15-jarige gevang en vanweë sy jeug na sy ma in die Iréne-kamp buite Pretoria gestuur en gevolglik nie as krygsgevangene geregistreer nie. Dat dit gebeur het, moes hy van voorkoms baie jeugdig gelyk het aangesien andere soos Philippus Daniël (1885-1965) en Nicolaas Rossouw (1885-1967) maar net 14 jaar oud was toe hulle gevang is en tog na oorsese kampe gestuur is. Na die oorlog boer hy op *Elandsdrif*, Mooinooi (Rustenburg) en trou op 10.11.1910 te Rustenburg met Johannes Frederik Barnard [*sic.*] (*24.5.1891 Rbg †18.10.1961 Rbg). Hulle het vier seuns en agt dogters gehad. **Bronne:** HMM, p.675; SAW(Dok), AG(5)207/1/5044 lêerhouer H.39.

## B. Malan-offisiere

In ons ondersoeke is dusver die volgende Malan-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog uitgeken. Daar kan nog ander wees. Enigiemand wat die lys kan aanvul of verbeter, moet asseblief so gou doenlik die besonderhede aan Fanie Malan, Posbus 13557, CLUBVIEW, 0014 stuur. Dit word benodig vir die finale dokument oor die aandeel van Malans aan die Tweede Vryheidsoorlog wat ons hoop om voor die einde van hierdie jaar gereed te hê:

ABRAHAM HUGO (a1b6d3e6f7g16) (1860-1910) die seun van Charl Wynand (1812-1883) is tot kommandant bevorder. Hy was die stigter van die Afrikaner Cavalriecorps (ACC) - skynbaar ook as die Malankorps bekend. Tydens die slag van Olifantsfontein, Donkerpoort in Julie 1900 is hy gewond en op 30 Mei 1901 word hy te Olifantsfontein gevang en as krygsgevangenenommer 19974 na Bermuda gestuur. **Bronne:** *DAM* Des.1997, p.12-14; OM, 3.9.1998 & bylaag; MER p.79; HMM, p.560; JM1, 104 (foto).

CORNELIS TOBIAS JOHANNES (a1b6c9d9e6f8)(1878-1965) die seun van David Jacobus (1839-1896) het as kaptein/adjudant in die Standerton-regiment gedien. **Bronne:** HMM, p.966; Mrek R5291; Fors, p.98; JM2, p.39 (foto, p.40); SAW(Dok), AG(3)370/ 9/8723 lêerhouer H.58d.

DANIËL JACOB was luitenant van die rapportryers. Hy is verskeie kere na Europa gestuur om president Paul Kruger op die hoogte te hou van verwikkelinge. **Bronne:** Fors, p.98; SAW(Dok), AG(4)431/1/791 lêerhouer H.13; JM1, p.206 [*Geen nadere besonderhede kon nog oor hom gevind word nie. Hy kom ook nie in die Malanregister voor nie!*].

DAVID JACOBUS (a1b6c9d9e6f4) (1871-1948) was die seun van David Jacobus (1847-1896). Hy is op die plaas *Rietfontein* gevange geneem en as krygsgevangenenommer 13232 na die kamp te Groenpunt gestuur. Hy het sy woonadres as *Rietfontein*, Pretoria aangegee en het in die Elandsrivierse veldkornetskap skynbaar as gewone burger gedien. **Bronne:** HMM, p.962; Mrek R5228; OM *[Die vermoede is dat hy offisiersrang besit het, maar dit kon dusver nie bevestig word nie!]*.

GIULLAUME JOHANNES (a1b6c4d1e2f1g5) (1850-1927) was die seun van Jacob Stephanus (1814-1897). Hy boer op *Groenlaagte*, Middelburg, Tvl. Hy het as veldkornet deelgeneem aan die Tweede Vryheidsoorlog en was skynbaar aan die Middelburgse veldkornetskap verbonde. **Bronne:** HMM, p.661; Mrek R3626; Fors, p.98.

HENDRIK FRANCOIS (a1b6c3d2e5f4g5) (1879-1959) was die seun van Hendrik Francois (1833-1912). Hy veg onder generaal Koos de la Rey en word later tot veldkornet bevorder. Hy het op *Tweelingspruit*, Lichtenburg geboer. **Bronne:** HMM, p.511; Fors, p.98 [*Dis onseker of Fors (p.98)*

*na hom of sy vader verwys. Daar word voorlopig aangeneem dat dit die seun was na wie verwys word.*]

HERCULES PHILIPPUS (a1b6c5d9e5) (1821-1909) s/v Hercules Philippus (1791-1838). Hy was kommandant by die Boeremagte en het op *Zwartkoppies,* Rustenburg geboer. **Bronne:** HMM, p.938; Mrek R1170; JM1, p.104.

HERCULES PHILIPPUS (a1b6c5d9e4f2) (1842-1918) die seun van Jacob Jacobus (1820-1917). Hy was kommandant onder generaal Ben Viljoen en het op *Koffiebank,* Carolina geboer. **Bronne:** HMM, p.930; JM1, p.104 (foto); MER, p.89, 122, 231; *DAM* Des.1997, p.12-14 (pentekening).

J was 'n luitenant gedurende die oorlog. Geen nadere besonderhede is bekend nie. **Bronne:** JM1, p.206 (pentekening)

**JACOBUS MARTHINUS** (a1b6c5d7e7) (1831-1901) seun van Jacobus (1787-1838). Hy dien as korporaal onder genl. Koos de la Rey. Hy sneuwel te *Doornpoort,* Rustenburg. Voor die oorlog was hy lid van die Volksraad van die ZAR. **Bronne:** HMM, p.895; Fors, p.98 [*Volgens Fors (p.98) was daar twee persone met hierdie name wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het. Die een was die een hier genoem en die ander 'n burger uit Middelburg (Hy verskyn net hierna.) Daar word voorlopig aangeneem dat Jacobus Marthinus (1831-1901) eersgenoemde was. Hy word nie deur JM1 aangegee nie.*]

JACOBUS MARTHINUS (a1b6c5d7e10f4) (1865-1900) was die seun van Hercules Philippus (1836-1899). Was ook hy 'n gesiene lid van die Volksraad van die ZAR? Was dit hy wat as korporaal onder generaal Koos de la Rey geveg het en op 31.8.1900 by Slypsteenkoppie naby Zeerust gesneuwel het? **Bronne:** Brey, p.171; Fors, p.98; HMM, p.909; Mrek R4783 (*Hy word nie deur JM1 aangegee nie*).

JOHANNES FRANCOIS (a1b6c3d6e7f17) (1862-1900) was die seun van Charl Wynand (1812-1883). Hy sluit - soos sy broers Abraham Hugo (1860-1910) en Francois Jacobus (1846-1912) - as 57-jarige by die Boeremagte aan en vorder tot die rang van kaptein. Met die slag van Olifantsfontein sneuwel hy en word tussen twee rye treinspore te Langlaagtestasie begrawe. **Bronne:** HMM, p.564; NMR 17.2.1999, p.1 (*Hy word nie deur JM1 aangegee nie*).

JOHANNES LODEWICUS (a1b6c3d6e7f1g6) (1873-1951) se vader was Daniël Johannes (1837-1896). Hy sluit by die Staatsartillerie van die ZAR aan en is voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog tot veldkornet in hulle diens bevorder. Tydens die oorlog word hy tot luitenant bevorder. Op 11.1.1902 word hy as 27-jarige naby Ermelo gevange geneem en as krygsgevangenenommer 28162 na St. Helena gestuur. Hy het in die Pretoria-veldkornetskap gedien. **Bronne:** HMM, p.540; Mrek R1492; OM; JM1, p.207 (foto).

**PIETER JOHANNES** (a1b6c4d9e4f5g5) (1878-1949) se vader was Jacob Johannes (1847-1924). Hy neem saam met sy vader en sy broer, Jacob Johannes (1881-1963), aan die oorlog deel en word later tot kaptein bevorder. **Bronne:** Fors, p.98; HMM, p.785 [*Fors (p.98) dui aan dat hy van Griekwaland-Wes was en JM1 gee hom nie aan nie.*]

**WYNAND CHARL** [a1b6c3d6e7f8g1: (*16.8.1872 *Beyersfontein,* Murraysburg †9.2.1953 *Doringkop,* Tanganyika) s/v Jacobus (Koos) Johannes (*3.6.1848 Prl †14.5.1917 Arusha, Tanganjika) en Margaretha Elizabeth Pienaar (*11.2.1852 Graaff-Reinet †7.8.1936 Arusha, Tanganjika)] het gedurende die oorlog tot die rang van veggeneraal gevorder. **Bronne:** Brey, p.232,240,270, 273-274 (foto's p.232); SABW, III, p.588-589; Piet; Fors, p.98; JM2, p.42 (foto); HMM, p.549; SAW(Dok), AG(3)2045/9/8723 lêerhouer H.62c [***Volledige besonderhede oor hom is bekend!***].

**Afkortings**

| | | |
|---|---|---|
| Brey | = | Breytenbach, J.H., red. *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad: Nasionale Pers, 1949 |
| *DAM* | = | *Deus Arx Mea* |
| Fors | = | Forsyth, D.R. *Medaljerol.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum (*ongepubliseerd*) |
| HMM | = | Malan, H.M., en ander samestellers *Die Malans van Suid-Afrika; tweede druk.* Bloemfontein: Die Samestellers, 1998 |
| JM1 | = | Malan, Jacques *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog,* 1899-1902. Pretoria: J.P. van der Walt, 1990. |
| JM2 | = | Malan, Jacques *Familie-album en geslagregister van Daniël Malan (1799-1881) van Brandbach, Transvaal.* Pretoria: Die Skrywer, [1971] |
| MER | = | Rothman, M.E. *Oorlogsdagboek.* Tafelberg uitgewers, 1947 |
| Mrek | = | Rekenaardatabank van Malans. |
| NMR | = | Nasionale Monumenteraad, *Malan-slagoffers van Botsings* Johannesburg: (*ongepubliseerd*), 1999 |
| OM | = | Oorlogsmuseum, Bloemfontein *Korrespondensie,* 3.9.1998 & bylaag |
| SAW(Dok) | = | Suid-Afrikaanse Weermag. Dokumentasiesentrum *Anglo-Boereoorlog-lêers.* Pretoria: (*ongepubliseerd*) |
| ZAR | = | Zuid-Afrikaansche Republiek |

## C Geen groter offer

Toe David Daniël Malan [a1b6c5d9e2f7g1: *7.1.1873 Kroonstad †10.3.1900 *Abrahamskraal,* Bloemfontein, die seun van Jan Hendrik (1851-1912) van die plaas *Ossehoek,* Senekal en Anna Magdalena Hattingh (1855-1936)], op die 10de Maart 1900 onder die leiding van genl. C.R. de Wet op die plaas *Abrahamskraal,* ongeveer 50 km suidwes van Bloemfontein aanland, was hy vol moed en lewenslus nieteenstaande die verlies wat die Boere onder die oorgawe van genl. Cronjé gely het en die algemene mismoedigheid wat daar geheers het.

Hier op *Abrahamskraal* sit die Boere hulle teen die agtervolgende Engelse teë. Daar ontstaan 'n hewige geveg. Die Boere verset hulle hardnekkig, maar moet voor die oormag swig. Terwyl hulle terugval, word 'n makker van David se perd onder hom doodgeskiet. David val terug en help sy makker om op sy eie perd te klim. In die vertraging word David noodlottig in die nek getref. Sy makker ontkom, maar hy sneuwel.

David se broer, Francois (1877-1952) is op 30.7.1900 te Fouriesburg gevange geneem en sy ander broer, Jan Hendrik (1881-1965), skynbaar ook. Sy suster, Engela Jacoba Francina (1875-1901) sterf in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp.

David rus by die gedenkteken wat later op *Abrahamskraal* opgerig is om die heldestryd te herdenk.

'n Nadraai van hierdie veldslag wat David betref, is dat die Bybeltjie wat hy altoos saam met hom gedra het, dáár op die slagveld deur 'n Engelsman gebuit is. Jare later sou hierdie Bybeltjie weer in die hande van die familie kom om tydens die griepepidemie van 1914 weereens spoorloos te verdwyn net om maar weer op wonderbaarlike wyse later weer in die hande van die familie te kom.

David se naam verskyn op die gedenksteen van die NG Kerk op Senekal, opgerig ter ere van die burgers wat lidmate van die kerk was en tydens die stryd die hoogste tol betaal het.

[*Mededeling van ds. Hercules Malan van die Strand. Daniël was sy oom. Hy het die verhaal van sy vader, wat self aan die oorlog deelgeneem het, gekry.*]

[*'n Foto van David verskyn in DAM 9 (17) Junie 1998, p.15*]

## D 'n Familie wat swaar getref is

Daar is baie families wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog swaar deur die dood, verbanning, gevangeskap, honger en siekte getref is. Dis onmoontlik om 'n enkel Malan-familie uit te lig wat die swaarste onder hierdie juk gebuk gegaan het. 'n Besoek aan die konsentrasiekampbegraafplaas te Iréne buite Pretoria het byvoorbeeld aan die lig gebring dat nie minder as 53 Prinsloos in hierdie kamp gesterf het en hulle was maar net 'n gedeeltetjie van die 1139 sterfgevalle in hierdie kamp waarvan ons weet. Hulle was natuurlik nie almal uit een familiekring nie, maar deur bloed ongetwyfeld verwant. En dit sluit nie die Prinsloo-dogters in wat met mans uit ander families getrou het en moontlik ook hul einde daar gevind het nie.

Wat die Malans betref, is die geval van Jacob Stephanus [a1b6c4d1e2f1g2 [1841-1902], die seun van Jacob Stephanus (1814-1897) en Anna Susanna Jacobs (1818-1875)] seker nie 'n algehele uitsondering nie. Ons haal sy geval aan net om te wys wat in een Malan-familie gebeur het. Hierdie familie het erg in hierdie oorlog gely want die vader is in die vreemde oorlede, drie van sy broers sneuwel gedurende hierdie stryd terwyl 'n broertjie, Gabriël Gerhardus (*1892) in die Iréne-konsentrasiekamp sterf. Daarbenewens was daar heelwat ander direkte verwantes wat soortgelyke lyding moes deurmaak.

Jacob het twee keer getrou. Die eerste keer was dit met Martha Cloete en die tweede keer met Aletta de Beer. Altesaam het hy twaalf seuns en vier dogters gehad. Twee dogters en vier seuns is klein dood. Die een seuntjie, Gabriël Gerharuds (1892-1901), sterf in die Iréne-konsentrasiekamp, waar sy moeder en van die ander kinders aangehou is, en word daar begrawe.

Hy boer op *Waterval*, Rustenburg en toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek, sluit hy net soos sy broers Daniël Jacobus Roelof (1839-1913), Sarel Francois (1844-1936), Giullaume Johannes (1850-1957), Gabriël Gerhardus (1854-1940) en Jacobus Stephanus (1862-1951) by die Boeremagte aan. Daarbenewens het ook minstens drie - vir sover ons weet - van sy seuns, Jacob Stephanus (1879-ca.1900), Sarel Francois (1877-ca.1900) en Christoffel Johannes Adriaan (1882-1900) en heelwat neefs en broerskinders ook by die Boeremagte aangesluit.

Jacob het as gewone burger geveg en as deel van die Rustenburgse kommando gedien. Op 2.11.1901 word hy op *Tierputsfontein* gevange geneem en as krygsgevangenenommer 25989 na St. Helena gestuur. Hier sterf hy as gevolg van algemene verswakking terwyl hy nog aangehou word en word op die eiland in die vreemde begrawe.

### Gesneuwel

**Van sy familielede, insluitende drie van sy kinders, het die volgende gesneuwel:**

David Andries (a1b6c4d1e2f1g5h2) (1871-1900) van die berede polisie van die ZAR neem deel aan 'n geveg te Pietershoogte naby Congella in Natal en word ernstig op 27.2.1900 gewond. Hy sterf of 3.3.1900 te Congella aan sy wonde;

Sarel Francois (a1b6c4d1e2f1g5h6) (1879-1901) sneuwel op 19.12.1901 in die geveg by Kleinsuikerboschkop naby Dullstroom. Hy word te *Ouhoutbossie*, Dullstroom begrawe en later by die Berg-en-Dal-monument herbegrawe;

Jacob Stephanus (a1b6c4d1e2f1g2h10) (1879-ca.1900) sneuwel in hierdie stryd. [*Nadere besonderhede onbekend.*]

Sarel Francois (a1b6c4d1e2f1g2h9) (1877-1900) sneuwel op 22.7.1900 te *Wysfontein*, Rustenburg.

## E. Krygsgevangenes

**Die volgende familielede is gevang en na krygsgevangenekampe gestuur:**

**Daniël Jacobus Roelof** (a1b6c4d1e2f1g3h7) (1877-1964) word op 18.7.1900 as 22-jarige op die plaas *Boschfontein*, Rustenburg gevang en as nommer 8280 na die kamp by Diyatalawa gestuur;

**Ernst Hendrik** (a1b6c4d1e2f1g3h2) (1866-1962) word op 4.8.1900 te Rustenburg gevang en as Ernest H. Malan krygsgevangenenommer 8284 na die Diyatalawa-kamp gestuur;

**Gabriel Gerhardus** (a1b6c4d1e2f1g7) (1854-1940) word op 4.11.1901 te Rustenburg as 47-jarige gevang en as nommer 24914 na die kamp te Bermuda gestuur;

**Giullaume** (a1b6c4d1e2f1g3h8) (1880-1945) word as veldkornet en as 20-jarige op *Boschfontein*, Rustenburg gevang en as nommer 11546 na 'n krygsgevangenekamp gestuur;

**Immanuel Andries** (a1b6c4d1e2f1g3h6) (1875-1956) is by Kommandosnek gewond en as 25-jarige op 9.8.1900 aan sy huis te Pretoria gevang en as nommer 11331 na die Diyatalawa-kamp gestuur;

**Jacobus Stephanus** (a1b6c4d1e2f1g11) (1862-1951) word op 4.11.1901 e Wolhuterskop gevang en as nommer 29029 na die kamp op Bermuda gestuur;

**Jacobus Stephanus** (a1b6c4d1e2f1g11h3) (1886-1962) word ses maande voor vredesluiting as 15-jarige penkop gevang en vanweë sy jeug na sy ma in die Iréne-konsentrasiekamp buite Pretoria gestuur;

**Philippus Daniël** (a1b6c4d1e2f1g11h2) (1885-1965) word op 4.11.1901 as penkop by Wolhuterskop gevang en as nommer 24915 na die kamp of Hawkinseiland gestuur;

**Pieter Daniël** (a1b6c4d1e2f1g3h9) (*1882) word op 7.7.1900 as 18-jarige te Rustenburg gevang en as nommer 8279 na die Diyatalawa-kamp gestuur;

**Sarel Francois** (a1b6c4d1e2f1g3) (1844-1936) van *Boschfontein*, Rustenburg word op 18.7.1900 te Rustenburg gevang en as nommer 8281 na die Diyatalawa-kamp gestuur;

### Oorlede in aanhouding

**Die volgende is oorlede terwyl hy krygsgevangene was:**

Jacob Stephanus (a1b6c4d1e2f1g2) (1841-1902) word op 2.11.1901 as bykans 60-jarige op *Tierputsfontein* gevang en as nommer 25989 na St. Helena gestuur. Hier sterf hy op 26.4.1902 as gevolg van algemene verswakking en word op die eiland begrawe.

## F. Iréne-konsentrasiekamp

**Die konsentrasiekamp het ook hul tol geëis:**

Gabriël Gerhardus (a1b6c4d1e2f1g2h16) (1892-1901) sterf in die Iréne-konsentrasiekamp;

Ernst Hendrik (a1b6c4d1e2f1g3h2i5) (*1897-1900) het vermoedelik in 'n konsentrasiekamp as 3-jarige gesterf.

*Daarbenewens was daar talle vroue en kinders wat ingekerker was en wonderbaarlik die ontberinge oorleef het. Daar is te veel van hulle om hier aan te haal!*

## G. Bittereinders

**Dan was daar drie lede van hierdie familie wat met heldemoed tot die einde toe in die stryd gebly het:**

Johannes Marthinus (a1b6c4d1e2f1g5h7) (*1881);
Pieter Daniël (a1b6c4d1e2f1g5h8) (1884-1941);
Daniël Jacobus Roelof (a1b6c4d1e2f1g1) (1839-1913)

## H. Kan u help!

Die Nasionale Monumente Raad (voorheen die Nasionale Raad vir Historiese Gedenkwaardighede) kon 'n lys op 17.2.1999 van Malans verskaf wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog óf gesneuwel óf aan wonde beswyk óf in konsentrasiekampe oorlede is.

Hierdie lys is nie volledig nie en gee slegs die voorletters van die betrokke Malans aan. Gelukkig kon dit aangevul word uit gegewens wat in Hercules se *Malan-register* en elders gevind is. Daar bly egter 'n aantal name oor wat nie identifiseer kon word nie en ook nie in die *Malan-register* gevind kon word nie. Moontlik is daar van ons lesers wat behulpsaam kan wees om die rekord so volledig moontlik te maak. Die Malan-persone na wie verwys word, is die volgende:

A.E. sterf ongeveer 1901 in die konsentrasiekamp te Kroonstad en word in die konsentrasiekampbegraafplaas begrawe. Die kind se naam verskyn op die sentrale gedenkteken;

C.J. sterf in die konsentrasiekamp te Balmoral en word in die kampbegraafplaas begrawe. Sy/haar naam verskyn op die gedenkteken;

D. sterf ongeveer 1901 in die konsentrasiekamp te Kroonstad en word in die konsentrasiekampbegraafplaas begrawe. Die kind se naam verskyn op die sentrale gedenkteken. [Was dit moontlik David Daniël (1898-1902) óf David Eduard (1879-1901)];

D.J. sterf ongeveer 1901 in die konsentrasiekamp te Klerksdorp en word in die ou munisipale begraafplaas begrawe. Die kind se naam verskyn op die gedenkteken;

J.D. sterf ongeveer 1901 in die konsentrasiekamp te Klerksdorp en word in die ou munisipale begraafplaas begrawe. Die kind se naam verskyn op die gedenkteken;

S.E. sterf op 27.10.1902 in die konsentrasiekamp te Belfast en word in die ou munisipale begraafplaas begrawe. Die kind se naam verskyn op die gedenkteken. **Bronne:** NMR 17.2.1999, p.3;

W.J. (* ? †6.1.1900 Platrand) sluit by die Boeremagte as lid van die Heidelbergse kommando aan en sneuwel tydens die geveg te Platrand. Hy was eers in die Platrandse begraafplaas begrawe en is later by die Platrandse monument herbegrawe. Sy naam verskyn op die Platrandse gedenksteen;

Z.M.M. sterf in die Merebankkonsentrasiekamp en word daar begrawe;

***Dan is daar die volgende persone oor wie ons graag meer besonderhede wil hê:-***

<u>DANIËL JACOB</u> het op 11.10.1899 by die Boeremagte aangesluit en tot die bitter einde in die stryd gebly. In sy aansoek om op die medaljerol van die Suid-Afrikaanse Weermag geplaas te word, sê hy dat hy "dwars deur tot die einde toe" geveg het en dat hy "luitenant van die rapportryers was alleen onder bevel van generaals [Jan Christian Smuts en J.L. (Jap) van Deventer]. Ten einde [word ek] met rapporte na Europa gestuur". Hy was verskeie kere na die vasteland om president Paul Kruger op die hoogte te hou van verwikkelinge en was die laaste keer op 4.4.1902 by die president. Hy was ook teenwoordig by 'n groot aantal gevegte onder meer te Kraaipan, Pretoria, Kimberley, Rooilaagte, Twee Riviere, Abrahamskraal, Brandfort, Veertienstroom, Mafeking, Warmbad, Hartebeesfontein en Lichtenburg.

In Jacques Malan se *Die Boere-offisiere* (p.206) verskyn daar 'n kort beskrywing en 'n foto van hom. Hierdie foto is deel van een waar hy langs kommandant F S Alleman staan (p.60).

Daniël se besonderhede kon nie in *Die Malan-register* onder die name David Jacob gevind word nie! Was hy miskien Daniël Jacob of Daniël Jacobus? In sy eiehandige geskrewe aansoek om op die medaljerol van die Tweede Vryheidsoorlog geplaas te word, verskaf hy inderdaad sy naam as Daniël Jacob. Onder geen van hierdie name kon hy in die Malan-register identifiseer word nie.

Is daar iemand wat kan sê of <u>JAN HENDRIK</u> [a1b6c5d9e2f7g4: (1881-1965), die seun van Jan Hendrik (1851-1912) †31.12.1936)], wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog saam met sy twee broers, David Daniël (1873-1901) - hy is op *Abrahamskraal* naby Bloemfontein noodlottig deur die nek geskiet - en Francois (1877-1952) - hy is op 30.7.1900 te Fouriesburg gevange geneem - by die Boeremagte aangesluit het. Skynbaar is ook hy een of ander tyd gevange geneem. Die Oorlogsmuseum, Bloemfontein gee nie sy gevangeneming aan nie. In *DAM* (Junie 1998, p.15) is aangetoon dat hy inderdaad gevange geneem is maar daar word nie gesê waar en wanneer nie en waarheen hy gestuur is nie.

Het <u>JOHANNES WILHELMUS</u> [a1b6c9d9e6f9: *13.6.1881 Pta †17.3.1919 Pta, s/v David Jacobus (*28.7.1839 †18.3.1896 Pta)] aan die oorlog deelgeneem? **Bronne:** JM2, p.39; HMM, p.966

Het <u>MARTHA LOUISA</u> [a1b6c5d7e10f7g2: (1898-1900), d/v Marthinus Nicolaas (1871-1959)] en <u>ERNST HENDRIK</u> [a1b6c4d1e2f1g3h2i5: (1897-1900)], in konsentrasiekampe gesterf? Indien wel, waar en wanneer?. **Bronne:** HMM, p.910.

Het <u>JACOB STEPHANUS</u> [a1b6c4d1e2f1g5h1: *13.4.1850 Rbg †10.3.1902 MgT, s/v Giullaume Johannes (1850-1927) wat met Hendrina Maria Magdalena Willemse getrou het], aan die oorlog deelgeneem? Het hy in daardie stryd gesneuwel? Hy het voor die oorlog op *Turfland*, Middelburg geboer. **Bronne:** HMM, p.661

<u>EMBRENCIA SOPHIA PETRONELLA</u> [a1b6c5d6e1f11g3: *6.10.1894 Tarkastad †13.10.1901 Aliwal-Noord] was die dogtertjie van Jacob Jacobus (*20.4.1865 Cradock †18.6.1935). Sy sterf in die konsentrasiekamp te Aliwal-Noord as 7-jarige kind en word in die plaaslike konsentrasiekampkerkhof begrawe. Sy was een van 'n kroos van vyf dogters en twee seuns. Die oudste dogter het groot geword en in die huwelik getree. Is die tweede, Jacomina Susanna (*9.7.1892 Tarkastad), in dieselfde konsentrasiekamp as haar sussie oorlede? Die rekords toon dit nie aan nie. Die derde, Embrencia, is inderdaad in die konsentrasiekamp oorlede en begrawe. Die tweede van die daaropvolgende vier kinders, d.w.s. die vyfde kind van die egpaar, het dieselfde name as Embrencia gedra. Die eienaardige hiervan is dat die tweede Embrenzia - só het hulle haar naam geskryf moontlik om haar van die eerste Embrencia te onderskei - sewe maande vóór die eerste Embrencia gebore is. Indien die rekords korrek is, was daar dus twee kinders met enerse name in dieselfde familie, ***wat gelyktydig nog in lewe was.*** Was die eerste een só siek toe die tweede een gebore is, dat hulle haar einde enige oomblik verwag het? Die verdere eienaardigheid is dat die tweede Embrenzia in Zastron gebore is wat aandui dat óf die moeder toegelaat is om vir die bevalling huistoe te gaan - daar word aanvaar dat ook sy saam met haar kinders in die konsentrasiekamp was - óf dat slegs die registrasie van die kind op Zastron plaasgevind het. **Bronne:** HMM, p.862; NMR 17.2.1999, p.3 [***Wie kan help om die gegewens reg te stel of is hulle korrek?***]

Wie was <u>JOHANNES STEPHANUS</u> (*1880 †15.3.1902 Indiese Oseaan)? Met die uitbreek van die oorlog sluit hy by die Boeremagte aan, neem aan 'n groot aantal veldslae deel en word eers op 5.1.1902 op *Waterval*, skynbaar naby Rustenburg as 22-jarige gevang en as krygsgevangene-nommer 29029 na 'n kamp in Indië gestuur. Onderweg daarheen sterf hy aan sonsteek aan boord die *Bavarian* en

word ter see "begrawe". Hy het sy adres as *Grootplaats*, Rustenburg opgegee en het in die Rustenburgse kommando gedien. Sy naam verskyn nie in die Malan-register nie! Wie was sy ouers? Bronne: VSc, p.12; OM 2.9.1998, p.1

**Wie kan meer oor die Boerenedersetting in Texas vertel?** Al was ons daarvan weet is dat WYNAND CHARL [a1b6c3d6e7f1g4: *22.6.1868 Murraysburg †11.7.1914 Texas, VSA, s/v Daniël Johannes (*7.1.1837 Prl †28.6.1896 Prl)], wat in een stadium die sekretaris vàn genl. Benjamin Johannes Viljoen (1868-1917) was, in 1904, toe genl. Viljoen 'n boerenedersetting in Mexiko organiseer het, in alle waarskynlikheid daarheen gegaan het aangesien hy hom in daardie tyd in Mexiko bevind het. Die nedersetting was egter nie suksesvol nie. Wynand is later in Texas, VSA as ongetroude oorlede. **Bronne:** MER, p.93,95,96,113,115,120; *DAM* Des.1997 p.13; JM1, 207 (foto), SABW IV, p.780-782 *(Artikel oor Genl. Viljoen)*

Het Jacob Kaffer [JACOB JACOBUS a1b6c5d9e4: *16.1.1820 Cradock ≈30.1.1820 Cradock [NG] †19.1.1917), s/v Hercules Philippus (1791-1838)], aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem? Indien wel, watter besonderhede kan u verskaf?

Is JOHANNES CORNELIUS STEFANUS [a1b6c5d6e1 f7g1h1: *2.9.1894 Amersfoort †ca.1901 Volksrust?, s/v David Eduard (*7.5.1872 Cradock)], saam met sy moeder en sy twee sussies, Susanna Catharina (1896-?) en Anna Susanna Johanna (1898-?) na die konsentrasiekamp te Volksrust gestuur en is hy daar oorlede en begrawe? **Bronne:** HMM, p.867

***Indien u kan help, stuur die besonderhede direk aan: Fanie Malan, Posbus 13557, CLUBVIEW, 0014 (012 - 6603293)***

# AWARD FOR FRANS MALAN

FRANS MALAN of Simonsig Wine Estate received an honorary membership of the Cape Estate Wine Producers Association. He was a co-founder of the Association in 1971 and together with Spatz Sperling and the late Sydney Back from Backsberg, turned the Cape Wine industry onto a path of wine excellence.



***FRANS MALAN (on the left), receiving the award from Danie de Wet.***

The presentation was made by the chairman of the association, Mr Danie de Wet from De Wetshof Estate in Robertson.

At the same function awards were also given to Dr Anton Rupert and the late Mr Sydney Back for their contributions to the Cape Estate Association.

**Eikestadnuus, Vrydag, 13 November 1998**

# DANIE MALAN NAMED WINEMAKER OF THE YEAR

Danie Malan of Allesverloren Wine Estate was named the 1998 Diners Club Winemaker of the Year at a glittering gala dinner held in Cape Town in early December. The category under the spotlight this year was Shiraz and the wine that won Danie the title was the Allesverloren Shiraz 1996.

A modest man, Danie has been responsible for the winemaking at his family's estate since 1990, when he took over from his father, Fanie. The Malan family, descendants of former statesman DF Malan, have lived on the farm below Kasteelberg at Riebeeck West for well over a century. Danie began his career in winemaking at the Elsenburg Agricultural College where he spent two years and was awarded Best Student in Cellar Technology in 1987.

Danie describes his award-winning wine as attractive, dark ruby with blackberry and green pepper flavours supported by subtle smokey undertones of oak. The wine is full-bodied and well supported by grape tannins and supplemented with oaky flavours.



***Don Bale, MD of Diners Club, pictured with Danie Malan of Allesverloren wine estate, the 1998 Diners Club Winemaker of the Year.***

As well as receiving the prestigious Diners Club Winemaker of the year award, Danie will receive a trip overseas to any wine producing region courtesy of Diners Club.

*[ED]: There were 10 finalists in the 1998 Diners Club Winemaker of the Year : Among them was a namesake, Johan Malan of Simonsig Wine Estate, son of Frans Malan, patriarch of the Malan Family Association (photo in right hand corner above). Article and photo with courtesy of Diners Club International. Danie will introduce visitors to a variety of red wines including his winning wine at the Royal Swazi Sun, Swaziland, 25 - 27 June 1999.*

## GENEALOGY

**The Eastern Cape Branch of the Genealogical Society of South Africa will meet, at the YMCA/Kemsley Park Tennis Club on Monday, 15 February 1999 at 19h30.**

**Mr J C Malan, Chairman of te Malan Family Association will talk about founding such a family association.**


**ALGOA SUN - FEBR.11, 1999**

Sowat 60 persone het die byeenkoms bygewoon waartydens 'n Malan-uitstalling ook gedoen was.

Mnr David Jordaan het die voorsitter van die Malan-familiebond verwelkom en op versoek van die voorsitter van die Tak, mnr Williams, ook die bedankings gedoen.

Die praatjie het groot byval gevind en talle vrae is gestel wat beantwoord kon word.

Tydens die geselligheid daarna, het die uitstalling baie aandag gevestig en verdere vrae ontlok. Malans wat pertinent aandag getrek het, was mev Tini (Malan) Vorster; Sailor Malan en dr Jannie Malan **[RED]**




***New members***

Die volgende nuwe lede het ondertussen by die familiebond aangesluit. Aan elkeen van hulle 'n hartlike verwelkoming in ons midde. Mag hulle baie tuis voel by die groot familie en meehelp om die toekoms van die Bond te verseker. Nogmaals baie welkom!

* Carolina Francoise (Carla) von Moltke (geb. Malan), George
* Daniel Petrus Malan, Rustenburg, sy seun, Michiel Matthys Basson (9.2.1980) en dogter, Danette (11.2.1981)
* June Marie Kennedy, Yeoville, Johannesburg "And her sister"
* Marcia Stephanie Lockett, Stellenbosch. They are the great-great grand daughters of Jacob Jacobus Malan (a1b6c5d9e4). Please refer to the article : "UIT DIE WAKIS"!
* Prof. Francois Retief (Frans) Malan, Victoria, Johannesburg
* Paul Coetzer (Cliff) Malan, Hoedspruit
* Rika Louw (geb. Malan), Keimoes. Sy is tans die Bond se medewerker in daardie geweste
* Annabelle Erasmus, Despatch. Haar moeder was Catharina Maria Malan (a1b6c4d9e4f2gCh6). Annabelle is verantwoordelik vir die tik en rekenaaruitleg van Deus Arx Mea.



***Hennie Malan***

## HENNIE MALAN
## ASSISTENT-REDAKTEUR

Hennie Malan was laat verlede jaar tot assistent-redakteur van Eikestadnuus, plaaslike koerant van Stellenbosch, bevorder.

Hartlike gelukwense van ons almal Hennie, jy het dit beslis verdien!

[RED]

## Germans return to Stellenbosch just to say 'I do'



***Birgit Kleeberg and Enrique Geck flanked by their hosts Jëan and Mathilde Malan***

FLYING halfway around the world just to get married sounds crazy.

But a German couple was so infatuated with Stellenbosch's beauty during their holiday in South Africa last year, that not even thousands of kilometres stood in the way of their exchanging marital vows in the town of gables and oaks.

"We wanted our wedding day to be momentous and in a special place. Remembering the wonderful time we had in Stellenbosch, we immediately knew this was the town where we wanted to celebrate our special day," said Birgit Kleeberg (28) who tied the knot with her long-time love, Enrique Geck (30), an aviation engineer, in the Stellenbosch Presbyterian Church last Wednesday.

The couple, hailing from Berlin, immediately set things into motion by making contact with Jëan and Mathilde Malan at their Jonkershoek Road guest house where the newly-weds stayed over on their previous visit. "Staying over with the Malans the last time was such a touching experience that we asked them to be our witnesses and to book our wedding at the church and our honeymoon at their place," says Birgit.

After the wedding ceremony, conducted by well-known minister Dr Clifford Heys, the couple enjoyed a tea-party at the Malan's house.

*[ED]: Article with courtesy of Eikestadnuus (Friday 6 Nov 1998). Photo:Jëan Malan*

*When the Malan Family Association had their reunion in Stellenbosch on 24 October 1998, Jëan told the Editor of DAM about this interesting coming event, which one could possibly term "The Malan Connection : Please get me to the church in time!"*



## Fototeek van Malans


'n Versameling foto's van Malans word tans opgebou. Ou familiefoto's sowel as onlangse foto's word gesoek. Ons soek ook foto's van ou Malan plaas-opstalle. U kan enige foto's of afdrukke van foto's aan dr H M Malan stuur. Skryf asseblief net agter op elke foto wie die persone is, verkieslik ook met hulle geboortedatums. Dui ook asseblief aan of u weer die foto's wil terughê. As u oor ou foto's beskik, maar nie kans sien om dit te stuur of the laat herafneem nie, moet u asseblief laat weet watter foto's u het of dit selfs fotostateer. Die besonderhede sal op rekord geplaas word en mettertyd sal iemand die foto's dan by u huis kom herafneem. Verskaf asseblief ook 'n telefoonnommer sodat u vooraf geskakel kan word.

Dr Malan se posadres is:

Posbus 11766
BENDOR PARK
0699
Selnr: 082 898 8987
E-pos: roeline@global.co.za

**Hierdie beloof om 'n baie interessante projek te wees wat groot toekoms moontlikhede inhou! [RED]**

# UIT DIE POSBUS



Redaksie het weer die afgelope verslagperiode 'n aantal briewe van ons bondslede ontvang. Verskeie telefoon-oproepe om goeie wens oor te dra en navraag te doen, is bewys dat die Bond nog vir vele Malans betekenis inhou. Baie dankie aan elkeen van u!

* **Sunnyside, Pretoria**

Baie dankie vir die 9 jaar se harde werk om die Bond so ver te kon bring. Mag jy net van krag tot krag gaan in ons 10de jaar, ook vir die volgende 10 jaar!

* **Garsfontein, Pretoria**

Dankie weereens vir jou ywerige en onbaatsugtige diens aan die Malans.

* **Bloemfontein**

Dankie vir u groot werk! Ek staan by u!

* **Strand**

Ek waardeer jou volgehoue entoesiasme en kwaliteit uitgawes van Deus Arx Mea. Sterkte toegewens vir nog vele jare van diens. Dit is meer as die moeite werd en ons stel dit hoog op prys.

* **Agter-Paarl**

Sterkte vir die volgende 10 jaar!

* **Wellington**

Hoop dit gaan goed met julle en sterkte vir die jaar wat so vinnig aanstap.

* **Jeffreysbaai**

Baie geluk met ons 10de verjaardag. Dit is 'n voorreg om deel te wees van so 'n spesiale organisasie.

'n Spesiale woord van dank aan u, J C MALAN, vir volgehoue ywer en opoffering om alles moontlik te maak.

Ons geniet steeds u nuusbrief terdeë.

* **Parys**

Dankie vir al die moeite om die Malan-familiebond lewendig te hou!

* **Jeffreysbaai**

Dankie JC vir jou volgehoue belangstelling in die Malans.

* **Somerset-Wes**

Geluk met alles wat die Bond al bereik het. Sterkte en seëninge vir die toekoms.

* **Roodepoort**

Mooi 10de jaar vir ons Bond!

* **Stellenbosch**

Sterkte en voorspoed vir die 10de jaar en nog vele meer.

* **Somerset-Wes**

Ons sal nooit genoeg dankie kan sê vir jou liefdesdiens aan die Malans van oor ons hele land nie. Elke uitgawe van die nuusbrief "Deus Arx Mea" bring ons groot Malan-familie steeds nader aan mekaar.

Hartlik geluk met die 10de verjaardag van ons geliefde tydskrif. Mag die Here jou nog lank spaar om met hierdie besondere liefdesdiens voort te gaan.

* **Nylstroom**

Voorspoed toegewens met 10de herdenking van ons familiebond.

* **Strand**

Ons het hoë waardering vir al die goeie werk wat u en die bestuur doen. Ons sien uit na 'n volgende saamtrek hier in die Wes-Kaap.

* **Vrede**

Dankie vir u keurig-versorgde blad!

* **Somerset-Wes**

Ons geniet "Deus Arx Mea" en waardeer die artikels oor Malans wat presteer het en ook vir die navorsing wat gedoen word om die blad uit te bring met soveel interessante leesstof. Dit dra baie by om Malans nader aan mekaar te bring. Dankie Jack, jy doen 'n reuse taak.

* **Somerset-Wes**

Mag die Bond van krag tot krag gaan en die Malan-familie saambind in liefde!

* **Pretoria**

Baie dankie vir wat julle vir ons doen. Sukses met die biografiese woordeboek.

* **Nelspruit**

Lank lewe die Bond!

* **Stellenbosch**

Die Bond se voortbestaan is 'n moet!

* **Bellville**

Ons kan met trots terugkyk op die vordering en suksesse van die Bond oor die afgelope 10 jaar. Voorspoed!

* **Stellenbosch**

Ons bly verheug dat die Malan-familie nog moeite doen om hulle herkoms na te vors en só 'n besondere familie bymekaar te hou.

* **Paarl**

'n Suksesvolle 10de jaar toegewens.

* **Paarl**

Die Bond se werksaamhede word waardeer. Mag daar in die volgende 10 jaar nog groter hoogtes bereik word.

* **Pretoria**

Suksesse kom nie sonder ywer en harde werk nie. Geluk en voorspoed!

* **Kemptonpark**

Dis 'n voorreg om te weet dat die Bond in al sy pogings ten doel het om die Malan bymekaar te hou. Nie 'n maklike taak nie. Voorspoed!

* **Vereeniging**

Die Bond se vordering oor afgelope 10 jaar is 'n riem onder die hart. Baie dankie vir al die harde werk.

* **Pretoria**

Nogmaals geluk met jongste uitgawe van Deus Arx Mea. Ons Bond kan trots wees op 'n meesterstuk. Daarmee steek ons die ander families beslis die loef af!

* **Kaapstad**

Dit was 'n vreugde om weer 'n Deus Arx Mea te ontvang. Baie dankie vir al die interessante nuus daarin en die grappies ook. Die Malan aandeel aan die Boereoorlog sal interessant wees, het gelees van verskeie Malans wat daarin deel gehad het.

* **Winklespruit**

Baie dankie vir nog 'n puik uitgawe van Deus Arx Mea en die bydrae oor F S Malan nr 4.

* **Newcastle, Natal**

Baie dankie vir die fees-saamtrek op 24 Oktober 1998. Ons was voorwaar bevoorreg om dit te kon bywoon. Baie dankie vir die uitstekende Deus Arx Mea. Al jou harde werk word waardeer.

* **Paarl**

Ek sien uit na die volgende Malan-saamtrek.

*[RED]: Dit word beoog om 'n familie-saamtrek ter viering van die 10de herdenking van die Malan-familiebond iewers in Oktober 1999 te laat plaasvind iewers in gewese Transyaal!*

* **Stellenbosch**

Sterkte met die Bond se 10-jarige aktiwiteite.

* **Stellenbosch**

'n Familiebond sonder 'n aktiveerder is soos 'n pap band. Die Malan-familiebond sonder Jack Malan sal sonder 'n motor met 'n enjin wees! Vasbyt Jack!

## BRIEF UIT FRANKRYK

Mnr Bernard Schuster, Frankryk, skrywe op 28 Desember 1998 as volg:

"Dear Sir

I well received the two-books, genealogy of your family and I thank you. (ED: The Malans of South Africa, History and Genealogy by Hercules Malan, D G Malan and J D Malan [luxury edition]).

The presentation is very practical and the work is remarkable.

I must confess that when I saw my name printed in the beautiful volumes, amidst some members of your family, I was not sure to be worthy of such an honour.

I think this study goes much further than its strict genealogical information. There are many historical sociological and demographic aspects which hold the attention.

The spectacular growth of the population in only three centuries has no equivalent in Europe as far as I know. There are some similarities in the white world history: The MENNONITES (AMISH) in North America, the French-speaking Roman Catholic people in Canada (Quebec) to 1950, from a rather tiny population in the seventeenth century.

I think also of the Anglo-Saxon puritans in New England or of the "Mormons" in USA, in XIX$^{th}$ century.

I wondered also whether there is an estimation of the number of the whole descent in male and female lines. Even taking in consideration then probably many descendants from the first couple through several ways, this number must be impressive!

Also it is noteworthy to observe mutation in professional structures.

In respect of other Malans, I send in another cover, some pages of a book on French Protestant Prominent families recently published*. Evidently, the number of members of this family is much more modest than that of the Malans of South Africa. Possibly there is a common origin since they have the same name, the same religious confession and same geographical place of origin.

I cannot say the pleasure that I have with this astonishing work, but it seems to my mind that one can find, when reading it, a new proof of the sovereignty of God, even when, as so often, everything may seem lost."

Op 8 Februarie 1999 skrywe mnr Schuster: "Please excuse me for sending only-know the required documents, but I was very busy during the last weeks.

I do not know whether you will find an interest in these documents. These are extracts from "FILIATIONS PROTESTANTES by ERIC BUNGERER (Volume 1 - FRANCE TOME 1 : EDITIONS FAMILIALES). The book gives some genealogical data about main eminent Protestant families.

Therefore, it does exist a Malan family in France which is said coming from Mérindol in Vaucluse (Merindol).

The text is in French. There are also some unusual abbreviations invented by the author and which is not easy to understand. I tried to give some explanation on the copies itself."

Sincerely
Bernard

**[ED]: *The document itself is of great interest to researchers, and was therefore forwarded to Dr H M Malan for his comments. It does confirm that the family Malan emigrated from the Waldesian valleys of Piedmont, and their early settlement in Mérindol.**

**Mr Schuster's letter is in itself an acknowledgement of appreciation for the book 'The Malans of South Africa, by the three hardworking authors, Hercules Malan, Danie G Malan and J Danie Malan. We salute them!**

*****

## OUD-BLOUBERGSTRANDER OORLEDE : 22 JANUARIE 1999



***Mina Malan***

KAAPSTAD - Mev Mina Malan (84) van Melkbosstrand, vroeër van Bloubergstrand, is vandeesweek oorlede ná 'n lang stryd teen ernstige gesondheidsprobleme. Haar man, Eric Malan (b6c5d7eAfGg4), het haar jare gelede ontval nadat hy weens 'n besering 'n pensioentrekker moes word.

Sy laat een kind, Susan, getroud met Nigel Starke, agter. Hulle het twee kinders, Carol en James.

'n Gedenkdiens is op Maandag, 25 Januarie 1999, om 10 vm. in die Bloubergse Kerk gehou. Die verassing was privaat.

Mina Malan het 'n bedrywige en gewilde rol gespeel in die jare van oorgang van Blouberg van 'n ouderwetse ou "boerestrand" tot vandag se dig beboude en hoogs gewilde woongebied.

In haar vroeër jare het sy kortverhale vir Huisgenoot geskrywe. Later het sy agter in haar huis 'n slaghuis ingerig.

Haar woning op Blouberg het 'n mooi uitsig oor Kleinbaai en heet Mérindol, die plek in Frankryk waar haar man se voorvaders vandaan kom. Die Starkes woon nou daar.

**DIE MALAN-FAMILIEBOND VIER VANJAAR SY 10DE HERDENKING!**

**THE MALAN FAMILY ASSOCIATION IS CELEBRATING ITS 10TH ANNIVERSARY THIS YEAR.**

*****

## BOEK : DIE MALAN-FAMILIE IN SUID-AFRIKA

Op versoek van verskeie Malans word hierdie werk nou beskikbaar gestel.

***Die Malan-familie in Suid-Afrika*** bevat al die geskiedkundige inligting wat in ***Die Malans van Suid-Afrika - Geskiedenis en Geslagsregister*** voorkom, maar teen 'n meer bekostigbare prys.

Die kostebesparing is moontlik gemaak deur gebruik te maak van die A4 formaat, weglating van die Engelse en Franse hoofstukke en vereenvoudiging van die indekse. Die boek bestaan uit 'n enkele sagteband volume van 358 bladsye.

Die prestigeboek, ***Die Malans van Suid-Afrika***, sal steeds beskikbaar bly totdat die voorraad uitverkoop is.

Die prys van ***Die Malan-familie in Suid-Afrika*** is R175 en dié van ***Die Malans van Suid-Afrika*** is R375.

Plaas bestellings by Hercules Malan, Posbus 11766, Bendorpark, 0699.

# *Malan, My Vriend en Kollega*

[RED]: VEERTIG JAAR GELEDE OP WOENSDAG, 11 FEBRUARIE 1959 HET HIERDIE LOFWAARDIGE BERIG OOR 'N EWE EENS LOFWAARDIGE PERSOON IN DIE BURGER VERSKYN. DIT WAS VIER DAE NÁ DIE AFSTERWE VAN EEN VAN DIE GROOTSTES IN DIE GESKIEDENIS VAN ONS LAND, NL. DR D F MALAN (22.5.1874 - 7.2.1959) - b6c4dCe3f2g2.

DIE BERIG IS DEUR 'N BEKENDE POLITIKUS VAN DAARDIE TYD, TOMMIE BOYDELL (ENG., 15.12.1882 - KAAPSTAD 5.7.1966). MET DIE BEWINDSOORNAME VAN DIE PAKT-REGERING IN 1924 (NASIONALE PARTY VAN GENL. HERTZOG EN ARBEIDERS-PARTY VAN KOL. CRESWELL), HET HY MINISTER VAN POS- EN TELEGRAAFWESE EN PUBLIEKE WERKE GEWORD.

VANWEË SY DIENS AAN SUID-AFRIKA OP VERSKILLENDE TERREINE EN OOR BAIE JARE, HET DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT OP 25.3.1961 'N ERE-DOKTORSGRAAD IN FILOSOFIE AAN HOM TOEGEKEN.

DIS INTERESSANT DAT BOYDELL WAARSKYNLIK DIE EERSTE KABINETS-MINISTER WAS, WAT 'N OPPOSISIE LID (VOLKSRAADSLID VIR ILLOVO, J S MARWICK) MET DIE VUIS BYGEDAM HET. GELUKKIG DAREM IN DIE GANGE VAN DIE PARLEMENTSGEBOU:

Slegs 'n paar kort weke gelede het ek saam met dr Malan op sy stoep op Stellenbosch gesit. Hoewel die vlees swak was, was sy gees nog sterk. Ons het parlementêre en politieke herinneringe opgediep en hartlik gelag oor baie dinge wat in die dae van lank gelede gebeur het.

Dit was die laaste byeenkoms van die Perpendicular Club.

Ek was al sewe jaar lank lid van die Parlement toe dr Malan vir die eerste maal verkies is. Van ons eerste handdruk het ons ons tot mekaar aangetrokke gevoel. Dit was die begin van 'n alte kort vriendskap wat slegs veertig jaar geduur het, maar met die loop van jare sterker en ryker geword het.

Dit het my derhalwe diep gegrief toe ek Brittanje in 1953 besoek het, om te ondervind hoe seer my vriend se naam - hy was toe Eerste Minister - in die laagste dieptes van die politieke modder gesleep was. Die pers het wrede kommentaar en ewe wrede spotprente oor hom gepubliseer.

Dit is seker een van die tragedies van ons politieke lewe dat 'n eerste minister of volksleier moet sterf voordat die opposisiepers 'n vriendelike woord oor hom sê. Dit is waarskynlik maar in alle lande so.

Hoewel dr Malan en ek mekaar se vertroue en mekaar se vriendskap geniet het, was ons dit nie altyd oor alles eens nie. Een geskiedkundige geleentheid was toe ek gepraat en gestem het teen 'n artikel in die Wet op Volksgesondheid wat hy deur die Parlement geloods het.

Ek het hom vooraf gewaarsku dat ek 'n amendement sou voorstel wat inenting vrywillig sou maak, soos in Brittanje, in plaas van verpligtend. Hy was hewig ontsteld by die gedagte en het gesê: "Maar jy kan dit nie doen nie!"

"Hoekom nie?" het ek gevra.

"Omdat dit nie gedoen word nie", het hy geantwoord. "Een minister kan nog nooit in die Raad opstaan en 'n ander Minister se wetsontwerp aanval nie. Dit word net nie gedoen nie."

"As jy môremiddag in die Raad is", het ek geantwoord, "sal jy sien dat dit gedoen kan word, want ek is die man wat dit gaan doen". En ek het.

Desondanks, of miskien juis omdat hy my bewonder het omdat ek volgens my oortuiging gehandel het, het ons vriendskap verder gegroei.

Ná sy koms na die Volksraad het hy spoedig die reputasie van 'n groot parlementariër verwerf. Sy staatsmanshoedanighede het spoedig geblyk. 'n Politikus dink aan die volgende verkiesing, 'n staatsman aan die volgende geslag. Met sy reguit blik, sy klaarblyklike opregtheid, sy klankryke stem en sy mooi afgewerkte sinne het hy altyd daarin geslaag om almal te boei. Een van die pragtigste toesprake wat ooit in die Parlement van die Unie gehou is, was sy toespraak oor die tweede lesing van die Vlagwetsontwerp.

As ek so terugdink aan my lang parlementêre loopbaan, reken ek dat die drie beste sprekers John X Merriman, J H Hofmeyr en dr Malan was.

Noudat ek van die Vlagwetsontwerp praat, dink ek aan die keer toe hy en ek saam op die verhoog van die Durbanse stadsaal gestaan het. Hy het 'n rumoerige en woeste vergadering oor die behoefte aan 'n landsvlag toegespreek.

Dwarsdeur sy toespraak is telkemale pogings aangewend om die verhoog te bestorm en die vergadering in wanorde uiteen te jaag. Slegs die heldhaftige pogings van ons eie ondersteuners, met die polisie op die agtergrond, het die anti-vlagmanne op 'n afstand gehou.

Onverstoord deur die woeste tonele voor hom het hy sy toespraak gehou asof hy in die kalme atmosfeer van die preekstoel gestaan het.

Sover dit myself betref: ek was 'n Durbanse Volksraadslid en ek het van die anti-vlagmanne 'n volle laag gekry - veral by die volgende verkiesing toe ek, ná 17 jaar, uit my Volksraadsetel en ook my plek in die kabinet geskiet is.

Toe, soos nou, het ek gereken dat 'n landsvlag 'n verenigende faktor tussen Boer en Brit sou wees. Dit sou nie sy vlag of my vlag wees nie, maar *ons* vlag.

Die res van die land het dié standpunt aanvaar, maar nie die "patriotiese" Durban nie. Hulle wou niks weet nie en het my uitgeskop. Ek was nog nooit spyt oor die standpunt wat ek toe ingeneem het nie, en sou vandag weer dieselfde doen.

Terwille van diegene wat nie van die Perpendicular Club weet nie, wil ek net verduidelik. Dit is in 1949 gestig en het bestaan uit dr Malan, mnr Havenga en myself. Ons was destyds die enigste lede van genl. Hertzog se eerste kabinet (1924-'29) wat nog in lewe was. Ons het ooreengekom om ons bestaan te vier deur 'n klub te stig en een keer elke jaar in die Parlementsgebou saam te eet en oor ou dae en ou kennisse te gesels.

Toe ek aan die hand doen dat ons dit die Perpendicular Club noem, kon dr Malan nie dadelik agterkom wat ek daarmee bedoel nie.

"Waarom 'perpendicular'?" het hy gevra.

Omdat al ons ander ou kabinetskollegas vreedsaam horisontaal is, het ek verduidelik.

En so het die klub tot stand gekom. In 1957 toe mnr Havenga hom by die "horisontales" gevoeg het, het dr Malan gesê: "Dit is die einde van ons klub."

"Glad nie!" het ek dadelik geantwoord. Ek het aan hom gesê dat hy nog beter as ek behoort te weet dat in dié land tweederdes 'n meerderheid uitmaak.

En so het ons twee met vrolik vonkelende oë, voortgegaan om byeen te kom. Helaas, my enigste oorblywende kabinetskollega is daar nie meer nie. Nou moet ek alleen voortgaan.

Sonder die twee-derde-meerderheid skyn die klub hom in 'n onkonstitusionele posisie te bevind. Dit lyk my die enigste manier waarop ek myself 'n behoorlik gekonstitueerde liggaam kan maak, is om die konstitusie te wysig - waartoe 'n spesiale vergadering belê sal word.

Hoe sou dr Malan, met sy heerlike humorsin, nie gelag het as hy net kon hoor hoe ek uit dié moeilikheid wil kom nie!

Hy het my op 'n dag gevra om hom op 'n besoek na die Universiteit van Stellenbosch te vergesel. Ons het ons albei aan 'n beroepstoets deur prof. Wilcocks onderwerp. Dit was 'n vermaaklike ondervinding, want dit het geblyk dat ek by uitstek die hoedanighede vir 'n ketelmaker besit, terwyl dr Malan met sy reguit blik en vaste hand die beste sou vaar as 'n horlosiemaker of 'n muurplakker!

Dr Malan was nie net 'n groot parlementariër nie; hy was ook 'n voortreflike administrateur. Vra maar enige amptenaar in die departemente wat onder hom gestaan het.

En hoe taai het hy nie in die kabinet geveg om geld van mnr Havenga te kry om in die behoeftes van sy departemente te voorsien nie - veral vir sielsieke- en ander hospitale. Ek sal nooit die konsternasie vergeet wat hy eens veroorsaak het nadat ons op 'n kabinetsvergadering aangesê was om ons voorlopige begrotings terug te neem en hulle met 'n totaal van minstens 'n miljoen pond te besnoei nie.

By die volgende vergadering het ons almal met aansienlik besnoeide begrotings opgedaag - almal behalwe dr Malan. Hy het gesê dat hy en sy amptenare noukeurig op hul behoeftes ingegaan het en dat hy sy begroting dienooreenkomstig gewysig het. Die allerminste het hy gesê, is £300,000 meer as wat hy aanvanklik gevra het.

Mnr Havenga het byna van sy stoel geval en genl. Hertzog het 'n pynlike trek op die gesig gekry. Daardie dag het dr Malan 'n wonderwerk verrig; hy het sy ekstra geld gekry.

En nou beween die volk die heengaan van een van sy grootste seuns, 'n patriot tot in sy diepste siel. Sy roem as een van Suid-Afrika se nasiebouers sal al hoe groter word namate die tyd verbygaan.

Vir sy liefdevolle vrou en toegewyde gesin stort die hart van die volk nou sy oorvloeiende liefde en simpatie uit.

Sover dit myself aangaan: 'n dierbare vriend het gekom en gegaan - maar slegs na die vlees. Want solank ek nog asem haal en kan onthou, sal ons vriendskap nooit sterf nie.

Mag God rus skenk aan sy edele siel.

# ONS BESKERMHEER SE EGGENOTE OORLEDE

*Die Burger, Donderdag, 4 Februarie 1999*

*"Die Malan-familiebond het met leedwese verneem van die heengaan van mev Liza Malan, eggenote van mnr Frans Malan van Simonsig Landgoed, Stellenbosch. Sy was lid van die Malan-familiebond en mnr Malan is beskermheer. Innige meegevoel met mnr Malan en sy familie. Hulle word baie sterkte toegewens.*

*Van voorsitter, J C Malan - Port Elizabeth."*

Bogenoemde berig is op Donderdag, 4 Februarie 1999 in Die Burger gepubliseer. Hierbenewens het J C Malan en sy vrou, Santjie, ook 'n persoonlike boodskap van medelye aan mnr Frans Malan en sy familie deurgestuur.

Mev Liza Malan is Saterdag, 30 Januarie 1999 in die ouderdom van 69 tuis aan breinkanker oorlede. Sy was die laaste paar maande bedlêend.

Dit was vir my 'n besondere groot voorreg om die beminde persoon en haar man, Frans, die afgelope agt jaar te ken.

April 1998 was die laaste geleentheid dat ek haar en Frans aan huis in Stellenberglaan 3, Dalsig, besoek het. Alhoewel sy toe reeds behandeling ontvang het, was sy baie opgewek en positief. Hierna het haar toestand algaande verswak en het ek gereelde kontak behou om na haar welstand te verneem.

Liza (van Niekerk) is gebore op 4 Junie 1929 en het grootgeword op die familieplaas Knorhoek, waar James en Hansie van Niekerk tans nog boer.

Sy was haar volle skoolloopbaan op Stellenbosch en het in 1946 gematrikuleer aan die Hoër Meisieskool Bloemhof waar sy ook die hoofdogter was.

Daarna het sy Huishoudkunde aan die US gestudeer en was 'n inwoner van Huis de Villiers. Sy het op Oudtshoorn skoolgehou en was later lektrise by die Departement Huishoudkunde aan die US.

In 1953 is sy getroud met Frans Malan van Wellington, en die egpaar het hulle kom vestig op haar ouers se plaas De Hoop by Koelenhof.

Dit is hier waar sy en Frans Simonsig Landgoed tot stand gebring het. Hul drie seuns, Pieter, Francois en Johan, behartig tans hierdie familie-onderneming.

Frans en Liza het ná 44 jaar op die plaas dorp toe getrek.

Liza Malan sal deur haar wye vriendekring onthou word vir haar liefde vir blomme en die pragtige plaastuin. Sy was lid van die Stellenbosse Blommeklub en het ook in die bestuur gedien. Haar ander groot liefde was kook, en sy het dikwels oorsese gaste en vriende of voortreflike wyse onthaal. Sy was onder meer 'n stigterslid van die Stellenbosse Fynproewersgilde.

Liza was 'n besonder geliefde en opofferende gemeenskapsmens en jare lank betrokke by die VLV en die ACVV.



***Mev Liza Malan***

Sy was ook lief vir reis en het Frans dikwels op uitgebreide buitelandse reise vergesel.

Liza sal onthou word as 'n waardige elegante dame en vir die sagte liefde wat sy uitgestraal het na haar medemens. Sy was geliefd en dit was maklik om haar lief te hê. Sy word oorleef deur haar eggenoot, Frans, hul drie seuns en nege kleinkinders. Liza is op 3 Februarie 1999 vanuit die NG Kerk, Stellenbosch, Welgelegen begrawe.

Deus Arx Mea en sy lesers wil langs hierdie weg van die geleentheid gebruik maak om mnr Malan en sy familie baie seën, liefde en genade toe te wens!

J C

## *Mira'bile dic'tu =*

***<u>Dis wonderlik om te vertel</u>*** *dat dr Danie Malan (79), bestuurslid van die Malan-familiebond en staatmaker van Bloemfontein, se verlowing op 1 April 1999 vanjaar met die minlike weduwee, Kathleen Delport, van Port Elizabeth toe nie 'n Aprilgekkerny was nie!*

*Redaksie moes ná 'n "geheimsinnige" telefoonoproep self ondersoek gaan instel om te bepaal of dit wel so was. Goeie speurwerk het hom na Greenacres Villas gelei, waar hy die twee koerende "duifies" op 9 April 1999 aangetref het.*

*Ons het lank gesels, oor alles en nog wat, maar einde ten laaste het die "tweespel" ontvou: Danie en Kathleen ken mekaar reeds etlike jare. Sy eggenote, Susan, het hom sowat vier jaar gelede ontval. Hulle het besluit om op Kathleen se verjaardag op 1 April verloof te raak en het Danie spesiaal per bus na Port Elizabeth gereis vir die groot geleentheid.*





*Maar wie sou nou dié storie glo? Gelukkig kon Kathleen 'n feesmaal reël waartydens haar kinders teenwoordig was. Hiertydens het die opgewonde Danie die verlowing bekendgemaak en soos 'n wafferse Shakespeare, 'n gedig wat hy geskryf het, aan haar opgedra.*

*Die tweetjies beoog om DV 10 Julie 1999 in die huwelik te tree, waarna hulle in die Baai gaan vestig. Dis nou goeie nuus want dit versterk die Bond se geledere in hierdie streek.*

*Namens redaksie en al sy lesers wens ons hulle van harte geluk: Mag die Liewe Heer se liefde en genade hulle omvou. Verder word hulle ook voorspoed toegewens met hul voorgenome huwelik op 10 Julie 1999.*

*[RED]*

## ADRESVERANDERING VAN ONDERVOORSITTER

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE ADRES VAN HERCULES MALAN, ONDERVOORSITTER VAN DIE MALAN-FAMILIEBOND, VERANDER HET NA POSBUS 11766, BENDORPARK, 0699. TELEFOONNOMMER (015) 296-1669.




## NUWE TELEFOON-NOMMER : VOORSITTER

Let wel dat telefoon/faks-geriewe nou (041) 360-2640 is! Posadres bly dieselfde.

# UIT DIE WAKIS


## (FROM THE WAGON KIST)



*[ED]: Once again the "kist" was able to produce an interesting story connected to Malans. It all began when Mrs June Kennedy, Johannesburg, enquired about Ahna Malan, that was married to Arnold Jansen from Holland. We were able to identify Anna Maria (*Pietermaritzburg 8.5.1844 †Lydenburg 15.10.1925), as the daughter of Jacob Jacobus Malan (a1b6c5d9c4).*

*Mrs Kennedy travelled to Lydenburg where she visited the museum, magistrates court, old cemetery and took a number of photographs. Her sister, Dr Marcia Lockett of Stellenbosch, subsequently became involved and a series of letters followed between us. A newspaper clipping marking the visit of Pres T F Burgers to Lydenburg in 1874 and Jansen's involvement received from them, resulted in feedback from the Star, Johannesburg and Greater Johannesburg Library Services. A word of sincere thanks to June and Marcia for their contributions to make this article possible. They are now members of the Malan Family Association.*

*We pay tribute to their great-grandfather, Arnold F Jansen, who with their great-great-grandfather, Jacob Jacobus Malan, obviously played an important role in the development of Lydenburg at the time. As teacher and later magistrate his contributions to education and justice was probably invaluable.*



☜ ***Jacob Jacobus Malan (16.1.1820 - 19.1.1917) a1b6c5d9c4 Member of the Z.A.R. Volksraad (assembly)***

***and***

***Arnold Frederik Jansen (1.4.1842 - 27.9.1895). Son-in-law of Jacob Jacobus Malan*** ☞





☜ ***June Kennedy, Yeoville, Johannesburg and her***

***sister, Dr Marcia Lockett, Stellenbosch. They are the great-great-granddaughters of Jacob Jacobus Malan (above) and the great-granddaughters of Arnold F Jansen (above). They have recently joined the Malan Family Association - Bravo!*** ☞



Jacob Jacobus Malan, was the fourth child of Hercules Philippus Malan (a1b6c5d9) and Anna Maria Breedt. They lived at Zwagershoek where he held the rank of field cornet for Somerset-East. In 1836 he acted as leader of some 30 wagons that left the Eastern Province: The Malan-Trek. In April 1837 they joined Piet Retief's party at Thaba Nchu. On 6 February 1838, Hercules was murdered with Piet Retief and his negotiating party at uMgungundlovo at the hands of King Dingane's impi's!!

Jacob Jacobus Malan left Natal and settled in Transvaal, where he became the owner of the farm Waterval, one of the farms on which Lydenburg was established. Documents show that he also lived on the farm Boschhoek, a second farm that was to become part of the town (refer brief history). He was a member of the Z.A.R. Volksraad.

Jacob Jacobus married E Schutte and after her death remarried Gertruida M Fourie (widow Venter, Koekemoer). Fourteen children were born, Anna Maria being the third.

**Part 1:** Arnold F Jansen was born in Rotterdam, Holland, on 1 April 1842. His parents were Arnold Alexander Jansen, born Amsterdam, 12 May 1811 and Emile L Jansen, born St Quentin, France on 16 August 1816. They married in Paris on 13 December 1835. Nine children were born from this marriage, Arnold being the second.

He grew up in Amsterdam and came to the old Transvaal Republic in 1860. He was an exceptionally talented violinist and could play the great masters "with the greatest of ease".

In 1865 he married Anna Malan, daughter of Jacob Jacobus Malan, six children were born from this marriage, five boys and a girl.

**Part II:** It started just as the other rumours had started. On February 5, 1873, A F Jansen, the landdrost of Lydenburg, wrote to the Executive Council in Pretoria to say:

"This will serve to bring to your notice that alluvial gold has been found by Messrs G R Parsons, Thomas McLachlan and J L Valentine at a distance of six hours' ride on horseback to the east of the town of Lydenburg. In the two samples seen my me there was one nugget of about two dwt. and several fine pieces of gold, some about the size of small peas and some a little smaller. The abovenamed men have made application to register certain ground to enable them to claim an award in the event of sufficient quantities of gold being found in the future."

"The ground which they wish to register is situated to the east of the town of Lydenburg, between two breaks in the Drakensberg, to the east reckoned from here, i.e. from the two said ridges..."

The first find had actually been made at Hendriksdal, south of where Sabie is today. It was followed by a richer strike on the slopes of Spitzkop where the Malieveld Mine was established in the later years.

Jansen, the landdrost, visited the district and was left in no doubt that this was the real thing. "...I found that the results greatly exceeded those given by me in my report of February 5, 1873", he said. "With four mine natives after five days work I found myself in possession of between three and four ounces of pure alluvial gold containing some beautiful nuggets. Several people are already working there and not one has returned home empty-handed.

"... As a large crowd of people can be expected at any moment from Natal and elsewhere I think it advisable that the Government should take action of some sort ..."

He reported that Abel Erasmus, who a short time before had acquired the farm Graskop, was there and had sold three-and-a-half ounces of gold to J N R James for £8. Thus Abel Erasmus comes into the news as a digger. He was to become a famous character in the district.

The government, urging Jansen to send them frequent reports, watched the situation carefully and finally, when there was no doubt whatsoever that this was a gold field, proclaimed the diggings on May 14, 1873.

The geography of the officials in Pretoria was somewhat vague. There were no names on their maps beyond Lydenburg and Ohrigstad, so that the proclamation was worded thus:

"Whereas the Government of the South African Republic has received satisfactory evidence of the existence of payable gold fields in the area of Ohrigstad River, district Lydenburg, now therefore, I, Thomas Francois Burgers, President of the South African Republic, with the advice and consent of the Executive Council, declare and proclaim the area, Ohrigstad River, district Lydenburg, to be open for gold diggings under the existing laws and regulations for this country ..."

The fact that the diggings were nowhere near the Ohrigstad River worried nobody in Pretoria. So the prospectors and diggers who immediately packed their swags and set out for Lydenburg got the shock of their lives when they reached the mountains and found the miniature Alps they had to climb up and down to get to the diggings. But it would have taken more than a mountain range or two to stop them. On they came, in such numbers that Jansen feared that, in the absence of any source of supplies, some of them might starve. Fortunately, there was game to be had for the shooting, and Natives supplied grain, cattle and goats.

In the meantime McLachlan, the pioneer, had acquired the farm Geelhoutboom further up on the plateau above his first strike. He prospected there and found gold in the river that run through the farm. This was an area richer even than Spitzkop. They found gold in every stream. More and more diggers began to arrive. The were heading for Spitzkop, but the new finds saved them half the journey. They unloaded their packs, camped beside the stream on Geelhoutboom and pegged their claims. And almost without exception they found gold.

Among them were men from Australia and America who knew how law and order ought to be maintained on proclaimed diggings. They found that they were in the wildest Africa without a register of claims, without officials to whom disputes could be referred, and without any amenities whatever. They turned on Jansen, the sole representative of the Government, and told him in the frankest terms what they thought of him and the South African Republic.

Poor Jansen! He must have missed his comfortable house in Lydenburg and the peaceful proceedings in his court there. However, he seems to have handled the situation well. He organised a diggers' committee to frame rules and regulations for the field, and appointed one Major W MacDonald, an American who looked like a character from a Bret Harte story, as Gold Commissioner with power to register claims, collect the necessary fees and settle disputes.

In a letter to the State Secretary he reported that MacDonald was the diggers' own choice for the position and added "... as this gentleman knew how to make himself popular among the diggers, could handle difficult situations and maintain his position it appeared politic to leave him in that appointment".

MacDonald, his salary £29.3s. 4d. a month, started his career with a flock of 250. It rapidly grew to over 1 000. He seems to have handled them with immense tact and yet managed to assert his authority. He deserves an honoured place in South Africa history as the first gold Commissioner and representative of law and order in a very "tough" community.

Jansen, who had difficulty in explaining to Pretoria what was happening, suggested that it would be a good idea if the President could visit the diggings. Burgers thought so too. He was worried about the effect that this gathering of "uitlanders" might have on the Republic, and so were the members of the Volksraad. It was what they had always feared would happen. There were a lot of Englishmen among the diggers, and where Englishmen settled the flag was apt to follow. They urged the President to go.

So in August, 1873, President Burgers set out for Lydenburg and then took the road that led to Spitszkop.

The diggers started off by being suspicious, but within two days they were all for Burgers. In the first place they found that he spoke excellent English (his wife was a Scotswoman), and that he seemed thoroughly sympathetic. Then he won their hearts with a neat bit of humour, the sort of joke they understood.

He visited MacDonald's camp, which was also his "office" and ran his eye over the list of claim holders.

"McDonald ... MacDonald ... two MacPhersons ... MacTavhish ... MacAndrew. Why, it's all macs", he said, "I am going to call the place Mac Mac".

And Mac Mac it has remained to this day. The diggers loved the name. He christened the area "New Caledonia Gold Field", and this title appeared in official documents. But no one ever called it anything but the "Mac Mac Diggings".

He confirmed MacDonald's appointment as Gold Commissioner, describing him to the Volksraad later as an American and "a good republican", promised funds to improve the road from Lydenburg and appointed Messrs Walter Compton, W Cameron and one Wainwright as members of a roads committee which was to be responsible for seeing that the track that ran to Lourenco Marques was turned into a wagon road.

On MacDonald's recommendation he appointed Thomas Searle, Tom McLachlan, Herbert Rhodes and Captain Dietrich, a former German officer, as Justices of the Peace. Herbert Rhodes was Cecil Rhodes's brother, though there seems not to have been much brotherly love between them.

Claim licence fees were fixed at 5s. a month. Burgers at first held out for 10s., but found that the feeling of the meeting was against him. A trading licence, it was agreed, should cost £9 a quarter, but it included the right to sell liquor.

The diggers found Burgers a most likeable person. Burgers on his part was impressed by the orderly way in which the camp was run, and relieved to find that it was so far away from the rest of the Transvaal that it might have been in another country. It was true that it was an English-speaking community but, as he saw it, was not remotely interested in anything but the hunt for gold.

☞

One of Burgers's first acts on his return to Pretoria was to arrange for the purchase of Abel Erasmus's farm "Graskop" for the sum of £1 000 (R2 000). He planned to lay out a township there which would be the "capital" of the diggings.

But before this plan came to fulfilment the diggings moved away. There was more gold over the hills.

**Part III:** The following newspaper summary gives a very positive portrait of Jansen:

"Extra to
The Transvaal,
Lydenburg, Sept. 27/1895.
**In Memoriam.**

Arnold Frederich Jansen
Landdros of Lydenburg
From 1866 to 1895
Born 1st April 1842
Dies 27th Sept. 1895.

He was taken on Wednesday last with a stroke of paralysis, and in spite of all efforts, he passed quietly away, surrounded by his family.

His life's career, in one long unbroken record of fidelity to the state before and after the British occupation. A man, who by his courteous ways, and pleasing manners, had won the respect and love of old and young, his actions and life were like his judgments, just, upright and fearless, ever promoting good, and condemning evil, and as a Mason, which, teaches The Divine Law of "Charity", he faithfully carried out that teaching, that men knew, not of letting not his right hand know what his left doeth; faithful to his duty, at his post daily, where it was often noticed, the agony he suffered; not asking for man's sympathy, but relying upon God's Grace, to give him strength to the bitter end.

He came to Lydenburg in 1860 and for a few years acted as schoolmaster, and in 1866 was elected Landdrost which he held until the British. occupation 1877, he then resigned, and was re-elected to the post in 1881, which he has held ever since. He married in 1865, Anna Maria, daughter of Jacob Jacobus Malan by whom he had 5 sons and a daughter, all of whom are alive today.

It is therefore with the deepest sympathy, we pen these lines in affectionate memory of the deceased, and to his heart-broken wife and fatherless children we tender our truest sympathy and condolement and may his spirit be guided . . . . . . ."

Sources:


1) The Malans of South Africa, 2nd edition, 1998
2) The Star, Johannesburg, 31 July 1961
3) The Star Library
4) Greater Johannesburg Library Services
5) Lydenburgse Eeufeesgedenkboek, 1951
6) Historical Monuments of S A, Cape Town : Rembrandt van Rijn - Foundation for Culture, J J Oberholzer, 1972.
7) Suid-Afrikaanse Pleknaam-woordeboek, P J Nienaber, 2de druk, 1972
8) A P Cartwright : Valley of Gold, 1973. Howard Timmins, Cape Town.


CONTINUE : HISTORIC SCHOOL - LYDENBURG

## HISTORIC SCHOOL



*1874: President Burgers (in top hat) and his party at the first school built in Lydenburg (1851). Landdrost A F Jansen (son-in-law of Jacob Jacobus Malan (1820-1917) is on extreme left. The photo was supplied to the Star, Johannesburg, who published the declaration of the school as a national monument on 31 July 1961. The original was returned to its owner B V Lombard, whom D.A.M. could not trace*

This simple thatched cottage at corner of Church and Kantoor Streets in Lydenburg is probably the oldest school in the Transvaal. It was declared a national monument in 1961.

This building was not used exclusively as a school. Before the first church was completed, services was held in it and it served to accommodate the Rev. Andrew Murray of Bloemfontein and J H Neethling when they visited the Tvl. Congregations on instructions of the Cape Synod in 1852. Indeed it must have been the centre of the social and cultural life of Lydenburg and the surrounding area, for when President T F Burgers visited the town in 1874 he was welcomed in this building.

A F Jansen (son-in-law) of Jacob Jacobus Malan (1820-1917) took over the school from Meester Poen, who was the first principal.

What is so fascinating about the visit of Pres. Burgers to Lydenburg, en route to the newly discovered gold strikes in that area, must be the party that accompanied him!

Apart from the officials, the President was well represented (obviously there was gold-fever in the air) and of course the royalty. From a document which D.A.M. received from The Star (unfortunately somewhat illegible), there were a Lady Anne Rogers, master Tony Armstrong-Jones aged 9 & a Mrs G Blake from Chelsea travelling together. Mention is also made of one Prince William, who left a book?

The Press & Camera Press included: Planet News; Daily Schetch; Commercial Press; Londen Express; Daily Herald; Cape Argus; Associated Press; UK10; Daily Mail; Natal Daily News.

Other individuals were : C C Oosthuizen; Mary Marais; Brian Basson; Mrs Hugh Bodley; Mrs C Kinghorn; J C Muller; Hillgard Muller and Eric Rosenthal (presumably the English writer who recorded historical events on South Africa in his book : "The Hinges Creak").



*This first school in Lydenburg (1851) was declared a national monument 110 years later.*
*Pres Burgers was welcomed in this building during his visit in 1874. First "Voortrekker School" where A F Jansen taught after his arrival from Holland. Photo : June Kennedy.*

☞

# BRIEF HISTORY - LYDENBURG

The Voortrekkers under Chief Commandant Andries Hendrik Potgieter, who established themselves at Andries Ohrigstad, were forced to abandon the settlement in 1848 due to the fever that took the lives of many. They were searching for a healthier place. On 20 September 1949, the "Raad der Representanten" (Representative Council) under chairmanship of Jacob de Clerq (later first magistrate of Lydenburg), assembled at Krugerspost and decided to establish a new town on the farm Waterval of Jacob Malan (Jacob Kaffer), Boschhoek of Anton J Fick and Enkeldoorn of Piet Schoeman. The name Leidenburg was given to the town, but during the same meeting of the Council, the name was reflected as Lydenburg.

Soon, however, it was discovered that the farm Boschhoek was not suitable due to the lack of water. The Assembly then resolved at its meeting of 22-30 January 1860 at Potchefstroom, to include the farm Rietspruit of Johannes J Coetzer instead.

There are various explanation as to how Lydenburg came to its name, but it is generally accepted that it is reminiscent of their suffering at Ohrigstad. Stuart confirms this in his book. Dr G Theal says: "There (Ohrigstad) they were smitten with fever and reduced to extreme distress. (They) found the village of Lydenburg which was so called from their recent suffering." The historian F Lion Cachet supports this view in his book "De Worstelstrijd der Transvalers", p.366 (meaning: The struggle of the Transvalers to survive)

Another historian, J H Malan, is not in agreement, but because it is accepted that he was speculating regarding the name, his opinion is not discussed here.



*Old Cemetery - Lydenburg : Graves of A J Jansen (1820-1917), left and that of his wife : Anna Maria Jansen (neé Malan), born 8.5.1844 - died 15.10.1925. Photo : June Kennedy*



*Lydenburg. Dr Wangeman : Ein Reise - jaar in Süd-Afrika. (ca.1883)*
*(Oberholster, J J Historical monuments of South Africa, Cape Town : Rembrandt van Rijn Foundation for Culture, 1972)*




*Photo by June Kennedy during her visit to Lydenburg ca.1997. Situated ±½ way between Lydenburg and Dullstroom*

## MALAN SAAMTREK IN TRANSVAAL

**'n Saamtrek word vir die naweek van 9 en 10 Oktober 1999 in die Warmbad omgewing beplan. Dit sal die eerste saamtrek in Transvaal sedert die uiters suksesvolle saamtrek van 1992 by die Willem Prinsloo-museum wees. Merk nou al die datums in u dagboek!!!**

# GAAN MALANS PLASIE KOOP IN FRANKRYK?

Redaksie wonder hoeveel Malans nie al aan hierdie vooruitsig gedink het nie. Na alles kom ons voorouers mos uit Frankryk!

Tydens 'n Malan-toer in 1991 na die bakermat van die Malans in Noordwes-Italië en Próvence, was daar baie maal hieroor bespiegel. "Dit sou nie sleg gewees het", was daar gesê as die Malans 'n plasie in die omgewing van Mérindol sou koop nie : Maar St Martin de la Bresque waar ons stamvader Jacques Malan (1665-1742) gewoon het, sou nog beter gewees het, was daar geredeneer!

Maar 45 jaar gelede het mnr P A Malan, voorsitter van die direksie van die Nasionale Pers en gewese burgemeester van Worcester gesê dat alle Malans in SA 'n bydrae hiertoe moes maak. Hy't gesê dat die Malans van wie in 1948 1 540 as kiesers geregistreer was (ons is nou baie meer) tot een of ander ooreenkoms kan raak : Dat sodanige eiendom in Mérindol aangekoop word wat as waardige aanloopplek vir Suid-Afrikaners, en in besonder Malans kan dien wanneer hulle in Europa reis.

Die gedagte klink nou in 1999 glad nie onrealisties nie. Malans het beslis genoeg kundigheid om so 'n "kommune" met sukses te kan bestuur. Twee vrae hinder egter nog steeds, naamlik waar die geld vandaan gaan kom en tweedens wie die "moeilike familie" gaan beheer?


Daar is darem een troos en dit is dat 'n groepe Malans weer in 2000 'n toer daarheen gaan aanpak. Wie weet, dalk het die rand dan al so verstewig dat ons 'n deposito kan maak : sê wie?

# LELIENFONTEIN : MEEBOS-MAKERY

*[RED]: Francois Malan van Robertson het hierdie uiters interessante bydrae en gepaardgaande geskiedkundige foto ingestuur. Die foto is ongeveer 1915 deur James Gribble en Co van die Paarl geneem. Volgens Francois is daar 'n pragtige versameling van die ou foto's by die Gribble Museum, Paarl, te besigtig.* ***Hy sê dat hierdie bydrae voorafgegaan word deur die vermelding van die voorgeslagte .....***

- Stamvader : Jacques Malan, boer Morgenster, Hottentots-Holland
- 2de geslag : David Malan, boer Cuipers Craal en 1775 De Fortuijn.
- 3de geslag : Jacobus Johannes, boer Palmiet Valleij 1710 (naas Knolle Valleij) Klein-Drakenstein reeds afgemeet in 1690 en Knolle Valleij (grondbrief 1712) twee jaar later.
- 4de geslag : Jacobus Francois, boer De Groene Fontein, Bovlei, Wagenmakersvalleij.
- 5de geslag : Jacobus Johannes, boer Lelienfontein, gedeelte van De Groene Fonteijn. Hy staan bekend as Rooi Kootjie.
- 6de geslag : Jacobus Johannes, boer Lelienfontein met bynaam Lang Kootjie, dit vanweë sy lengte. Hy het slegs twee dogters gehad. In nuusbrief Winter/Lente 1993 p.7 verskyn daar 'n berig en prag foto van Lang Kootjie en sy vrou, Sophie Elizabeth Brink.
- 7de geslag : Sophia Elizabeth Malan (1864-1893) x Petrus Wilhelmus Bosman en haar suster Isabella Brink Malan 1866 x 1890 met Petrus Wilhelmus Bosman, boer Lelienfontein.

*Uit voorgenoemde kan gesien word dat die plaas Lelienfontein dus oorgegaan het na die Bosman-familie. Op die foto is daar sewe lede van die Bosman-familie en slegs twee Malans. Dit toon die waterskeiding duidelik aan.*



***Vlnr: Anna Bosman; Isabella Brink Malan (1866 : b6c3d9e1f5g5); Lilly Bosman; Daisy Bosman; Jacobus Johannes (Lang Kootjie) Malan (1832 : b6c3d1e1f5); Koos Bosman (later mediese dokter); Jan Bosman, boer later op Lelienfontein; Petrus W J Bosman (x1893 Isabella Brink Malan *1866), boer Lelienfontein***

☞

Soos u sal aflei is die halfsusters en halfbroers op die foto die kinders van die twee Malan susters. Sophia Elizabeth en Isabella Brink Malan:

Nou die meebos-makery wat inderdaad pragtig op die foto uitgebeeld word. *([RED]: Selfs die plaashond blyk uit sy rustige voorkoms tevrede te wees met die aktiwiteite.)* Die maak van tradisionele meebos was 'n fyn kuns en het onder streng kennersoë geskied.

Vier appelkose wat lank in die soutwater gelê het word gevorm tot een ronde 'koekie' wat met die hand blink gevryf word: Let op die suikerwaterbekkies op foto, waarin die vingers nou en dan gedoop word om blinkvryf te vergemaklik. Die voltooide koekies word dan geherswael in digte swaelholde.

Die maak van meebos was 'n tradisionele familieonderneming op verskeie plase. Gedurende die dag was daar onder 'n afdak gewerk en saans binnenshuis by lanternlig. Arbeiders was nie toegelaat om meeboskoekies te maak nie. Met die kommersialisering daarvan op grootskaal vir die S.A.D., is daar egter toenemend van bruin-arbeid gebruik gemaak.

## MALAN TOUR 2000

A tour of Malans from South Africa to the three main areas of Waldensian interest in Europe will take place from 5-20 August 2000.

The Luberon area in Provence, including Mérindol, birth place of the progenitors of the Swiss, English and Dutch branches of the family and St Martin, from where the first South African Malan came, will be visited.

A visit will also be paid to the Waldensian museum in Ötisheim-Schönenberg in Germany.

The International Malan Reunion 2000 will of course be included in the tour.

Although the tour is intended for South African Malans, any other Malans who are descended from the French branch of the family, or who just is interested, is welcome to join us.

To get your name on the list, please contact Hercules Malan P O Box 11766 Bendor Park Pietersburg 0699 South Africa. E-mail roeline@global.co.za.

Closing date : 31 January 2000.

### TOERBEPLANNING

Alle Malans wat aan die Malantoer 2000, wat die Internasionale Malan Reünie 2000 sal insluit, wil deelneem, word hartlik uitgenooi om insette te lewer vir die dag tot dag beplanning van die toer. Kontak Hercules Malan by die adres soos elders aangegee.

# Malan Reunion

**Preparations are under way for the International Malan Reunion 2000.**

The date for this occasion has been set for 10 - 13 August 2000.

A 6 hour hike over the Cottian Alps will take place on Thursday,10 August. This will cover most of the route that must have been taken by the first Malans when they moved from the Queyras Valley to La Tour in the Fourteenth Century.

Malans not taking part in the hike will meet the hikers in the evening.

The official opening of the Reunion will take place at 18:00 in Torre Pellice (La Tour). Malans from all over the world will be introduced to each other and afterwards we shall all have dinner together.

Friday, 11 August, will start with a tour of the Waldensian museum in Torre Pellice during the morning and a visit to the villages of San Germano (St Jean) and San Martino (St Martin) in the afternoon.

The Malans will again all meet at 18:00. A brief history of the Malan family will be given and we shall have dinner together.

Saturday, 12 August, will be spent exploring the Angrogna Valley where so many important events in the Malan history took place. The village of Malano and the Malan School will be visited as well as the historic Waldensian Theological College and Waldensian Church at Pra del Torno.

During the Official Closing in the evening representatives from different countries will give a brief history of the Malan family in their countries.

Waldensian and other religious services will be arranged from Sunday, 13 August. All Malans should again be on their way by mid morning.

The official languages of the Reunion will be English and Italian during the evening meetings, but another language may be added if necessary. During visits to different sites the Malans will break up in smaller groups and there other languages spoken by the different Malans eg. Afrikaans, Dutch and French will also be used.

The closing date for Malans to join the Reunion is 29 February 2000.

The following Coordinators have been appointed for the Reunion. Please contact the coordinator in your area directly for more information:

**South Africa:** Hercules Malan P O Box 11766 Bendor Park Pietersburg 0699. roeline@global.co.za.

**Australia:** André Malan 34 Massey St Rossmoyne Western Australia 6148. anton@iinet.com.au.

**Great Britain:** Francis Malan 29 Doveston Rd Sale Manchester M33 6LE fran@malan.demon.co.uk.

**The Netherlands:** Jan Malan Molenstraat 37, 4311 EB Bruinisse. Fax 0111 48323294.

**USA (Utah):** Ronald Malan 99 South Sage Drive Orem UT 84097. ron_malan@byu.edu.
Heidi Willcox (travel agent) 1944 West Hill Kaysville UT 84037. twm@davis.uswest.net.
Fax (801) 546-1364
**USA (Midwest):**
Dan Malan
Danmalan@aol.com.

**Please contact one of the coordinators as soon as possible if you are interested in attending the Reunion as we would like to have an idea of the number of Malans who will be attending. No deposit will be asked for at this stage.**

## BIOGRAFIESE WOORDEBOEK VAN SUID-AFRIKAANSE MALANS (BSAM) (VERVOLG VAN P13)

Daniel Jacobus Johannes (*9.5.1956 Frankfort)
Hercules Philippus (*15.6.1928 Delareyville)
Jacob Daniel (*15.7.1919 Darling)
Willem Abram (*11.3.1963 Potchefstroom)
Willem Morkel (*26.9.1935 Bellville)

# REGSTELLINGS
## (DAM 18 (Desember 1998)

Wat die artikel in die jongste DAM [jaargang 9 nr. 18, Desember 1998] oor begraafplase [pp 9 - 16] betref, het die drukkersduiwel redaksie deeglik onder hande geneem. Ons bied opreg verskoning aan vir enige misverstand of ongerief in dié verband. Hier volg die korreksies:

p.10, kolom2, par. 2, reël 9: *Wmvgraf *lees* *Wmv

p.12, kolom 1, par. genommer 10: *voeg in na 25.7.1830:* + Wtn 10.11.1909) het op *Klipvlei* geboer en met Anna Magdalena le Roux (*24.1.1832

p.12, middel van kolom 1; BURGERBERIG *lees* BURGERBERIG 19.4.1959. LET WEL: Hierdie kolom word bo-aan p.13 kolom 1 voortgesit en kolom drie word op p.13 kolom 1, par. 6 met die opskrif **Die Bovlei-begraafplaas** voortgesit

p.13, kolom 3, par. 3, reël 7: Johan de Wet *lees* Johan de Wit

p.14, kolom 2, par. 3, reël 1: *Na* 1912 volg *voeg by* twee Malans. Die eerste was

p.14, kolom 2, par. 3, reël 7: *skuif* wat met Barend Gerhardus du Plessis getrou het. *na die einde van die paragraaf.*

p.14, kolom 2: *tussen paragrawe 3 en 4 voeg die volgende paragraaf in:* In 1912 volg **Margaretha Johanna (*21.3.1853 (W) = 1.5.1853 (W) + 9.8.1912** (W) die ongetroude dogter van Jannie Grootgeld (Jan Hendrik b6c3d9e6: *Wmv 6.2.1815 + Wtn 18.12.1887) en Lenie (Magdalena Johanna [gebore Malan] (b6c410d8: *Wmv 21.8.1820 = Prl 20.9.1820 + Wtn 18.3.1884) *(kyk hierbo).*

p.14, kolom 2, laaste paragraaf, reëls 4-5: *skrap* in 1930 sterf

p.14, kolom 2, laaste paragraaf: reël 9 van onder: *na* in 1936 volg *voeg die volgende tussen* volg *en* Rachie *in:* Frans Malan (Francois Stephanus b6c4d12e5f3: *Wtn 28.10.1852 = Wtn 28.11.1852 = Wtn 8.5.1936) 'n boer van *Welbedacht* wat met

p.14, kolom 2, tweede laaste reël: Minni *lees* Minnie

p.15, kolom 2, reël 5: oupa *lees* haar oom

p.15, kolom 2: *tussen paragrawe 5 en 6 voeg die volgende in:* Die vierde was Pierre (Pieter Louis b6c3d9e5f3g8h2i2: *Wtn 10.11.1952 + Wtn 11.2.1973) die seun van Gawie (Gabriël Daniël *Wtn 3.5.1905 + Wtn 12.8.1973) en Dolla (Johanna Alida le Roux (*27.4.1908). Hy sterf in 'n motorongeluk op die pad tussen Paarl en Wellington.

p.15, laaste paragraaf, reël 10: *voeg* Hendrik het op *De Fortuin*, Blouvlei geboer, *na* gerus het; *in*

p.15, kolom 3, reël 23-24: Kriger (*Wtn 4.12.1987) *lees* Krige (*Wtn 4.12.1930) *en voeg direk daarna en voor* wat eentyd *die volgende in*: ; in dieselfde jaar volg Thys (Matthys Jacob b6c3d9e6f4g9h1: *Wtn 17.3.1923 = Wtn 6.5.1923 + Wtn 7.4.1987)

p.15, kolom 3, reël 27: 191 *lees* 1991

**Bondslid F S Malan** (nr 5) van Winklespruit het redaksie versoek om na aanleiding van die berig oor *Die Openbaring van Kerkhowe*, DAM 18 (1998) pp 14 & 15 'n paar regstellings te doen. Hy sê dat dit gelukkig nie 'n "regstellende aksie" is nie! Die korreksies is as volg:

p.14, kolom 3, reëls 4 en 3 van onder : vervang vermoedelik met vakansie was met gewoon het.

p.15, kolom 1, reëls 16-17: Vervang Eintlik het hy kinderloos gesterf aangesien sy enigste kind met Sy enigste dogter. **Opmerking**: Daar is ook 'n seun gebore, nl. Francois Stephanus Malan nr 5 hierbo!

p.15, kolom 1(aanvulling) kolom 1, par. 1, reël 23: Ria se verloofde was dr Hilgard Muller, eertydse Minister van Buitelandse Sake.

**Redaksie was per brief met FS 5 in verbinding om verskoning aan te bied. Ons vra weer eens verskoning vir enige ongerief wat dié oorsig mag veroorsaak het!**

**[RED]**

# STORIES UIT OOS-AFRIKA

[RED]: Tant Martha de Beer, Pretoria, dogter van wyle genl. Wynand Charl Malan (b6c3d6e7f8g1), het hierdie baie interessante, dog hartseer stories ingestuur. Baie dankie Tante vir u volgehoue belangstelling en ondersteuning aan die Bond. Sy vertel:

1. Daniël Johannes Malan (b6c3d6e7f8g5). Hy was die 5de seun van oupa Jacobus Johannes Malan (b6c3d6e7f8), en is op 17 Julie 1888 te Langlaagte gebore. Hy is saam met oupa en die familie na Duits Oos-Afrika (Tanganjika, Oos-Afrika).

Om bietjie kontant in die hande te kry, het die trekkers transport van die naaste dorpe Arusha en Moshi na die hawe gery: van hier verbruikers-goedere vir die winkels op die dorpe gelaai.

Op een van die reise het die transportryers een of ander spel met bottels gespeel. 'n Bottel het gebreek en Danie se polsaar afgesny. Die bloed is op 'n manier gestop en kon hulle huistoe gaan.

Ongeveer 'n maand later het hy en sy broers om die tafel gespeel en het die wond weer oopgegaan. Niks wat hulle gedoen het, kon die bloeding stop nie en is hy op 23 Februarie 1911 aan bloedverlies oorlede. Sy graf was die eerste op die plaas Gouwsblom in Ngare Nanjuki.

[RED]: As ek reg onthou is die bottelspel baie gevaarlik. 'n Deelnemer neem twee bottels, een as 'n stut in die palm van die linker- of regterhand onder sy lyf (ongeveer by die kortrib). Met albei sy voete op 'n streep op die grond, moet die deelnemer die tweede bottel so ver as moontlik voor hom plaas ('n strekaksie). Dit verg geweldig baie krag veral in die stutarm en natuurlik goeie balans, want jy is naderhand op die punte van jou tone om maksimale afstand te kry.

Die moeilikste is egter om weer op jou hurke en daarna regop te kom, sonder om jou vry hand as stut te gebruik. Dis hier waar die stutarm en balans belangrik is om jou terug te bring. As jy te ver gestrek het, is dit onmoontlik om sonder die hulp van jou vry arm weer regop te kom, wat jou natuurlik diskwalifiseer!

Gevaar lê daarin dat die bottel in jou stuthand kan breek onder die deelnemer se gewig met amperse noodlottige gevolge. Na mening is dit wat met Danie gebeur het!

2. Genl. Wynand Charl Malan (b6c3d6e7f8g1). In 1913 was Wynand besig om die lande te ploeg toe hy deur 'n pofadder in die enkel gebyt is.

Hy't die ploeëry gestaak met opdrag aan die arbeiders om die osse uit te span en huistoe te neem. Hierna stap hy self huistoe wat gelukkig nie te ver was nie.

By die huis aangekom het sy vrou, tant Lizzy, dadelik kookwater-kompresse op die wond geplaas en 'n briefie aan hul buurman Piet Nuwenhuizen gestuur.

Met sy aankoms het oom Piet dadelik 'n paar snytjies oor die bytplek gesny en masabiba daarin gekerf. Masabiba was 'n poeier wat die inboorlinge in S.A. van een of ander boombas gemaak het.

Na 'n ruk het daar sulke geel vloeistof uit die wond gekom: Dit was waarskynlik gestolde bloed en die slanggif. Deur die genade het die generaal dit oorleef!

[RED]: Gedagtig aan die feit dat generaal Wynand Malan meer as een keer tydens die Anglo-Boereoorlog deur vyandelike koeëls verwond is, was hy beslis 'n taai man. Sy fisieke vermoëns herinner sterk aan dié van ons stamvader, Jacques Malan 1665-1742], wat seer sekerlik baie ontberings moes verduur om as 'n gesonde jongman in 1688 hier voet aan wal te sit.




# DIE MALAN-FAMILIEBOND: 10 JAAR OUD!

Dis bemoedigend om te weet dat daar onder die Hugenote-nasate soveel belangstelling in die onderskeie families se bedrywighede uit die hede, verlede en toekoms bestaan, dat verskeie Hugenote-familiebonde reeds tot stand gekom het. Die Malans het inderdaad lank reeds so 'n behoefte aangevoel maar 'n persoon met die nodige geesdrif, tyd en energie was nie beskikbaar nie. Nadat Hercules Malan sy register van *Die Malans in Suid-Afrika* voltooi en later in 1988 gepubliseer het, het hy die inisiatief geneem om 'n aantal Malans uit te nooi om die wenslikheid en moontlikhede van die skepping van 'n kommunikasiekanaal vir die Malans in Suid-Afrika te bespreek. Daar is gevoel dat die kontak wat met die samestelling van die register op die Malans van Suid-Afrika gemaak is, nie verbreek behoort te word nie en dat die voortsetting daarvan deur middel van 'n familiebond kan geskied.

Op Hercules se uitnodiging het 'n aantal Malans reageer en op 24 Augustus 1987 is tentatief op die stigting van die Malan-familiebond (The Malan Family Association) in die Majestic-hotel, Krugersdorp besluit. Die amptelike stigting sou oorstaan tot die fees Hugenote-300 van April 1988 in Franschhoek om saam te val met die 300-jarige herdenking van die aankoms van die eerste Hugenote in die land.

Tydens die byeenkoms wat daarop in Stellenbosch gehou is en waar tot die amptelike stigting van die Malan-familiebond oorgegaan is, is besluit om die Bond amptelik van stapel te stuur. Die persone wat tydens die byeenkoms afwesig was, het feitlik almal ingeskrewe lede van die Bond geword. Tydens hierdie byeenkoms is reeds voorsien dat 'n nuusbrief noodsaaklik sal wees om die nodige kontak en samewerking van en tussen Malans te bewerkstellig en dat die familiebond inligting (genealogies, sosiaal, polities en geskiedkundig) oor die Malans sal versamel en navorsing oor die Malans in Suid-Afrika sal aanmoedig. Die vergadering het toe reeds besluit dat allerlei publikasies veral familiegeskiedenisse aandag sal geniet en dat nasionale en streeksametrekkinge gereël sal word.

Daarop is 'n klein bestuur gekies, is 'n struktuur vir die Bond ingestel en is 'n voorsitter, twee addisionele bestuurslede, drie streekverteenwoordigers, twee amptelike genealoë, 'n amptelike biograaf en 'n redakteur vir 'n voorgenome jaarblad benoem.

Hoewel die Bond nooit 'n amptelike grondwet opgestel het nie, is mettertyd bepaal dat die missie, doelstellings en die lidmaatskap van die Bond waarop in breë trekke ooreengekom is, soos volg bewoord word:

**Missie:** Die ***bevestiging van Malan-eenheid*** in die Republiek van Suid-Afrika.

**Doelstellings:**
- Die bewusmaking van 'n ***familie-eenheid*** by betrokkenes
- Die bevordering van
  - ***familietrots***
  - kerngesonde ***familiekameraadskap***
  - onderlinge ***hulpvaardigheid***
  - ***familieskakeling***
  - genealogiese ***navorsing*** oor familiebande
  - versameling en bewaring van ***argivale dokumente***
  - die reëling van ***reünies, sametrekke, sosiale byeenkomste***, ens.
  - instandhouding en uitbouing van 'n ***NUUSBRIEF*** *(gratis aan lede)*
  - die beskikbaarmaking van ***publikasies*** van en oor Malans en hul verwante
  - die publikasie en ***bekendstelling van navorsingsresultate***
  - die instandhouding, uitbouing en instelling van ***studiebeurse***
  - ***skakeling*** met bevriende binne- en buitelandse persone en organisasies

**Lidmaatskap:**
- Enige Malan en Malan-afstammeling (*di* nasate van Malan-vrouens) en kultuurorganisasies

Vanselfsprekend het 'n organisasie fondse nodig vir die uitvoering van planne. Gevolglik het die Malan-bond 'n geringe jaargeld van R30 vir indiwidue vasgestel. Vandag het die bedrag tot R60 vir indiwidue, R80 vir gesinslidmaatskap met R10 ekstra vir iedere ingeskrewe kind gestyg.

Soos met talle goeie voornemens gaan, het sommige wat met betrekking tot die Malan-bond geneem is, met die loop van jare verlore geraak. So sou reeds in 1987 'n wapen vir die Bond registreer word. Die hoop is nog nie laat vaar dat hieraan uitvoering gegee sal kan word nie. Indien borge vir so 'n opdrag gevind kan word, sal onverwyld daarmee voortgegaan word. Nogtans is daar inderdaad aan heelwat van die vroeë besluite reeds uitvoering gegee. Die belangrikste hiervan is die volgende:

* 'n Besondere aktiwiteit en inderdaad die grootste van die Bond is die uitgee van 'n *Nuusbrief.* Hiermee is in Oktober 1987 'n aanvang geneem. Hercules Malan het die voortou geneem en een rekenaar-verwerkte nuusbrief vir daardie jaar laat verskyn en in 1990 vier laat volg. Daarna het die nuusbrief 'n deeglike gedrukte vorm aangeneem met J C Malan van Port Elizabeth as die eerste redakteur. Hierdie eerste nommer het in die Somer van 1990/91 verskyn. Dit het uit 'n enkel vel op albei kante gedruk bestaan, maar het reeds die nukleus uitgemaak van die latere ses maandelikse nuusbrief tans bestaande uit ongeveer 40 bladsye elk met talle foto's en ander illustratiewe materiaal. Die A4-formaat van die eerste nommer is tot vandag toe behou.

  In 1994 is die titel van die Nuusbrief gepas na die leuse van die Malans *Deus Arx Mea* verander en het die eerste nommer wat onder hierdie titel verskyn het uit 32 bladsye bestaan en nie minder nie as 44 illustrasies bevat.

  *Deus Arx Mea* is ongetwyfeld die mees ambisieuse Hugenote-familieblad in die land en dien inderdaad as 'n uitstekende kommunikasiemiddel, nie alleen tussen lede nie, maar ook met Malans in baie ander lande. Onder sy 161 lede aan wie eksemplare van die blad versprei word, tel 25 buitelanders onder andere uit lande soos Frankryk, Australië, Engeland, die VSA, Nieu-Seeland, Brasilië, Italië en Rusland.

  Eksemplare van die nuusbrief kan in die Hugenote-museum, Franschhoek en in die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad besigtig word.

* Gedurende 1991 het 'n groep bondslede onder die leiding van Hercules Malan die bakermat van die Malans in Noord-Wes Italië en Provence besoek en 'n besoek aan Frankryk tydens die saamtrek van Malans van oor die wêreld wat vir Augustus 2000 in Torre Pellice, Italië beplan word, is reeds in wording.

* Die Bond het reeds 9 baie suksesvolle saamtrekke van Malans in verskillende dele van die land organiseer. Die interessantste hiervan was die een wat op 2 Oktober 1993 op Stellenbosch gehou is. Tydens hierdie saamtrek is 'n bronsplaat by die ingang van die moeder NG Kerk, Stellenbosch, aangebring ter gedagtenis aan Jacques Malan en sy vrou, Isabeau le Long, die stamouers van alle Suid-Afrikaanse Malans, wat in graf nommer 8 binne in die ou kerk begrawe lê.

* Uit die pen van verskeie Malans het oor die jare interessante publikasies oor Malans verskyn.
  - Jacques Malan was in 1951 verantwoordelik vir die samestelling van die bekende *Malan-gedenkboek* en in 1995 het die Bond 'n Engelse vertaling daarvan beskikbaar gestel.
  - In 1971 het Jacques Malan 'n *Familie-album en geslagsregister van Daniël Malan (1799-1881) vah Brandbach, Transvaal* die lig laat sien.
  - Hercules Malan stel in 1985 20 eksemplare van 'n *Familiegeskiedenis van Hercules Morkel Malan* beskikbaar.
  - In 1993 verskyn Fanie Malan se *Die Vondeling-Malans* wat 'n oorsig van 'n Malan-familieplaas en 'n geslagregister van die eienaars daarvan is.
  - In 1993 gee George Malan van Jeffreysbaai *Warm harte* uit waarin hy die lewensverhaal van [minister] Charlie en Christine Malan verhaal.
  - So het die Bond self in 1994 *Profiel van 'n Hugenote-stamvader* uitgegee. Dit bevat 'n oorsig van al die bekende feite oor die stamvader, Jacques Malan, en sy familie.
  - Verskeie ander biografieë oor bekende Malans soos dié oor D F Malan, F S Malan en andere het reeds verskyn.

- *Die Groenbergskool; die Malan-verbintenis* is in 1997 deur die Malan-bond uitgegee. Dit bevat die geskiedenis van hierdie plaasskooltjie in die Wellington-distrik waaraan soveel Malans as onderwysers, skoliere en raadslede verbonde was gedurende die 100-jarige bestaan daarvan.
- Die grootste bydrae tot 'n kennis van die Malans van Suid-Afrika is vervat in die register van Hercules Malan, naamlik *Die Malans van Suid-Afrika*, wat hy in 1988 uitgegee het en waarvan in 1998 'n algeheel hersiene tweede druk in twee bande verskyn het. Terwyl in 1988 die name van sowat 5300 Malans in die register opgeneem is, het dit met die tweede druk tot 9826 vermeerder en het die volgehoue navorsing tot datum reeds die name van mêer as 10 000 Malans aan die lig gebring. Benewens die genealogiese register, bevat die werk 'n breedvoerige inleiding tot die herkoms van die Malans en hulle geskiedenis veral in Suid-Afrika.

*(Publikasies oor Malans is in die meeste gevalle nog beskikbaar. Navraag hieroor kan by die voorsitter van die Malan-bond gedoen word.)*

* Die samestelling van 'n *Biografiese Woordeboek van Suid-Afrikaanse Malans* het reeds goed gevorder. Die publikasie van die eerste druk sal hopelik vroeg in die nuwe millennium beskikbaar kom.
* Wynand Malan van Barberton is druk besig met die uittog van Malans en ander Afrikaner-families na Kenia na die beëindiging van vyandelikhede in 1902.
* Die Bond is ook besig om 'n *fototeek* van Malans op te bou. Ons beskik reeds oor 'n baie groot aantal foto's van indiwidue en groepe wat ons tans besig is om vir berging in 'n uniforme formaat te verwerk. Met die register daarop vorder dit ook goed.
* Skakeling met Malans van oor die hele wêreld, selfs so ver as Rusland.
* Met die 100-jarige herdenking van die begin van die Tweede Vryheidsoorlog word daar druk gewerk aan die deelname van Malans aan hierdie stryd hetsy op die gevegsfront of in konsentrasiekampe. Ook hiermee is reeds goed gevorder. Die Desember-uitgawe van ***Deus Arx Mea*** sal ten volle hieraan gewy word. In Oktober 1999 sal daar 'n saamtrek van Malans in die Transvaal gehou word om saam te val met die herdenking van die begin van die Tweede Vryheidsoorlog.
* Op 30 Junie 1996 het die voorsitter 'n saamtrek van Malans in Ogden, Utah namens die Bond bygewoon en langs daardie weg deeglik kontak tussen die Malans van die RSA en die VSA bewerkstellig.
* 'n Eerste vir 'n Suid-Afrikaanse familiebond is die plasing van die Malan-bond op internet. Hulle roepsein is http://iinet.net.au/~anton

Die Malan-familiebond is geëerd om mev Tini Vorster (gebore Malan), die eggenote van mnr John Vorster, eertydse eerste minister en staatspresident van die RSA, as beskermvrou te gehad het en om onder die troue sorg van mnr Frans Malan van *Simonsig* as mev Vorster se opvolger te kan funksioneer.

Inmiddels het die Malan-bond in alle opsigte gegroei. Trouens, daar is al beweer dat die Malan-bond die bedrywigste Hugenote-familiebond in Suid-Afrika is. Die volgende 10 jaar is van kardinale belang om die familiebond vir die Malans en hul nasate te verseker. 'n Woord van opregte dank aan elkeen wat oor die jare heen bygedra het tot die instandhouding en uitbreiding van die Bond. Voorspoed toegewens!

Die Malan-familiebond is trots op sy talle bedrywighede en glo dat hy 'n belangrike rol vertolk in die uitbouing van familietrots en die hooghou van die Hugenote-tradisie. Hy glo inderdaad in sy leuse ***Deus Arx Mea***.



# Gemeinde Malans

* Community/Municipality/Town/Village

[ED]: Earlier this year Dr Gerard Malan of Pretoria, mailed two coloured postcards to me of a small village named Malans in the Swiss Canton of Graübunden. He said that he had obtained it in Malans during his second visit there in 1998.

Gerard tasted their wine, which he said was not as good as when he first went there. He spoke to the Mayor Martin Liesch, an engineer by profession. He was told by Liesch, that there were no Malans as such, but explained that the name of the village dates back to the Etruscan period. [History has it that the Etruscans conquered Rome about 600BC, and ruled it for a century or so. They were finally driven out by the Romans and moved north. In 218BC they occupied land in the present day Piedmont in North West Italy].

I was very exited and I thought I had a Malan-scoop! I therefor phoned Gerard Malan to enquire whether he had any written information on the town of Malans. His answer was affirmative, and sometime later I received a very well documented brochure from which this article was produced. I must say that during our conversation, we got carried away about the possibility of Malans being named after a Malan?

When I consulted an atlas, I found another town called Malan in Sweden. This made me think that perhaps we don't really know the history of the Malan family, and that it would probably be appropriate to share a "fairy-tale" with you. After all, it is a much needed requisite in this stressful day and age that we live in.

The Coat of Arms (Wappen) of Malans, is in blue with a golden M and golden cross.

Lastly, a word of thanks and appreciation to my friend, Gerard Fritz (ex Austrian), who undertook the translation of the appropriate sections of the brochures i.e. German to English.

We are now standing in front of Schloss Bodmar, where our tour begins - Gute Fahrt!



*Weinbaudorf Malans mit dem Calanda (Wynboudorp Malans met die bergspits Calanda in die agtergrond). Dit vorm deel van die Malanser Alpe en is 'n groot toeriste attraksie.*

"Malans is situated in the area ruled by the Bundner and includes areas previously ruled by Maienfeld i.e. the villages Malans, Jenins and Fläsch, it also includes Maienfeld which was then the seat of local government of all villages named above.

Art historian Poeschel describes Malans as the most imposing village of the North Bundner area. The old patrizier houses, as well as the old castles and manor houses of previous rulers indicates that interesting developments took place there.

Excavations at Ruchenberg indicate human habitation during the late bronze age as early as 1200 B.C.

The first written records of Malans dates back to 966 A D reflecting a donation of various pieces of land by emperor Otto I, inclusive of vineyards situated in Malans to bishop Von Chur.

During the middle ages the lords of Maienfeld ruled all four mentioned villages, however these villages were divided into two and ruled by minor lords. Whilst Maienfeld - Fläsch was ruled by the great lords of Maienfeld, Malans-Jenins were ruled by minor lords who were empowered to preside as judges of the courts, collect taxes, appoint priests and office bearers and administer their area independently. They were, however not permitted to carry out death sentences, these had to be referred to the great lords at Maienfeld.

Both Malans and Jenins had their own courts of law. Various lords such as Von Aspermont and Klingenhorn are mentioned. However, in 1408 these two villages were in the hands of Heinrich von Sigberg who empowered Wilhelm von Sturfis to consolidate the two courts into one later situated at Malans.

Heinrich von Sigberg's son Werner had two daughters, their husbands Kaspar von Wels and Dietbolt von Schlandersberg reined jointly during period 1461 to 1477. This partnership, however ended in 1499 after Wels took over his inheritance in Voralberg. Schlandersberg continued to rule Malans-Jenins alone for several decades.

Subsequently, the Malanser were ruled by the great lords of Maienfeld and Malans-Jenins were administered by Lord von Brandis.

During the Schwaben War in 1499 the Von Brandis as was their tradition stood on the side of Austria. The defeat of Austria was ultimately catastrophic for Von Brandis since he was imprisoned, his castles Vaduz and Brandis were looted and burnt, apart from other losses.

After the war, Von Brandis had to spend huge amounts in court fees in order to retrieve his losses. In order to raise funds he was compelled eventually to sell part of Maienfeld, the buyer being emperor Maximilian. The sale was negotiated between 1504 and 1506. Von Brandis then instructed the government of Innsbruck to execute the sale. Experts valued the properties and land at 20 000 gulden. The transaction was, however challenged by the three unions (Swiss), who feared that the emperor may use the property for his own political gain i.e. become a threat to the neighbouring three unions.

This challenge resulted in a delay of 5 years. On 25 April 1510 the high court ruled that the sale must be finalised.

The balance of Maienfeld, inclusive of Malans-Jenins was then sold to the three unions for 10 000 gulden as recorded in the

Malanser copial book. During 1803 various areas were consolidated and annexed into canton Graubünden. From the beginning the authorities of Maienfeld and Malans supported, and were actively involved in facilitating this move.

Geographically Malans is situated at the entrance into the area of Prattigau - this was for hundreds of years a great financial advantage for Malans. Surrounding villages were low lying and often experienced flooding. For this reason the main through road between Germany and Italy was built along the hills via Maienfeld-Jenins-Malans-Klus-Marschuns-Igis-Chur. Because Malans was situated also at the only access road into Prattigau, it soon became the main commercial centre of the area. Their markets bought and sold all trade goods inclusive of fresh produce, life stock, grain products and especially their local wine.

During construction of the railway line between St Gallen and Chur the Malanser realised what deadly danger this railway constituted for their thriving markets and trade. They fought very hard to prevent the railway line from being built in their area without success. Consequently all their markets were permanently closed down during 1864.

In conclusion it should be mentioned how an outsider could become a citizen of Malans. This process was a difficult one, particularly since the Malanser considered themselves to be their own mini republic.

Only two possibilities existed namely: to buy votes from citizens, in itself a very expensive process. Alternatively to marry a Malanser woman. In this instance the local authority would only consider favourably provided the man brought a small fortune with him. The outsider could after one month apply for citizenship.

In the event of being unsuccessful, the local authority would strip the woman's citizenship since she married an outsider who does not qualify for citizenship.

During the 2nd World War, the military commander, Cpt. Christian Janggen initiated the building of a cable way to the top op die Malanser alps. The need for such a cable-way was to facilitate transport for the troops stationed on the border. A temporary lift was installed immediately and the cable-way was commissioned in autumn 1941.

For security reasons the cable-way was used only by the military. However, during September 1945, the cable-way was also opened to the public.

The cable-way was closed during 1973 due to its poor state of repair. It was even contemplated in 1981 to scrap the installation altogether.

During this period two organisations were established and mandated to save and recommission the cable-way.

Over good voluntary working hours, providing various skills without pay were contributed by the surrounding locals before the cable-way was recommissioned in July 1982.

Voluntary work has since been ongoing on a regular basis, who have also made certain improvements. This is done in order that locals and other people can continue to enjoy the beautiful views, the restaurants and the "gemütlichkeit".

Translators comments

This translation should not be considered an accurate and word by word translation although care has been taken to record events, people and places reasonably accurately.

It was also difficult to find the correct terminology for words like "herrschaft" ect. Furthermore, the translator is surprised that no map of the mentioned area is included in the booklet. This would have greatly contributed to a more accurate description of the area.

Innsbruck situated in the Austrian Tyrol is mentioned as the government at that time for Maienfeld, Malans-Jenins, consequently it must be assumed that Malans was Austrian until 1803.

The fact that the area may have been inhabitated as early as 1200 BC, is not unusual throughout Europe, it is also unlikely that the Malan(s) originated from that time.

What appears to be certain is that written records exist mentioning Malans as early as 966 A.D.

No record, however, exists mentioning that Malans was named after a ruler as was often the custom at that time. The booklet also does not mention where the name "Malan" originated. However, no matter where your roots are, Malans has history. The fact that it also produces good wine and considers itself as a mini republic makes me wonder whether your roots are not Malans!

**[Source:"Malans from the Bundner Dynasty" by Robert Donatsch]**

## Woman's Mission

"Tis thine to curb the passions
madd'ning sway,
And wipe the mourner's bitter
tears away:
'Tis thine to sooth when hope itself
has fled,
And cleer with angel smile the
sufferer's bed.
To give to earth its charm, to life
its zest.
One only task - to bless, and to be
blest".

**Dr D F Malan (Stellenbosch 1898)**

*[RED]: Hierdie was sy eerste romantiese gedig wat hy vir 'n bewonderaar gedig het. Bron: "This Man Malan", Eric Robins, Kaapstad, 1953, p 48*

# JAARGELDE

**Slegs sowat helfte van die bondslede het tot dusver hulle jaargelde betaal. Dit is belangrik dat ons die nodige fondse in om die aktiwiteite van die Bond aan die gang te hou. U word dus vriendelik versoek om u jaargelde so gou as moontlik te betaal.**

**Met dank vir u vriendelike aandag.**

**Voorsitter**



SÊ DIT MET LIEFDE

# DEUS ARX MEA

DIE NUUSBRIEF WORD OPGESTEL EN UITGEGEE DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE MALAN-FAMILIEBOND. HY WORD BYGESTAAN DEUR ANNABELLE ERASMUS WAT DIE TIK- EN REKENAARUITLEG BEHARTIG. DIE FINALE UITLEG EN DRUK WORD DEUR SOLAR SETTING GEDOEN.

## LIDMAATSKAP : HUGENOTE-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Lede word daaraan herinner dat hulle by bogenoemde vereniging aan te sluit. Gewone lede betaal R25.00 en 'n lewenslid (eenmalig : individu R200.00 en egpaarlid R300.00). Die adres is Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, Posbus 293, Franschhoek, 7690

## BONDSLEDE HET VERHUIS



Daaf en Lenie Malan voorheen van Port Shepstone, het na Newcastle in Natal verhuis. Hulle jongste adres is Posbus 7072, Newcastle, 2940.

Dennis Malan voorheen van Benoni, het na die Strand verhuis. Sy adres is: Die Palms, Nr 1 Kusweg, Strand, 7140.



*Dennis Malan*


## MALAN-EGPAAR AANGEVAL



Mnr Roelf Malan (73) en sy vrou, Len Malan (66), van Grootvlei naby Pretoria het op 4 April 1999 prooi geval van die soveelste plaas/kleinhoewe aanval in Suid-Afrika. Roelf is in die hospitaal oorlede en Len verkeer nog in 'n kritieke toestand. Hulle dogter, mev Louise van Heerden, die Malans se dogter, het tydens 'n vroeë besoek aan die huis onraad bemerk en haar seun Jacques gaan haal. Terug by hulle ouers se huis het hulle na binne gegaan waar hulle op die bebloede egpaar afgekom het. Die aanvaller het 'n rewolwer op Jacques gerig en die sneller getrek maar die vuurwapen het geweier om af te gaan. Die aanvaller het Jacques se moeder opdrag gegee om hom vas te bind en haar daarna self vas te bind waarna hy ontvlug het in 'n Toyota Venture. Albei van hulle het losgekom en hulp gekry. Die polisie soek na 'n huishulp wat slegs 'n week vantevore by die Malans aangestel is. Redaksie hou kontak met die Van Heerden-familie.

**Bron: Die Beeld, 5 April 1999**





## BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

*St Franciscus van Assisi het die volgende gesê:*

**Heer, maak my 'n instrument van u vrede,**
**Waar daar haat is, laat my liefde bring.**
**Waar daar leed is, laat my die gees van vergifnis bring.**
**Waar daar twyfel is, gee dat ek u geloof mag versprei.**
**Waar daar wanhoop is, help my om hoop te bring.**
**Waar daar duisternis is, ek die lig mag bring.**
**Waar daar droefheid is, ek vreugde mag skep.**
**Want dit is deur te gee dat ons ontvang;**
**dit is deur te vergewe dat ons vergewe word;**
**dit is deur te sterwe, dat ons tot die ewige lewe gebore word.**

Die jaar 1999 het reeds die halfpadmerk bereik en ons dank die Liewe Heer vir die genade wat Hy ons geskenk het om nog soveel voorregte te kan geniet.

Dit is met hartseer dat ons van die afsterwe van die volgende bondslede verneem het:

* Chris Burgers, eggenoot van Alma Burgers, Paarl
* Andreas David Malan van Augrabies (a1b6c4d9e4f6g1h9)
* Mev Liza Malan, Stellenbosch

'n Hele aantal van ons bondslede is steeds ongesteld en ons wens hulle baie seën en sterkte toe. Hulle is:

* Mev Tini Vorster, Strand
* Eullie van Heerden, Kaapstad
* Gabs Malan (eggenote van dr Jannie Malan), Pretoria
* Kintie Malan (eggenote van oom George Malan), Jeffreysbaai
* Jëan Malan en sy vrou, Mathilde, Stellenbosch
* Tant Ragie (Malan) Vos, Wellington
* Lalie (Malan) Broad, Somerset-Wes
* Jannie Malan, Jeffreysbaai
* Boetie Conradie (eggenoot van Lettie Conradie), Horison
* Frans Malan (ons beskermheer), Stellenbosch
* Genl Magnus Malan (hy het 'n hartomleiding gehad en het deur genade baie mooi herstel).

Die Voorsitter probeer so ver as moontlik kontak behou met ons bondslede, hetsy telefonies of per brief. Dit is egter belangrik dat nuus oor lief of leed deurgestuur word sodat daar dienooreenkomstig opgetree kan word. Die Voorsitter het dan ook onlangs besoek afgelê op Jeffreysbaai by Kintie en Oom George Malan, Jannie en Henriëtte Malan en Willie Malan.

Groete tot volgende keer.

# SPESIALE KENNISGEWING

## MALAN-TOER : 2000
## NOORDWES-ITALIË

U word verwys na bladsy 30 van Nuusbrief 19 van Junie 1999.

Weens die feit dat daar nie genoegsame akkommodasie in Augustus 2000 beskikbaar sal wees nie, word oorweeg om die toer te vervroeg na Junie 2000.

Mario Malan van Torre Pellice het laat weet dat hy in Junie genoegsame verblyf sal kan verskaf. U sal betyds verwittig word van die nuwe datums sodra daar met die buitelandse Malans geskakel is.

Met dank vir u aandag.

Beste Wense
Jac -

J C Malan